#52

**KAMPKOS** BRAAI SAAM MET KERSVADER

# Weg! Ry&Sleep

DESEMBER 2022-JANUARIE 2023 | UITGAWE 52

## Oranjerivier
Ry saam van oog tot mond

SA Bull Run 2022

## Malalane
Kom maak jou tuis op die Krugerwildtuin se voorstoep

WOONWATOETS
**Bushwakka se nuutste is gereed vir die grondpad!**

RY-INDRUK
**Jeep Gladiator Rubicon + Isuzu-vakansiebakkie vir 2**



## Vredefortkoepel
Kry jou maters by die krater

**NUWE KAMPGOED** AdventurePod XL en AGV Traveler | **TOERUSTING** Kersgeskenke vir die kampmalles | **NUWE RYGOED** Elektriese Lexus UX 300e en 'n hibriede Nissan X-Trail | **NUUS** Die plaaslike woonwabedryf bars behoorlik uit sy nate en verskeie kampplekke pomp!

**ROETES WAT ROEP** 3 BERGPASSE DEUR DIE OOS-KAAP

R100,00 (BTW ingesluit)
Namibië N$100,00


DIE NUWE 165 kW
HILUX
GR SPORT
TOYOTA
HILUX GR
Model Vertoon: Hilux 2.8 GD-6 4X4 GR-Sport 6AT
LEGENDARIESE TAAIHEID
Suid-Afrika se gunsteling bakkie is terug – nou met meer krag, meer wringkrag en selfs nog meer GRRR as voorheen.
Beleef 165 kW in 'n bakkie wat met die perfekte balans tussen legendariese veldry-taaiheid en die opwinding van Toyota Gazoo Racing pronk. Detail van die Dakar-veldtydren is in die herontwerpte voorste buffer, indrukwekkende swart sierrooster met Toyota in blokletters, 'n stileerbalk, intrieke rooi Gazoo-stikwerk en 17" allooi-sierwiele te sien.
Bespreek vandag nog 'n toetsrit by www.toyota.co.za
Onderworpe aan beskikbaarheid.

# Dankie!



Ek weet nie van jou nie, maar ek kan nie wag vir die komende feestyd nie. Vir die meeste van ons glo ek dit was 'n lang en moeilike jaar met verskeie uitdagings wat 'n mens se energievlakke geheel en al uitgeput en jou sin vir humor by tye tot die uiterste beproef het.

Maar die einde is in sig en die vooruitsig om vir 'n klompie dae asem te skep en tyd saam met jou familie en geliefdes deur te bring, sorg vir die nodige woema om die eindstreep te haal.

Ek is veral opgewonde om my hele familie almal weer op een plek bymekaar te kry. Ek is die enigste een van ons klomp wat in die Kaap bly; die res woon in die noorde van die land (met een boetie in KwaZulu-Natal); dus is daar nie gereeld kans dat ons almal saam kan kuier nie. Dit gebeur net op groot verjaardae en dan elke tweede Kersfees.

Vanjaar is dit weer die Jonkers se beurt en die familie se WhatsApp-groepie gons al die afgelope maand of drie oor al die reëlings: wie vir wie geskenke koop, wie watter slaai vir die Kers-ete moet maak, ensovoorts. Terloops, as jy nog wonder wat jy gaan maak, gaan loer op bl.98 – ons kosredakteur, Johané, het vir jou 'n paar smaaklike voorstelle. Onthou net om ekstra hout aan te skaf vir agterna se kuiervuur.

Gepraat van Kersetes… ek onthou vanoggend weer een spesifieke een. Ek was nog op laerskool en ons was by my oupa-hulle se huis. My ouma het twee dae lank van die oggend tot die aand gekook om haar Kersete te berei, en toe ons almal uiteindelik geroep word om aan te sit, is die kos – drie soorte vleis, aartappels, rys en ontelbaar baie slaaie – met groot trots ingedra. Dit het verruklik gelyk en geruik en my maag het op die plek begin grom. Dit was kos soos nét Ouma kon kook.

Dit was egter eers tyd vir hande vat, en Oupa het losgetrek met die tafelgebed. Maar pleks van die gebruiklike "Seën die kos en die hande wat dit voorberei het", gaan haal Oupa hom toe ver. Sommer báie ver. Hy vertel eers die Kersverhaal in die fynste detail en steek toe sommer ook 'n prekie af oor wat dit vandag vir ons beteken en watter lesse ons daaruit kan leer.

Hoe langer Oupa bid, hoe kouer word die kos. Daar was net een warmplaat; dus is die geregte waarvoor daar nie plek was nie, aan hulle eie genade oorgelaat terwyl Oupa in gebed vir al die Jonkers vertel hoe belangrik dit is om nederig te bly. Net soos Josef en Maria wat bereid was om in 'n stal te oornag.

Toe begin hy dankie sê. Vir kinders (selfs die aangetroudes), kleinkinders, vriende, die tannie oorkant die straat wat altyd die hond kom kosgee wanneer hulle vir die naweek weggaan, die onderwysers wat die kleinkinders so mooi leer dat hulle almal daardie jaar geslaag het, vir dié een wat werk gekry het en vir daai een wat nie ernstig seergekry het nie toe iemand in sy kar vasgery het by 'n rooi verkeerslig. Daar's vir álmal dankie gesê.

Ek het onderlangs na Ouma geloer en gesien sy loer onderlangs om die beurt na Oupa en dan na die kos. Ek het ook gesien hoe sy Oupa se hand af en toe – en later met groter erns – druk… die universele gebaar vir "maak asseblief nou klaar".

Daar was 'n oomblik se stilte toe Oupa uiteindelik "Amen" sê. Maar net toe ons dink dis nou tyd vir opskep en weglê, herinner my my pa se broer, oom Pieter, vir Oupa dat hy nagelaat het om dankie te sê vir die manne op die grens.

Toe vat ons maar weer hande…

Geniet jou feestyd en blaaskans, reis veilig en ons gesels weer vroeg in die jaar.

*Schalk*

REDAKTEUR
schalk.jonker@media24.com




**Hier is 'n lekker Kersgeskenk: Ons *4x4-gids* is nou te koop.**

# Inhoud

## #52 | Desember 2022-Januarie 2023







ROETES WAT ROEP 68

KAMPBESTEMMING 36










4x4-BESTEMMING 50

KAMP & KATROL 86




BULL RUN 2022 74

NAWEEKKAMP 64

# ELKE MAAND


**3** REDAKTEURSBRIEF

**8** POSBUS

**16** NUUS

**26** NUWE KAMPGOED

**30** NUWE RYGOED

**80** LESERSTORIE

**88** RY-INDRUK

**92** WOONWATOETS

**96** TOERUSTING

**98** KAMPKOS

**113** BLOKRAAI

**114** PRETBLAD

**116** MIC SE RUBRIEK

**118** NEELS SE STOEPTENT

**120** RUBRIEK

**122** IETS ANDERS







**#52 VOORBLADFOTO – CYRIL KLOPPER**

"Ons het kort ná vyf na 'n lang dag se ryery by Ramansdrif in Namakwaland opgedaag. Met die tente opgeslaan en kampmeubels uitgepak was dit tyd om 'n yskoue bier oop te maak en lyn nat te maak in die Oranjerivier. Ons is daardie aand beloon met die strelende klank van die rivier terwyl die maan en sterre ons kampplek verlig."

**Kameraverstellings** Canon EOS 5D; f9; 1/400ste van 'n sekonde; 24 mm-lens; ISO 200




Weg! Ry&Sleep

**REDAKSIE**
**REDAKTEUR** SCHALK JONKER schalk.jonker@media24.com
**JOERNALISTE** LEON BOTHA leon.botha@media24.com
CYRIL KLOPPER cyril.klopper@media24.com
**UITLEGKUNSTENAARS** DOMINIC WIENAND dominic.wienand@media24.com
OWEN WILLOUGHBY owen.willoughby@media24.com
**TEKSREDAKTEUR** PETER VAN NOORD peter@subteks.co.za
**KOSREDAKTEUR** JOHANÉ NEILSON
**MULTIMEDIA** DESIREE HARTNEY desiree.hartney@media24.com

**MEDIA24 KORPORATIEF**
**UITVOERENDE HOOF: MEDIA24** ISHMET DAVIDSON
**HOOFBESTUURDER: LEEFSTYL EN NUUS** MINETTE FERREIRA

**UITGEWERSPAN: MEDIA24 LEEFSTYL**
**HOOFBESTUURDER** NERISA COETZEE
**FINANSIËLE BESTUURDER** JAMEELAH CONWAY
**BEDRYFSBESTUURDER** EDWINA LYNERS
**SIRKULASIEBESTUURDER** ARMAND KASSELMAN
armand.kasselman@onthedot.co.za
**HOOF: PRODUKSIE** JACQUES DU PLOOY

**VERKOPE EN BORGSKAPPE**
**HOOF: BORGSKAPPE EN KOMMERSIEEL** NIKKI RUTTIMANN
nikkir@media24.com
**HOOF: ADVERTENSIES** DANIE NELL
danie.nell@media24.com 082 859 0542
**KLIËNTEBESTUURDER** SHARLENE SMITH
sharlene.smith@media24.com 083 583 1604

**MEDIA24 DIVERSE INKOMSTE** LISE VAN BREDA
lise.coetsee@media24.com
**HOOF: DIVERSE PROJEKTE** FRANCOIS MALAN
francois.malan@media24.com

**KREATIEWE ATELJEE: MEDIA24 LEEFSTYL**
**HOOF** MICHAEL DE BEER
**BESTURENDE REDAKTEUR: KOMMERSIEEL** GERDA ENGELBRECHT
**BEMARKINGSBESTUURDER** ANDILE NKOSI andile.nkosi@media24.com
**TEKSREDAKTEUR: ADVERTENSIES** BRIGITTE BLANCKENBERG

**AANLYNWINKEL** YUMNA TOFEY yumna.tofey@media24.com

**KONTAK ONS**
YUMNA TOFEY 021 406 2205 yumna.tofey@media24.com
**KAAPSTAD**
**POSADRES** *Weg Ry & Sleep*, Posbus 740, Kaapstad 8000
**STRAATADRES** 19de verdieping, Media24-gebou, Heerengracht 40, Kaapstad 8001
**JOHANNESBURG**
**POSADRES** *Weg Ry & Sleep*, Posbus 785266, Sandton 2146
**STRAATADRES** Kikuyustraat 6, Sunninghill 2191

**INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE**
087 353 1300 | +27 21 065 0033 (internasionaal)
Faks 086 296 6681 | WhatsApp 087 353 1333
SMS "diens" na 31069 | subs@media24.com

**DRUKWERK** CTP
Alle regte word voorbehou.
**VERSPREIDING** ON THE DOT
*Ry & Sleep* is 'n lid van die Ouditburo vir Sirkulasie



© Kopiereg *Weg Ry & Sleep*. Alle regte voorbehou. Gedeeltelike of algehele reproduksie sonder die skriftelike toestemming van die redakteur is streng verbode.



TENTCO™
Est 1992
LEIERS van seiltente in Afrika
www.tentco.co.za
ALUMINIUM TELESKOPIESE PALE
BESTE PRYS
22/25 Verleng tot 2.3m
R110
SENIOR GAZEBO
3m x 2.8m x 2.3m
R2 970
OPSIONELE EKSTRAS
Soliede symuur
Soliede eindmuur
Eindmuur met rits
Symuur met vensters
Skadunet-binnevoering
Gazebo & snr boog-koppelstuk
DAKTENTE
1.2 m x 2.4 m R12 910
1.4 m x 2.4 m R14 980
1.6 m x 2.4 m R15 790
2 m x 2.4 m R18 360
PROTENT
1.4 m R19 490
GESINSLEEPWATENT*
Pas op 1.6 m hoë sleepwa
R23 620
*Verwyderbare toevoegkamer ingelsuit. Sluit nie die sleepwa in nie.
BOOGTENTREEKS
RANGER 2.1m x 2.1m x 1.8m
R3 800
JUNIOR WANDERER
2.5m x 2.5m x 1.95m
R4 320
SENIOR WANDERER
3m x 3m x 2.2 m
R5 120
BUNDU-AFDAK
2.7m x 3m
R1 540
*Symure beskikbaar
HET DIE TOETS VAN TYD DEURSTAAN
Ontwerp wat nooit oud word nie
BUNDU-WASBAK
15 Lt R290
*Folds flat
SENIOR SAFARI BOW DELUXE
3.0 m x 3.0 m x 2.2 m
NUWE KENMERKE:
• 3 vensters wat van binne en buite toemaak
• Lug-opening
• Veranda
R6 720
NUUT
EETKAMERSKUILING
3.5m x 3.0m x 2.5m
R7 000
NOU MET 6-POOT-STAAL-RAAM
SAHARA DELUXE
SAHARA LODGE
SAHARA GRAND
*Sluit en-suite-agterbadkamer in
JUNIOR SAHARA
4.5m x 2.9m x 2.5m
R9 670
NOU MET VLEKVRYE-STAAL-RAAM
*Symure en endmuur beskikbaar
Geboë pale beskikbaar
6m x 2.9m x 2.5m
R12 860
*Symure en endmuur beskikbaar
Geboë pale beskikbaar
8.0m x 2.9m x 2.5m
R18 300
*Symure en endmuur beskikbaar
Geboë pale beskikbaar
8.0m x 2.9m x 2.5m
R18 590
*Symure en endmuur beskikbaar
Geboë pale beskikbaar
OOK TE KRY BY:
NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS
SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF
E-POS: info@tentco.co.za
TEL: +27 11 397 6451
PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM
Volg ons op

Ons hoor graag wat jy op die hart het! Skryf vir ons by **rysleep@weg.co.za** en onthou asseblief om jou volledige adres en kontakbesonderhede te gee. *Ry & Sleep* behou hom die reg voor om briewe te redigeer en verkort – en na goeddunke in die tydskrif, op die webwerf en elders te gebruik.







# 41 jaar en g'n einde



Ek wil graag die lof besing van ons 1981 Sprite Sport wat ons in 1983 gekoop het. Hy is voorheen net twee keer gebruik, en die koopprys van R5 000 was nie veel minder as dié van 'n nuwe woonwa nie. Die eerste twee jaar het ek die wa as blyplek in Namakwaland gebruik waar ek besig was met konstruksiewerk.

Sedert 1985 het ons met ons drie kinders gereeld die wa vir vakansies gebruik.

Wanneer ons nie die Sprite gebruik nie, staan hy onderdak. Om hom tuis uit sy staanplek te stoot is daar 'n skotige opdraande. Met die hulp van ons eie eenvoudige oplossing kan ek die wa sonder moeite op my eie hanteer. Ons tuisgemaakte "skuiwers" is twee houtblokke wat met tou weerskante voor elke wiel vasgehaak word. Wanneer jy die wa agtertoe stoot, sleep die blok saam. As die wa dalk vorentoe loop, wig die blok voor die wiel in.

Deur die trekstang om die beurt links en regs te beweeg loop jy dus met die woonwa agteruit en stuur hom waar jy hom wil hê.

Om die woonwa meer prakties te maak het ons laaie en 'n tafel ingesit. Dit maak na buite toe oop en skuif onder die een enkelbed in. Die kantgordyne en yskas is al vervang, maar die ander gordyne en bekleedsels is nog die oorspronklike – selfs die seildakvoering en keramiekeetstel is oorspronklik en volledig. Die skokbrekers is ook al vervang, maar die wiellaers is nog die oorspronklike koeëllaers. Dieselfde geld vir die remme, wat óók nog nooit vervang is nie. Ons gebruik steeds die kommersiële 13 duim-bande.

Ons kan nie meeding met boswaens en boswoonwaens nie, maar die Sprite se onafhanklike vering met kronkelvere en skokbrekers hanteer die huidige padtoestande goed. Ek probeer ook om die wa deeglik in stand te hou en skroom nie om hom oor lang afstande te sleep nie. >

**BIELIEBRIEF**

**Johan en Elmare** wen 'n koelsak ter waarde van R220. Of jy nou kamp, piekniek hou of langs die krieketveld sit, dié koelsak het onder meer plek vir 'n kosblik én genoeg ruimte vir 'n 1,5 ℓ-koeldrankbottel. Daar is ook nog pakplek in die boonste helfte vir 'n bottel die helfte van dié grootte. Verder is die binnekant met 'n PVC-laag uitgevoer wat dit maklik maak om die koelsak skoon te hou. Die sak het ook 'n handvatsel wat bo-oor kom en met klitsrits heg, asook 'n skouerband as jy jou hande los wil hê.
**winkel.weg.co.za**



Mobi Lodge



★★★★★
*Onvergelykbaar!*

Toegang tot Volle Badkamer Tydens Reis · Aërodinamies · Geen Seil Panele · 360° Panoramiese Uitsig · Top Veldry Vermoë






www.mobilodge.com







DIE WIELE DRAAI. Met sy onafhanklike vering was die 1981 Sprite Sport so modern as wat dit kan wees (foto bo). 'n Tuisgemaakte wieltjok is net die antwoord om alleen teen 'n skuinste reg te kom (foto onder).



Ek spog gereeld met die oudste wa wanneer ons kamp. Met sy tarra van 710 kg is 'n ligte sleepvoertuig voldoende en die brandstofverbruik heel gunstig.

Sedert ons aftrede in 2011 het ons gereeld op langer ekskursies reg oor die land gesleep. Dit sluit in langer reise soos drie besoeke aan die Krugerwildtuin, terugtogte deur Eswatini en die Noordkus, en 'n besoek aan die Elliot-omgewing in die Oos-Kaap. Ook verskeie plekke in Namakwaland en Keurboomsrivier, Jongensfontein en Saldanha, en gereelde naweekbestemmings nader aan die huis.

Op 'n onlangse wildtuinvakansie kon die Sprite vier mense maklik huisves. Twee van ons het glo snags erger as die wildtuin se leeus gebrul... Hierdie vakansie was 'n groot sirkelroete deur die land, van Tafelbaai tot by Pontdrift en terug.

Ons het die vakansie opgevolg met 'n besoek aan die Oos-Kaap saam met ons kinders en kleinkinders. Die totale afstand vir albei vakansies was 11 558 km, en die Sprite het geen herstelwerk nodig gehad nie. Op die Oos-Kaapse reis het ons 3 562 km afgelê waarvan 2 527 km met die Sprite agter ons 2005 Isuzu KB300.

Die gemiddelde brandstofverbruik was 10,6 ℓ/100 km. Maar, bygesê, volgens die GPS-lesings is die Isuzu se odometer effens optimisties. Ek moet dus so 'n 10%-aanpassing maak voordat ek met die verbruik kan spog.

Ek is redelik seker die Sprite gaan my oorleef, maar vertrou tog dat hy dan in die hande sal beland van 'n entoesias met 'n waardering vir veterane. Intussen hoop ek ons kan nog 'n hele paar vakansies saam deurbring.

**JOHAN EN ELMARE VAN STADEN**
**Parow**

# Oog op die rem



Gedurende 'n onlangse kamp hoor ek in 'n gesprek om die kampvuur van hierdie nuwe slenter: Kwaaddoeners beweeg tussen voertuie in die strate in soos hulle stilhou by stopstrate en verkeersligte, en selfs as jy brandstof ingooi. Die skobbejakke trek dan die woonwa se handrem ongesiens op, en as jy dan sukkel om weg te kom en uitklim om ondersoek in te stel, slaan die ouens en hulle makkers toe en beroof jou.

Ek het besluit om 'n teenvoeter hiervoor te maak. 'n Mens kan dit self doen en die koste beloop nie eens R15 nie: Ek het 'n kort ketting onder die koppelstuk vasgebout sonder om enige gate te boor, ook met 'n hangslot aan. Toe het ek 'n tweede kort ketting gevat en aan 'n kort pyp vasgesweis – dié pyp moet groot genoeg wees om oor die hefboom van die rem te pas. Skuif dit oor en sluit die twee kettings met die slot vas wanneer jy sleep.

Nou kan niemand dit oplig nie.

**DANIE BREYTENBACH**
**Vereeniging** >




*Nuwe Swift-, Okto-, Stealth-karavane, Bush Lapa, Nayela-veldkaravane en bekendstelling van die Nuwe, sterk hoevlaktegnologie-polimeersamestelling, Edgeout Teardrop-grondpadsleepwa!
*Talle goeie gehalte uitgesoekte, gebruikte karavane. *Kamp- en veldsleepwaens.
*Dak- en sleepwatente, seil- en nylonkamptente. *Fabrieksgoedgekeurde werkswinkel.
*Volle toegeruste LeisureWorld winkel met al jou kamp en karavaan toerusting en parte.

LeisureWorld

# Loftus Caravan City

**Tel: 011-792-1456**

Trotse voorraadhouer van en goedgekeurde handelaar vir:

OKTO Caravans · Stealth Caravan · Swift · Bush Lapa offroad caravans · Nayela · Edgeout

# Net ’n bietjie liefde

Ons het einde Augustus 2022 ’n geleentheid gehad om as vriende saam met die broers Blasie en Pierre Franken ’n Landie-toer mee te maak – Pierre se seun Paulus was saam. Dit was met drie Series-modelle uit die jare sewentig en twee Defenders uit die negentigs – die Landies behoort almal aan die Frankens.

Die Frankens neem jare al deel aan motorsport, maar hulle het ook ’n groot liefde vir ou Land Rovers – tussen hulle is daar meer Landies as wat ’n mens kan tel. Die truuk, verduidelik oom Pierre, is: “Hoe meer onderdele en Landies jy het, hoe goedkoper raak dit… verstaan jy!”

Elke Landie is uniek en het ’n storie. Voor die toer was ons maar skepties, maar met ’n goeie dosis opgewondenheid – en ekstra olie – was die vyf Landies gereed.

Ons het stadig uit Gansbaai gery en ons voertuie leer ken… met ’n valkoog, natuurlik, op die enjintemperatuur. Ons het afgetrek vir koffie, is oor die pont by Malgas, en eindelik het ons in Witsand aangekom. ’n Groep van minstens 12 walvisse het vir ons in die baai gelê en wag – ’n gesig wat ’n mens nie in woorde kan beskryf nie.

Die aand aan tafel het ons karstories geruil – alles oor hoe karre deel van ons lewe is. Soms het dinge tegnies geraak.

Teen Sondag het ons dieselfde pad terug gekies, en ná heerlike rib-en-tjips by Marietjie’s op Baardskeerdersbos was dit tyd om die Landies te parkeer en groet.

Ek en my vrou, Megan, het met die rooie gery, en toe ek hom daar los, was dit asof ek ’n jare lange vriend moes groet. ’n Mens is hartseer, maar jy weet: Wanneer julle mekaar weer sien, tel jy net die pen op en skryf verder aan julle storie.

Dít is die les van die Land Rover: Soos enige verhouding moet jy aandag gee en ook luister as iemand kla… of warm raak. Moenie haastig wees wanneer die Landie stadig wil loop om die landskap te waardeer nie… En ja, hy gaan jou soms kwaad maak, maar hy sal jou altyd daar kry. Dis met ’n glimlag, as jy dit toelaat.

Meer moeite, meer genot.

**JUAN DYASON**
**Paarl**




# Lank lewe rooies!

Ná aanleiding van Lou Toerien se 17-jarige Toyota Corolla in die Augustus-September-uitgawe vertel ek graag van my “ou” ryding.

Ek het my Datsun 1400 De Luxe-bakkie in 1982 nuut gekoop as ’n tweede voertuig – my eintlike wiele was ’n BMW 525. Ek het nogal my studentekarretjie, ’n 1973-model Mini, op die bakkie ingeruil. Die Datsun se koopprys was R5 630, en hy het vandag nog sy oorspronklike nommerplaat.

Al het ek die bakkie nooit gebruik om byvoorbeeld te kamp nie, het ek al hope tuinvullis weggery – om van ander vragte nie te praat nie. Vandag staan sy odometer op 64 000 km, maar die meter het al een keer oorgeslaan. Jy kan dus 100 000 km bytel, wat jou ’n gemiddelde afstand van net meer as 340 km per maand gee oor die afgelope 40 jaar.

Die verste afstand wat ek op een reis aangepak het, was van die Paarl na Graaff-Reinet en terug: rondom 1 200 km. Maar ek was ook al teen die kus af soos tot by Plettenbergbaai en Nature’s Valley.

Die bakkie het nie ’n enkele diens gemis nie – onthou, hy het nog ’n vergasser en punte, wat jy nie sommer meer sien nie. Tussen sy 10 000 km-dienste sak die olievlak geensins nie, en daar skort ook niks met die enjin nie.

’n Mens sien ook nie meer aldag wieldromme reg rondom nie. Ek het hoeka die remskoene en dromme onlangs vervang. Andersins was die grootste herstelwerk ’n gaatjie in die verkoeler. En dan was die bakkie nog nooit in ’n ongeluk nie. Natuurlik slaap hy in die motorhuis, en oor die jare heen het ek hom self gepolitoer en gestofsuig. Hopelik loop die bakkie nog vir baie jare.

**WILLIE VAN ZYL**
**Paarl**

*Die Datsun-bakkies – wat later Nissan geword het – is van 1971 tot 2008 in Rosslyn, Pretoria, gebou. Van 1985 af het hulle skyfremme voor gekry – en teen daardie tyd was die bakkie ’n 100% plaaslike produk. – Red.*

>









## KONTAK ONS:

**Cape Town Invader, Wes Kaap**
*021 948 9920*

**Cara-Camp, Somerset Wes**
*021 852 8215*

**Natal Caravans and Marine,KwaZulu Natal**
*031 702 7291*

**HVR Auto, Namibië**
*+264 81 477 4644*

**Kempton Caravans, Gauteng**
*011 974 5595*

**Lynwood Trailers, Gauteng**
*012 807 5651*

**Middelburg Caravans, Mpumalanga**
*013 243 5060*

**Invader Pretoria, Gauteng**
*083 700 2552*

*Volg ons op* **Facebook**

**Webtuiste:** *www.invader.co.za*

**E-Pos:** *sales@invader.co.za*

*Volg ons op* **YouTube**

# Pasop vir Numbi

Ek het pas teruggekeer van 'n drie weke lange vakansie in die Krugerwildtuin waar ons gekamp het by Letaba en Krokodilbrug. Ons is gereelde besoekers aan die wildtuin en dit was ons tweede draai vanjaar met ons Bush Lapa Miskruier.

Die afgelope twee jaar is dit vir my opmerklik hoe oorsese toeriste toegeneem het, iets wat die plaaslike toerismebedryf tans baie nodig het. In die nuus sien ek 'n 67-jarige Duitse toeris is net buite die park, naby die Numbihek, noodlottig gewond.

Hierdie is nie die eerste skietvoorval in die omgewing nie. Op 3 Januarie 2022 is 'n 14-jarige meisie in die been geskiet nadat gewapende rowers op hulle voertuig losgebrand het. Die gesin het in Pretoriuskop gekamp en deur die Numbihek teruggekeer huis toe.

Hierdie hek behoort permanent gesluit te word.

**PETER COLE**
**Sandton**

*In 'n verklaring op Sanparke se webwerf word toeriste na aanleiding van die aanval op Duitse toeriste gemaan om eerder ander toegangshekke te oorweeg. – Red.*

Volg **@wegrysleep** op Instagram en merk jou foto's met **#wegrysleep** – ons publiseer dit dalk op ons profiel of op dié blad.



## KOMMENTAAR VAN DIE MAAND!



Op 'n vraag op Facebook wou ons weet wat jou planne vir Braaidag is. **Eugene Marais** het eers 'n bietjie gewag met die braai.

***"'n Bord gekookte kos... want die krag gaan aan wees!"***










- Slegs **B-lisensie** nodig
- Huisves **2-4 persone**
- **Veselglas**kappie & -bakpanele

# KAMPEERSLEEPWA















**Kontakbesonderhede:** 021 945 2142 (Kantoor/Michael)
sales@tongasa.com

**www.tongasa.com**

Tonga Camping Trailer

Brugstr. 3, Triangle-plaas, Bellville 7530

TONGA

# Tyd vir rus



Twee geesdriftige kampeerders se jare lange droom om 'n woonwapark te besit is uiteindelik bewaarheid. Hendrik en Hermi Groenewald sê die saadjie is verlede jaar geplant nadat hulle 13 km buite Modimolle in die Waterberg 'n lappie grond van 25 ha grond gekoop het.

Hulle het dadelik ingespring en besluit om die ontwikkeling in fases aan te pak, met die staanplekke, badkamers en swembad eerste aan die beurt.

Sebenza Creek se swembad is teen die voet van 'n koppie, en die water kan met 'n donkie verhit word.

Die lang badkamergebou is links van die swembad. Daar's afsonderlike geriewe vir mans en vroue – elke kant het 'n bad en storte. Die opwasplek vir skottelgoed en klere is in die vertrek tussen die twee, en elektriese geisers sorg vir warm water.

Die staanplekke is anderkant die badkamers. Hier is 38 kragpunte (die blou prop) met krane lukraak. Die staanplekke is nie afgebaken nie; jy kies bloot jou stukkie koelte waar jy wil opslaan, by die naaste punt wat jou pas. Hier is nie gemesselde braaiplekke nie, maar Hendrik-hulle sorg dat jy 'n losstaande een kry sodra jy staan. Die selfoonsein is maar skraps hier rond, maar hier is gratis wifi.

Hier is 16 rooibokke en 5 bosbokke in die omheinde terrein wat die plek met jou deel. Jy kan oral op die plaas gaan stap as jy wil kyk of jy iets te voet raakloop – as jy gelukkig is, sien jy dalk 'n duiker of twee.

Hendrik-hulle begin nou met die tweede fase: Dit sluit in 'n kroeg en restaurant by die swembad, 'n gemeen- >









STEALTH CARAVANS

GERIEF
WAT JOU VOLG!

# DIE NUWE STEALTH OVERLANDER





| BESKRYWING | OVERLANDER 634 ES |
|---|---|
| TARRA MASSA | 12SOkg |
| (BVM) | 1 800 Kg |
| AS-GRADERING | 2500 kg |
| HOOGTE | 2385 mm |
| BREEDTE | 2021 mm |
| LENGTE | 6350mm |
| LOONVRAG | 550 kg |
| BEDDENS | 4 |
| BANDE / AT | 15" X 215 |
| MODDERKLAPPE | JA |
| YSKAS | OPSIONEEL |
| STOOFPLAAT – GAS | 2-PLAAT |
| MIKROGOLFOOND | OPSIONEEL |
| KRAG | 12/220v |
| LAAISTELSEL | Victron |
| BATTERY LITIUM | 120AH |
| WATERPOMP | W |
| KOMBUISWASBAK | JA |
| HANDWASBAK | JA |
| STORT | JA |
| GEISER | JA |
| PORTA POTTI | TOILET |
| WATERKAPASITEIT | 120lt |
| GASBOTTEL | JA |
| BUITE-AFDAK | 270 GRADE |
| GRUIS-PADBESKERMING-STAWE | JA |

BESOEK JOU NAASTE HANDELAAR
VIR ONS HUIDIGE REEKS

www.stealthcaravans.co.za
StealthCaravans

PRETORIA caravans & OUTDOOR
SONPARK CAMPING & LEISURE
KEMPTON CARAVANS & LEISUREWORLD
Natal Caravans & Marine (est. 1960)
Newcastle LeisureWorld
CARA-CAMP
Loftus Caravan City
Middelburg Caravans
Silver Lakes Caravans

skaplike braaiplek en dan 'n kampwinkel.
Die laaste 4,7 km van die R101-pad is 'n netjiese grondpad wat goed onderhou word en jy kan dus met 'n geruste hart jou padwoonwa hierheen sleep.
**Pryse** R350 p.n. per staanplek (R400 oor naweke en vakansietye). Tot 6 mense per staanplek. R2 500 p.m. vir 2 mense. Verskeie spesiale aanbiedinge geld vir pensioentrekkers, ook vir Desembervakansies.
**Kontak** 087 149 0188 info@sebenzacreek.co.za sebenzacreek.co.za





# Nuwe kampplek nou op dreef





Met 'n naam soos Kruger Ranch is 'n mens verbaas om dié vakansieplek net anderkant Magaliesburg in Noordwes raak te loop. Die grond behoort aan Clint Kruger en hy het dit ontwikkel met die oog op ontspanning in die natuur.

Die Covid-pandemie het egter sy planne in die wiele gery: Nadat hy die 55 ha in 2019 gekoop het, was die woonwastaanplekke net mooi klaar toe die pandemie die land tot stilstand ruk.

Uiteindelik kon Clint aangaan, en nadat hy vroeër vanjaar twee safaritente opgerig het, was Kruger Ranch kampgereed. Voor dit het hy die lodge gebou plus 10 kamers en 3 chalets.

Hier is 38 gelyk staanplekke met veldgras, en 6 is geplavei. Jy kry 'n kragpunt – die gewone driepuntprop – en kraan op jou staanplek. Clint-hulle verskaf losstaande braaidromme.

In die kantoor is 'n winkeltjie met basiese dinge soos hout en vuuraansteekers, maar hulle maak ook wegneemetes soos worsbroodjies, hamburgers en geroosterde toebroodjies. >

# RHINOMAN XTREME-EN XPEDITION- KAPPIES

## GEMAAK VIR JOU BAKKIE

THE ORIGINAL
ASK FOR IT BY NAME



* Kleuraanpassing van kappieraam by voertuigkleur is 'n opsionele ekstra

**KAPPIE KENMERKE:**

- Volle voertuiggraad-aluminium
- Geïntegreerde lugvloei-opening
- Afhaalbare meeuvlerkdeure
- Stofbestande selfdesleutel-slotte
- Gebinde, versterkte glas
- 2-jaar-vervaardigerswaarborg
- Uitgedrukte dakstawe – standaard





**+(27) 10 010 0060 I sales@rhinoman.co.za I www.rhinoman.co.za**

**BESKIKBAAR BY:**

Rhino MAN · BEEKMAN · AFC · 4x4 Mega World · BushCo Overland South Africa · TiAuto INVESTMENTS · CANOPY CENTRE

# Hayward's woeker

Die Hayward's-woonwapark in die Dinokeng-reservaat kry nog nuwe geriewe nadat die laaste staanplekke kort voor Paasnaweek voltooi is.

Hayward's is 8 km van die Tau-hek af en teen die teerpad in die rigting van Rust de Winter. Die woonwapark van 4 ha is omhein en 'n kort grondpad neem jou tot by die hek. Die kantoor is in die eerste geboue links anderkant die hek. Daar's ook 'n groot gemeenskaplike kuierplek met 'n binnebraai – hier kan tot 80 mense kuier, sê die eienaar, Paul Hayward.

Die swembad is agter die geboue – hier word die nuwe klouterraam, trampolien, springkasteel, jukskei- en vlugbalbaan ingerig. Huidige vermaak sluit in tafelvoetbal, lughokkie en *pool* – alles gratis. Die wifi-punt is ook by die saal.

Altesame 17 van die 20 staanplekke lê links teen die wildheining af. Die oorblywende 3 is mooi in die middel tussen die bosse met meer privaatheid. Altesame 14 van die staanplekke het gras met 'n plaveiblad, en die ander 6 net gras. Elke staanplek het 'n private badkamer en 'n afdak oor 'n geplaveide deel. Hieronder is 'n sessitplek-houttafel met bankies. Die wasbak vir skottelgoed is buite jou badkamervertrek, wat 'n oop stort, wasbak en toilet het. >













Die badkamergebou het aparte mans- en vrouegeriewe en daar's ook twee gesinsbadkamers plus 'n opwasplek in. Gasgeisers sorg vir die warm water.

Die gemeenskaplike geriewe het storte, maar in die gesinsbadkamers is daar ook 'n bad.

Hier is 'n houtklouterraam vir die kinders, gratis minigholf en 'n lekker groot swembad.

Die terrein is omhein met heelwat wild: swart- en blouwildebeeste, waterbokke, blesbokke, njalas, koedoes, en selfs takbokke. Jy mag rondry om na die diere te gaan kyk, maar Clinthulle bied ook ritte aan as jy lus voel om net agteroor te sit. Jy gaan saam met 'n gids en dit neem omtrent 'n uur. Dit kos R120 p.p. (halfprys vir kinders 4-12 jaar).

Die laaste 11 km van die Rustenburg-pad af is grondpad en heel gangbaar vir kampeerders met 'n gewone padwa. Klein troeteldiere word toegelaat, maar jy moet vooraf reël.

**Prys** R450 p.n. per staanplek vir tot 4 mense.

**Kontak** 082 444 4909 of 078 531 2707 krugerranch@outlook.com kruger-ranch.co.za

> “Jy kan nie verkoop wat jy nie kan wys nie.”
>
> **ARNOLD PROSCH**









# KANS VAN JOU LEWE,
## koop ’n woonwa-handelaarskap

**Dis nie aldag dat ’n mens die geleentheid kry om ’n gevestigde woonwa-onderneming te koop nie.**

**CARA-CAMP Caravan & Outdoor Centre** op Somerset-Wes is een van die groter handelaars in die land en Arnold Prosch die afgelope 22 jaar die eienaar. Nou het hy besluit om die tuig neer te lê, maar om terselfdertyd iemand anders die kans te gee om met dié suksesvolle besigheid voort te boer.

**CARA-CAMP** is ’n onafhanklike handelaar en ’n geakkrediteerde verskaffer van talle bekende handelsname. Dit sluit in Okto, Nayela, Stealth, Edgeout, Tuff Cats, Invader en Tonga, maar óók die ingevoerde Swift vanuit Engeland. Woonwa-kopers kry dus ’n eerstehandse ervaring op die vertoonvloer, want **CARA-CAMP** het te alle tye nuwe voorraad sodat jy die spreekwoordelike appels met appels kan vergelyk. Dis ook waar Arnold potensiële nuwe woonwa-eienaars verstaan, want “jy kan nie verkoop wat jy nie kan wys nie”.

Die wêreld het saam met die Covid-19-pandemie verander, maar die kampeerbedryf en buitelewemark ervaar ’n ongekende oplewing. Waar beter kan jy jou tyd spandeer as saam met jou mense in die natuur? Dit spoel natuurlik oor na die woonwa-mark want ’n goeie driekwart van **CARA-CAMP** se verkope leun na woonwaens vir grondpad en die bos.

**CARA-CAMP** se werkswinkel is 100% gerat om om te sien na al die nodige dienste en herstelwerk van die handelsname op die vloer. Om die waarheid te sê, die werkswinkel spog met vyfster-toekennings danksy kundiges wat nie terugstaan vir uitdagings nie.

Tweedehandse woonwaens vorm ook ’n beduidende deel van die onderneming. Dit sluit byvoorbeeld inruilings in, maar ook private eienaars wat ’n woonwa wil verkoop.

Die LeisureWorld-winkel is die derde been van die besigheid. Dit wat jy nodig het om jou kamptyd geriefliker te maak, is hier op die winkelrak: van kampstoele en ligte regdeur tot slaapsakke en ys-vrieskaste waarmee jy geholpe kan raak.

Woonwaens is ook nie net alles besigheid nie, en oor die jare heen het ’n hegte band tussen die grootste woonwahandelaar in die land, Loftus Caravan City in Randburg, en **CARA-CAMP** ontwikkel. Só word die land se twee grootste pole bedien waaruit kampgesinne die meeste kan put.

**WAT IS IN EN UIT?** Die koop sluit CARA-CAMP as geheel in – personeelposte ingesluit – maar nie die perseel nie.

**KONTAK** Arnold ✆ **021 852 8215** of **info@cara-camp.co.za**

Gasgeisers sorg vir warm water, en die kragpunt is 'n gewone huisprop. Vir braaiplek kan jy kies tussen 'n losstaande braaidrom of 'n kleiner skaar.

Een van die staanplekke is spesiaal ingerig vir mense in 'n rolstoel en het ruimer geriewe.

Die kans is goed dat jy wild sal sien deur die heining. Paul verduidelik hier is 'n drinkplek langsaan waar diere soos leeus en olifante kom draai. Hayward's is ook die enigste woonwapark noord van die teerpad in Dinokeng – 'n gebied waar jy nie met jou eie voertuig mag ry om wild te kyk nie. Paul-hulle bied wel ritte van ongeveer drie uur aan teen R330 p.p. (R100 vir kinders).

Volgens Dinokeng se beleid word troeteldiere nie toegelaat nie.

**Prys** R300 p.n. per staanplek (R180 vir pensioentrekkers). Die naweektarief is R500 p.n. Tot 6 mense per staanplek.

**Kontak** 081 780 1833
info@haywardsgroup.co.za
Hayward's Game Lodge







# Nuwe handelaars woel

## Conqueror

Conqueror het sy tweede handelaarskap in die Wes-Kaap oopgemaak en is nou deel van die nuwe "avontuurwinkel", La't Wiel 4x4, tussen die Paarl en Franschhoek op die R45.

Hier kan jy Conqueror se nuwe boswoonwaens van nader kom bekyk én daar's ook 'n dienssentrum. Die werkswinkelbestuurder is J.P. Strydom, 'n tegnikus met 6 Dakar-wedrenne agter die blad.

Vir die veldryers is hier produkte van onder meer ARB, Engel, Alu-Cab, Beesdam, Thule en Front Runner.

Die onderneming behoort aan Waldo van der Waal en Hannes Visser, wat bekend is vir *La't Wiel* op kykNET. Die bestuurder is Quinton Patrick.

**Kontak** 072 489 3210
quinton@latwiel4x4.com
latwiel4x4.com









## Leefek

Die woonwa-onderneming 4MATT Campers in Bellville, wat al 3½ jaar aan die gang is en behoort aan die broers Milan en Jannis Matthysen, fokus op woonwadienste en -herstelwerk.

Tweedehandse woonwaens is deel hiervan, maar voortaan sal daar ook nuwe Leefek-produkte op die vloer staan – waens soos die Leefek Tourer SP Enduro, SW Enduro en Sprint.

Dit is 'n groot onderneming wat geheel en al onderdak is. Van die meer as 2 000 $m^2$ vloerspasie beslaan die vertoonvloer en dienssentrum rondom 1 600 $m^2$.

**Kontak** 083 388 4205 info@4mattcampers.co.za 4mattcampers.co.za

>






*Voertuigspesifikasies mag verskil.

# Ervaar die luuksheid van die lewe.

**Die Mercedes-Benz V-Class. 'n Lewenswyse.**

Moet nooit ’n kompromis aangaan oor wat jy van die lewe wil hê nie.
Die Mercedes-Benz V-Class gee jou toegang tot meer van die lewe se ryke ervarings. Sy luukse ontwerp en gevorderde tegnologie maak die reis net so aangenaam soos die bestemming. Die binneruim stel ’n nuwe maatstaf vir voortreflike gemak, wat verseker dat jou vriende en familie elke oomblik van die reis sal geniet.

Vir meer inligting soek V-Class aanlyn.

Mercedes-Benz

## Invader, Tonga en Tuff Cats

Cara-Camp Caravan & Outdoor Centre in Somerset-Wes het sy vyf handelsname met nog drie uitgebrei. Tot dusver was die woonwaens van Okto, Stealth, Nayela, Edgeout en Swift op die vloer; nou kom Invader, Tuff Cats en Tonga by.

Arnold Prosh, die eienaar, sê dit gee voornemende kopers natuurlik 'n groter verskeidenheid. Jy kan letterlik van die een oorklim in die ander, as jy só woonwaens wil vergelyk. Cara-Camp sal ook na die nuwelinge se dienste omsien.

Cara-Camp is Tuff Cats se tweede handelaar in die Wes-Kaap – dis nou naas Tuinroete Camping and Caravans op Mosselbaai – en ook Tonga se tweede handelaar (naas Pretoria Caravans & Outdoor in Gauteng).

'n Nuwe Invader-tak, Invader Kaapstad, het langs die Invader-fabriek in Bellville oopgemaak.

**Kontak** 021 852 8215 sales@cara-camp.co.za
cara-camp.co.za



## Nayela

Bo en behalwe die fabriek op Reitz in die Vrystaat het Nayela sy vier handelaars uitgebrei met 'n vyfde een in Pretoria.

Die Nayela Okapi sal voortaan ook beskikbaar wees by ProQuick Leisure. Dié woonwahandelaar is 'n nuwe besigheid wat aan die begin van 2021 sy deure oopgemaak het. Behalwe vir sy voorraad tweedehandse woonwaens was ProQuick Leisure ook van die begin af 'n goedgekeurde handelaar vir Leefek.

Die onderneming het bloot as 'n stokperdjie begin, vertel Johann Horn, die direkteur. Hy het so ses, sewe jaar gelede een-een woonwaens van die huis af verkoop. Mettertyd het hy van sy voorraad by verskeie woonwahandelaars op die vloer getrek, tot die geleentheid uiteindelik tot 'n volwaardige woonwahandelaarskap gegroei het.

ProQuick besit ook 'n toegeruste werkswinkel én 'n kampwinkel wat kamptoerusting en onderdele verkoop.

**Kontak** 012 335 3299 johann@pqmotors.co.za
ProQuick Leisure




## Infanta

Infanta se fabriek is in Buffeljagsrivier by Swellendam, maar dié vervaardiger het nou ook 'n tak in Kaapstad.

Buiten vir die nuwe tak, is die onderneming AXL Outdoor ook splinternuut. Die eienaar, Christo Lourens, besit die afgelope 18 jaar al 'n motoronderdelehandelaar in Brackenfell en sê hy en sy vrou, Alycia, praat reeds 'n geruime tyd al oor 'n kampwinkel. Alycia staan voortaan aan die stuur van die kamp-onderneming. Die "AXL" in die naam is hoeka afkomstig van die egpaar se kinders se name: Aldo Xander en Lené.

Buiten die Infanta-produkte soos die Enkulu-boswoonwareeks en die kampbakkie Inkunzi, wat jy hier kry, is dit ook 'n volledige kamptoerustingwinkel met enigiets van ys-vrieskaste regdeur tot allerlei 4x4-toerusting. (Hulle is die enigste handelaar vir Boerboel Wear in Kaapstad.) Infanta het ook handelaars in Mosselbaai, Boksburg, Mbombela en Ballito, en as dinge volgens plan verloop, volg handelaars binnekort in Brits en Pretoria-Noord.

**Kontak** 021 745 4884 axloutdoorcpt@gmail.com
axloutdoor.co.za






BEGIN JOU NUWE AVONTUUR IN DIE
**NAYELA OKAPI**, LUUKS
EN VEELSYDIG MET WATERDIGTE BAKWERK
EN INNOVERENDE, ESTETIESE ONTWERP.

VESELGLAS MONO-DOP BAKWERK.

NAYELA CC










KOM KYK NA DIE
**OKAPI X**






## SKAKEL JOU NAASTE HANDELAAR

**SONPARK CAMPING & LEISURE**
**013 492 2996**
MYSTIC RIVER-SINGEL 3
RIVERSIDE PARK
NELSPRUIT 1200

**LOFTUS KARAVANE**
**011 792 1456**
REPUBLIEKWEG & RABIESTRAAT 150
FONTAINEBLEAU
RANDBURG 2023

**PROQUICK LEISURE**
**082 666 5605**
STEVE BIKOSTRAAT 1153
WONDERBOOM-SUID
PRETORIA

**CARA-CAMP CARAVAN & OUTDOOR CENTRE**
**021 852 8215**
SOMERSET-WES BUSINESS PARK,
NET AF VAN DIE N2 IN
SOMERSET-WES

**TUINROETE WOONWAENS**
**044 695 2602, 082 377 3297**
BOLTONSTRAAT 18, VOORBAAI,
MOSSELBAAI

**NAYELA**
058 863 1027
SALES@NAYELA.CO.ZA
WWW.NAYELA.CO.ZA




ADVENTUREPOD XL

# Kapsule met 'n stort

Unipod Toy Haulers het sy eerste model met 'n binnebadkamer bekend gestel. Boonop het jy teen dieselfde prys meer as een keuse wat die buitekombuis betref, sê **Leon Botha.**

Unipod se AdventurePod-model is gegrond op 'n konvensionele boswoonwa, as jy kyk na sy vorm en die opwipdak. Die nuwe AdventurePod XL kry 'n binnebadkamer en die neus is skuinser. Die XL kry dieselfde opligdak as die gewone model, met 'n skarnier by die neus wat aan die agterkant lig.





## Kies die kaste

Die instapdeur is heel regs met al die kaste vir die buitekombuis links hiervan.

Die glyraam waarop die ys-vrieskas pas, is agter die kas die naaste aan die disselboom. Die kas en glyraam is groot genoeg vir enige ys-vrieskas op die mark – die glyraam is selfs lank genoeg vir 'n ekstra kas op die punt. Afhangende van watter uitleg jy kies vir die kaste langsaan, is hier byvoorbeeld plek vir die mikrogolfoond en gasstoof op die glyraam, of 'n kas met laaie plus die gasstoof.

Die venster is net regs van die ys-vrieskas, maar bo in die paneel. Die venster het 'n unieke vorm: Die boonste hoek links is "afgesny" om by die vorm van die woonwa se voorkant te pas. 'n Werkblad trek onder die venster uit die romp met nog laaie, en skuins bo die wiel – langs die deur – is 'n regop kruidenierskas. Die deur slaan plat as werkblad, maar hy is effens hoër as die een daarnaas.

As jy die venster prysgee, kan jy die buitekaste omtrent verdriedubbel. Die kas langs die deur het dan ook plek vir die mikrogolfoond én jy kry nog 'n kas bo die laer werkblad.

## Klim in

Soos jy inklim, staan 'n regop kas met verskeie rakke regs van jou, plus een teen die oorkantse paneel. Die badkamer is regs in die hoek, tussen die twee kaste, met die deur diagonaal tussen die twee.

Die deur is net so breed soos die instapdeur (600 mm) – soos jy die deur oopmaak, staan die spoelkassettoilet links van jou. 'n Smal blad met 'n gesigwasbak is regs versink in die smal blad tot in die hoek, en die verstelbare stortkop is regs van jou. Die vertrek is nie onderverdeel nie; dit is eerder 'n spatkamer (of sogenaamde *wet room*).

As jy van hier af na die wa se voorkant





## SPESIFIKASIES

**Model** ........ AdventurePod XL
**Slaapplek** ........ 2 of 4
**Grootte** ........ 5,2 x 1,9 x 2,1 m
**Tarra** ........ 1 150 kg
**Dravermoë** ........ 450 kg
**BVM** ........ 1 600 kg
**As** ........ 2 t
**Wielgrootte** ........ 15"
**Onderstel** ........ Staal (vlekvryestaalopsie ook beskikbaar)
**Romp** ........ Aluminiumraamwerk met dubbelgeïsoleerde aluminiumlae
**Prys** ........ R355 000

**HANDELAARSNETWERK** UniPod Toy Haulers Pretoria 072 192 2845 Loftus Caravan City Randburg 011 792 1456 Sonpark Camping & Leisure Mbombela 013 492 2996/7 **Kontak** 072 192 2845 sales@unipod.co.za unipod.co.za

B | EB | TEER | GROND | 4x4 | 1 600 kg



**R355 000 | ADVENTUREPOD XL | BVM 1 600 kg**

**VAN DIE MEDEDINGERS**
**In dieselfde prysklas**




kyk, vul die bed die res van die oop ruimte. En afhangende van die buitenste kaskonfigurasie wissel die bedgrootte tussen 'n dubbel en koningsgrootte.

Die standaardmodel het dus slaapplek vir twee mense, maar 'n uitleg vir vier is ook beskikbaar. In so 'n geval skuif die deur nader aan die wiel met 'n stapelbed regs. Die badkamer is dan voor jou en die hoofbed steeds links.



### Wat is standaard?

Standaarditems sluit in 125 mm-geheuespons-matras; een skuifvenster met blindings en een vaste venster (ook met blindings); vier binnekaste waarvan die een plek kan maak vir 'n lugreëlaar; verskeie binne- en buiteligte en 12 V/220 V-sokke; 'n 75 ℓ-watertenk met loodgieterswerk, pomp en geiser; Thetford-kassettoilet, storteenheid, wasbak met 'n kraan en draagbare 10 ℓ-tenk; dubbelwasbakke met 'n opslaanraamwerk; 12 V-Victronlaaier en 100 Ah-diepsiklusbattery; 3 kg-gassilinder met reëlaar; en BunduAwn-stoepdak. Buiten sonpaneel-opsies, 'n DC-DC-laaistelsel, ys-vrieskaste en skuiwers kan jy ook ander opsionele ekstras kies: Daar's 'n opgegradeerde onderstel met dubbele skokbrekers en kronkelvere (R28 900); verskeie stoepdak-sypanele (R2 400-R3 200); en 'n tweede 75 ℓ-watertenk (R4 259)



**R354 730 | ADVENTURE XTREME GLADIATOR**

Slaapplek vir 2-4, BVM 1 600 kg, aluminiumromp en buitestorttent.



**R382 500 | ECHO CHOBE LEGEND (4-BED)**

Slaapplek vir 4, BVM 1 500 kg, veselglasromp en buitestorttent.



**R351 900 | BUSH LAPA MISKRUIER BASELINE**

Slaapplek vir 4, BVM 1 500 kg, vlekvryestaal-en-aluminiumromp.

(Standaardpryse)




AGV TRAVELER

# Ek het 'n huisie op die dak

As jy 'n basiese kampwaentjie oorweeg met veilige slaapplek bo-op en geriewe soos 'n ys-vrieskas en ordentlike stoepdak, is die nuwe Traveler so reg in jou kraal, sê **Leon Botha.**

Die Traveler is Awnings Galore Vaal se eerste kampwaentjie. Die onderneming behoort aan Barney en Nikki van der Merwe en hulle fokus onder meer op kamp- en 4x4-seilafdakke. Hulle kundigheid sluit daktente in, wat beteken die kampwaentjie is 'n natuurlike uitvloeisel.

## Van die kant

Die daktent is 1,3 x 2,2 m groot en het 'n deur regs soos jy agter die Traveler staan. Jy klim met 'n 1,7 m-trapleer tot op die bed. Binne-in is 'n USB-sok ingeval jy in die toekoms 'n kragstelsel oorweeg. Aan dieselfde kant is 'n jerrykanhouer bo-op die modderskerm gemonteer.

Die neuskas het plek vir 'n battery, en aan die agterkant slaan 'n groot deur plat. Dit gee jou toegang tot die glyraam en vier ammokiste. Daar is ook oop pakruimte onder die glyraam vir bonkige kamptoerusting.

Die ys-vrieskas ('n 95 ℓ-Flex) trek naby die neuskas uit die linkerkant van die romp. 'n Gassilinderhouer (vir silinder van tot 5 kg) is langsaan ook bo-op die modderskerm vir byvoorbeeld 'n los gasstoof.

Die L-stoepdak slaan oop oor die hele stert- en linkerkant en het vlekvryestaalarms. Dit kan sonder enige versterking winde van tot 20 km/h trotseer, maar gebruik die los aluminiumstutpale en die ankertoue as die wind handuit ruk.

Burquip bou die onderstel, en die romp bestaan uit staalplaat wat gespuitverf word.

## Wat is standaard?

Die volgende items is deel van die standaardkoop: Die daktent met USB-sok; matras en 1,7 m-leer; L-stoeptent met stutpale en ankertoue; 95 ℓ-Flex-ys-vrieskas op 'n glyraam; 4 ammokiste, ook op 'n glyraam; 'n jerrykanhouer; gassilinderhouer; en die neuskas.

### SPESIFIKASIES

| | |
|---|---|
| **Model** | AGV Traveler |
| **Slaapplek** | 2 volwassenes en 1 kind |
| **Grootte** | 3,6 x 2,06 x 1,65 m |
| **Tarra** | 250 kg |
| **Dravermoë** | 500 kg |
| **BVM** | 750 kg |
| **As** | 750 kg (ongerem) |
| **Wielgrootte** | 13 duim (15 duim 'n opsie) |
| **Onderstel** | Staal |
| **Romp** | Staal met spuitverf |
| **Prys** | R120 000 |

**HANDELAARSNETWERK** Verkope uit die fabriek op Meyerton.
**Kontak** 082 407 5315 awningsgalore.co.za nikkivdm3@gmail.com

B EB

TEER GROND 4x4 1500 kg





R120 000 | AGV TRAVELER | BVM 750 kg

**VAN DIE MEDEDINGERS**
**Klein kampwaens met slaapplek bo-op en 'n BVM van 750 kg**



R105 500 **MOREMI XL**
Geremde as (staal-en-aluminiumromp).




R148 947 **ECHO 3 LEGEND**
Basiese wa en daktent (elektro-gegalvaniseerde romp).



R149 900 **OUTBOUND BREEZE**
Het 'n gasstoof en basiese kragstelsel (aluminiumromp).

(Standaardpryse)









BADGER
ADVENTURE
CARAVANS





## BADGER EXTREME

### MET STORTEENHEID

1. Neuskeëlberging
2. Hangkas
3. Bergingskas
4. Rak
5. Opvoutafel
6. Opgestopte kopstuk
7. Dagbed (weggevou)
8. Slaapbed (heeltemal uitgetrek)
9. Onderbedberging
10. Paalberging
11. Ingangstrappie
12. Buitekombuis
13. Uittrek-stooflaai
14. Ys/vrieskas
15. Laaie
16. Noodwiel onder stort-area
17. Stort & toilet
18. Stortroos & -pyp
19. Opwasbak
20. Droogtafel



# Weerlig slaan twee keer

Elektriese voortuie blyk ons voorland te wees, hoewel dit darem nog 'n hele paar jaar gaan vat voor ons noodgedwonge van ons binnebrandenjins ontslae moet raak, sê **Cyril Klopper.**

Die eerste Lexus UX 300e is in 2019 bekend gestel, maar die opgeknapte 2023-model spog nou met 'n stewiger skulpraam met 20 ekstra sweiskolle en 'n groter battery (72,8 kWh teenoor die vorige 54,3 kWh), wat sy reikafstand met 40% verbeter.

Nou kan jy 450 km aflê voordat jy moet herlaai, en jy behoort dus van Kaapstad tot op Beaufort-Wes of van Pretoria af Bloemfontein toe te kan ry. 'n Snellaaier van 50 kW sal dan sowat 'n uur neem om die battery op te top, maar as jy hom by 'n gastehuis se muursok inprop, gaan dit minstens 16 uur neem voor jy weer in die pad kan val. Ons hoop van harte Bloem kry nie beurtkrag as jy daar aanland nie.

Toyota en Lexus wed egter op 'n toekoms waarin die kragkrisis opgelos gaan wees.

"As Lexus se eerste volledig elektriese model omhels die UX 300e die ontwikkeling en evolusie van gevorderde tegnologie, terwyl ons die eienskappe verbeter het wat uniek is aan 'n suiwer elektriese voertuig. Die belangrikste is dat ons op grond van die 'Always on'-filosofie die reikafstand aansienlik vergroot het. As 'n pasaangeër vir 'Lexus electrified' is die verfyning van die UX 300e 'n kernstap op die pad na 'n koolstofneutrale samelewing," sê Mitsuteru Emoto, hoofingenieur van Lexus Internasionaal.

## Binne en buite

Die Lexus UX 300e kry 'n nuwe multimediastelsel, en die raakskerm se resolusie is hoër as tevore. Die skakelaars se plasing op die instrumentepaneel is hersien volgens die terugvoer van klante, en daar is nou C-tipe USB-sokke wat jou selfoon vinniger herlaai.

'n Aardigheid is die reikafstandleser wat 'n simbool vir 'n petrolpomp gebruik, en langsaan is 'n analoognaald wat 'n vol, half en leë "tenk" aandui, nes met 'n brandstofaangedrewe voertuig.

Daar is 'n app vir jou selfoon wat onder meer die Lexus se batterylading wys plus 'n kaart waarop laaistasies aangedui word.

## Onder die enjinkap

Hier is uiteraard geen binnebrandenjin nie en die liggewig elektriese motor lê direk bo-op die voorwiele, wat beteken die neus van die voertuig is ligter – dit behoort stuurtraagheid én bakwieg te verminder.

Die swaarste komponent van die Lexus UX 300e is sy battery, maar dié lê onder die vloer waar dit as gawe newe-effek die padgeraas demp – iets wat opvallend is in 'n tjoepstil elektriese voertuig sonder 'n kloppende binnebrandenjin.

Omdat die Lexus UX 300e so stil is, is daar tientalle sensors wat die pad en sypaadjie dophou vir veral voetgangers en diere wat jou nie kan hoor aankom nie. Lexus se aktiewe veiligheidstelsel is sy gevorderste nóg en die vervaardiger beywer hom, nes Volvo, om uiteindelik padsterftes tot nul af te bring.




LEXUS UX 300E

## SPESIFIKASIES

| | |
|---|---|
| **Model** | UX 300e |
| **Enjin** | Elektries |
| **Krag** | 150 kW |
| **Wringkrag** | 300 Nm |
| **Ratkas** | Palwisselratkas |
| **Aandrywing** | Voorwielaandrywing |
| **Batteryvermoë** | 72,8 kWh |
| **Batterytipe** | Litium-ioon |
| **Energieverbruik** | 166,7 Wh/km |
| **Reikafstand** | 450 km |
| **Vinnigeladingstandaard** | CHAdeMO |
| **Gewig** | 1 900 kg (benader) |
| **Afmetings** | 4 495 (l) x 1 840 (b) x 1 545 mm (h) |
| **Laairuim** | 367 ℓ |
| **Sleursyfer** | 0,31 |
| **Wielgrootte** | 215/60 R17 |
| **Maksimumsleepgewig** | Onbekend |
| **Draaisirkel** | 10,4 m |
| **Veiligheidsgradering** | Onbekend |
| **Prys** | Nog onbekend |










Lexus is deel van 'n toenemende aantal voertuigvervaardigers wat koolstofneutraliteit nog binne hierdie dekade wil behaal.

### Hoe vergelyk hy?

BMW se iX3 kos R1,3 miljoen en het 'n reikafstand van 440 km. Hy't ook 'n motor wat 210 kW onmiddellik uitskop.

Jaguar se I-Pace kos amper R1,7 miljoen, maar hy kan 470 km vorder op 'n lading. Sy motor genereer 294 kW en 696 Nm wat dadelik beskikbaar is sodra jy versneller trap. Die I-Pace versnel van 0-100 km/h binne 4,8 s.

Die Audi e-tron se prys is R2 miljoen en hy kan 440 km ry op een lading. Sy topspoed van 200 km/h kan hy binne 5,7 s bereik. Sy kragleweringsyfers is 300 kW en 664 Nm.

Lexus het teen druktyd nog gewik en weeg of die UX 300e na Suid-Afrika gaan kom, maar die blote feit dat hulle ons op hoogte van die voertuig hou, is 'n teken dat hulle hom inderdaad hierheen wil invoer.

## VAN DIE MEDEDINGERS
### Volledig elektriese voertuie



R1 276 400 **BMW iX3 M Sport**

Dit is 'n belangrike model vir BMW en hy vryf nie die feit dat hy elektriesaangedrewe is in jou gesig nie.



R1 687 200 **Jaguar I-Pace S**

Ons kennis rakende elektriese voertuie is beperk, maar hierdie een is die lekkerste wat ons al gery het.



R1 990 000 **Audi e-tron 55 quattro**

Hy's mooi en vinnig, nes dit 'n Audi betaam, en hy't allewielaandrywing om daai wringkrag onder beheer te hou.




NISSAN X-TRAIL

# Tel jou sente

Elektriese voertuie is sekerlik op pad, maar intussen is hibriede rygoed – of weergawes daarvan – dalk 'n beter opsie, sê **Cyril Klopper.**

Nissan is geruime tyd al besig met elektriese voertuie – dink byvoorbeeld aan die Leaf – maar dié voertuigvervaardiger bestee nou hernude energie aan sy geëlektrifiseerde voertuie in die vorm van sy splinternuwe X-Trail, die vierde geslag.

Die X-Trail bly een van die wêreld se gewildste gesinsavontuurvoertuie op die mark – sedert sy bekendstelling in 2001 is meer as 7 miljoen eenhede wêreldwyd verkoop.

Die nuwe X-Trail is 'n elektriese voertuig wat petrol gebruik, maar dis nie werklik 'n hibriede voertuig nie. Later meer hieroor.

## Buite en binne

Die jongste X-Trail is gegrond op die CMF-C-platform wat deur die Renault-Nissan-Mitsubishi-venootskap gedeel word. Dit beteken hy's onder sy dop dieselfde as karre soos die Renault Kadjar en Mitsubishi Outlander. Al vier deure, die voorste kwartpanele en enjinkap is alles van aluminium, om gewig te bespaar.

Binnelangs is daar 'n 12,3 duim-raakskerm en wifi wat met sewe toestelle koppel. Daar is ook 'n 10,8 duim-glasskerm voor die bestuurder waarop allerlei inligting vertoon word.

Maar dis nie die tegnologie binnelangs wat die aandag trek nie; dis eerder die elektriese affêrings onderlangs.

## Onder die enjinkap

In hierdie jongste poging het Nissan die ongewone besluit geneem om 'n 1,5 ℓ-enjin in sy elektriese voertuig aan te bring. Ons sê "enjin", maar dis eintlik 'n kragopwekker wat glad nie die wiele aandryf nie, maar wel elektrisiteit na 'n piepklein 1 kWh-battery stuur (dit dien as 'n buffer). Van daar af gaan die elektrisiteit >










DO-IT-YOURSELF.
LEATHERMAN
BOND.
Vir diegene wat dit alles doen, kry 'n Leatherman wat dit alles doen. Die LEATHERMAN BOND veeldoelige gereedskap is gelaai met swaardiens kenmerke en maak 'n perfekte metgesel vir diegene wat elke dag skep, herstel en bou.
LEATHERMAN
Beskikbaar by alle vooraanstaande buitelug- en gekeurde onafhanklike winkels. Awesome Tools is die eksklusiewe verspreiders van Leatherman-produkte in Suid-Afrika.
Tel +27 21 981 6672 www.awesometools.co.za



na 'n motor op die voorste as en 'n effens kleiner een op die agteras.

Nissan het eintlik drie weergawes van die nuwe X-Trail: die model wat ons hierbo bespreek, die Nissan X-Trail e-Power e4orce; dan 'n gewone e-Power met slegs een elektriese motor op die voorste as; en laastens 'n gewone hibriede model waarin die 1,5 ℓ-enjin nie as kragopwekker werk nie, maar as 'n volwaardige enjin met 'n elektriese motor as bystand.

In die e-Power kon Nissan daarin slaag om gewig af te skud en 400 kg ligter te wees as sy hibriede X-Trail. Brandstofverbruik is ook laer teen 6,4 ℓ/100 km vir die e-Power teenoor 7,4 ℓ/100 km vir die hibriede X-Trail. Die e-Power versnel boonop teen 7,2 s presies 2 s vinniger van 0-100 km/h.

Waarom het Nissan hierdie koers ingeslaan? Die maatskappy begryp dat die grootste deel van die wêreld nog lank nie laaistasies om elke hoek en draai gaan hê nie. Stede kan dalk maklik oorskakel na elektriese voertuie, maar op die platteland gaan dit lank vat voor sulke luukshede algemeen is – om dié rede wek Nissan se "elektriese" motor sy eie elektrisiteit op met 'n petrolaangedrewe kragopwekker.

Is die kool die sous werd? Wel, die e-Power is doeltreffender as 'n gewone hibriede voertuig wat meer op sy binnebrandenjin staatmaak as sy elektriese motor. Hy's ook ligter op brandstof as 'n voertuig met net 'n binnebrandenjin en hy's uiteraard praktieser as 'n suiwer elektriese voertuig. Dus, ja, hy maak sin – selfs al is dit 'n tydelike oplossing totdat laaistasies algemeen is.

### Hoe vergelyk hy?

Honda het een van die meer bekostigbare hibriede voertuie in Suid-Afrika, die Fit, vir net oor 'n halfmiljoen rand. Hy's egter klein met 'n laairuim van slegs 398 ℓ en 'n maksimumsleegewig van 300 kg. Sy brandstofverbruik is wel 3,7 ℓ/100 km – aansienlik laer as die X-Trail.

Toyota het die Rav4 met 'n 733 ℓ-laairuim, 1 t-sleepvermoë en 'n brandstofverbruik van 4,8 ℓ/100 km – glad nie vrot nie.

En dan het ons die spoggerige Volvo XC40 met sy 452 ℓ pakplek – hy kan 'n skaflike 2 100 kg sleep, hoewel sy brandstofverbruik nie besonder goed is nie: 7,8 ℓ/100 km.

Teen druktyd was die spesifikasielys nog kort en Nissan Suid-Afrika het nog nie finaal besluit of die X-Trail hierheen gaan kom nie, maar hy's reeds vir Australië goedgekeur en daarom dink ons die kans is goed dat ons hom ook gaan kry.

## Van die mededingers
**Hibriede kruis- en sportnutse**



**R509 600** **Honda Fit eCVT**
Hy's klein, maar hy gaan vir jou die meeste brandstof bespaar op die lange duur.



**R676 700** **Toyota Rav4 2.5 GX-R E-Four**
Die Toyota het 'n ordentlike laairuim vir jou soort reise en hy's lig op petrol.



**R677 700** **Volvo XC40 Recharge**
Jy koop hom want hy's ougat, maar geld gaan hy jou nie juis spaar nie.

### SPESIFIKASIES

| | |
|---|---|
| **Model** | X-Trail e-Power e-4orce |
| **Enjin** | 1,5 ℓ-kragopwekker en 2 elektriese motors |
| **Krag** | 150 kW voor en 100 kW agter |
| **Wringkrag** | 330 Nm voor en 195 Nm agter |
| **Aandrywing** | Allewieleaandrywing |
| **Brandstofverbruik** | 6,3 ℓ/100 km |
| **Reikafstand** | Ongeveer 1 000 km |
| **Laairuim** | 575 ℓ |
| **Prys** | Nog onbekend |





EAST RAND CARAVAN WORLD
CNR/ ELIZABETH & NORTH RAND ROAD * BOKSBURG * GAUTENG
It`s time to escape!
011-025 7639
www.eastrandcaravans.co.za
Geseënde Kersfees
Ons hartlike wense vir `n gelukkige feestyd!
Dankie vir al u ondersteuning!
Mag jul vakansie sprankel van vreugde en blydskap
LEEFEK
CARAVAN & TRAILER MANUFACTURERS
Adveture Trailers
INFANTA 4X4
Bestuur veilig, geniet die kamp!



# Op die voorstoep van die wildtuin

Malelane is sinoniem met die Krugerwildtuin, maar hier is nóg 'n kampplek, een waar Gary Player nommer 1 was.

Teks en foto's **Leon Botha**

Die vakansietyd is op jou en jy weet jy gaan nie nou kampplek in die Kruger kry nie. Dalk is daar tog 'n gaatjie oop iewers... jy kyk na die suidelike kampe wat nie te ver van Gauteng af is nie.

Die verste een van dié kampe is die beskeie Maroela-satellietkamp naby die Orpen-hek, maar ook dié is volbespreek. In ons geval oorweeg ons nie Satara of Skukuza nie, want ons was net anderdag daar. Maar daar's ook nie goeie nuus elders nie. Onder-Sabie is vol, ook Berg-en-Dal en Pretoriuskop. Én die gewilde Krokodilbrug-kamp...

Maar dan is die geluk aan ons kant: Ons kry sowaar plek in die Malelane-satellietkamp. Dis toevallig die suidelikste kampplek in die Wildtuin en ook die naaste vir die Gautengers.

Dit blyk die kampplek is die Kruger se minder gewilde een, want met ons besoek was daar nog oop kolle. Maar dis Groot Vyf-wêreld, en natuurlik kan jy ver ente gaan rondry om nog wild sien.

Die Malelane-kamp lê teenaan die Krokodilrivier en die Malelane-gholfklub-kampterrein is 2,9 km stroomaf. Dié deel van die rivier is pylreguit, maar maak by die gholfklub 'n es noordwaarts. Dis nie




aldag dat 'n mens by 'n gholfklub kan kamp nie, en te oordeel na al die kampeerders wat ons hier raakgeloop het, kon dit net sowel deel van die Kruger se kampe gewees het.

## MALELANE-GHOLFKLUB
## Ontspan die vere

'n Gholfklub is nie 'n plek vir T-hemde en plakkies nie. Maar jy is 'n kampeerder en dis omtrent jou nasionale drag... en niemand kyk jou skeef aan as jy by die klub se kantoor instap om in te boek nie.

Die gebou is 'n paar verdiepings hoog met 'n groot stoep van waar 'n mens oor die mooiste groen skoonveld kyk wat teen die bult afloop. 'n Enorme waterpyp loop skuins oor die grasperk – dit is die water vir die suikermeule wat jy op die horison sien. Die gholfklub – en natuurlik ook die kampplek – behoort aan hulle. Terloops, die omliggende suikerbedryf het in 1965 op die been gekom en die meule is in 1967 opgerig.

Soos wat 'n mens kan verwag, staan hier ook 'n hele klomp tafels en stoele waar die gholfspelers ná die spel die syfers nagaan om te sien wie is koning vir die dag. Doen jouself 'n guns en kom eet een ontbyt hier – niks kos meer as >

R90 nie – probeer die steak, eier en tjips of die Babalas-burger (met 'n tuisgemaakte pattie, spek, eier en rissies). Kinderetes kos R30. Heel gepas kan jy aansit vir 'n Par 3-, Par 4- of Par 5-ontbyt wat frisser word soos hulle jou bord voller pak (R40-R80).

Hier in die winkel kan jy ook hout en aanstekers koop, en links soos jy instap is daar 'n kitsbank.

**Die kampgedeelte is** agter die klubhuis oorkant die pad, maar terwyl jy jou kom voorstel, stap deur na die badkamers toe, want dis dieselfde geriewe wat kampeerders gebruik.

Die rou siersteenwerk laat 'n mens terugdink aan jou hoërskooldae – daar's selfs 'n glaskas vol trofees. Teen die mure is houtpanele met die name van elke jaar se president, klubkaptein, kampioen en ere-lede daarop. Dan tref 'n inskrywing van 1974 jou oog: "G Player 66 (Pro)". Hier hang selfs 'n paar geraamde reeks foto's waar Gary Player demonstreer hoe hy die bal wegslaan.

Die badkamers is 'n entjie verder in die gang af en is 'n tipiese kleedkamer, met genoeg plek vir 'n rugbyspan.

Die bleek mure is kaal, met een groot geraamde foto soos jy die manskant binnestap. Vir 'n oomblik staan die tyd weer stil terwyl Joel Stransky op Ellispark sy skepdoel deur die pale stuur en die 1995 Wêreldbeker beklink teen die All Blacks.

Die versonke wasbakke is links in 'n ry met een groot spieël wat die hele muur agter dit bedek. Die ses storthokkies is langs en regoor mekaar op die verste punt met neersitplek op 'n bankie in die middel van die lot.

Ook in die oop gedeelte is daar heelwat bankies. Die storthokkies het glasdeure, maar hulle maak oop in die gemeenskaplike gedeelte, wat dit minder privaat maak. Van die teëlwerk in die vertrek is gekraak en lyk oud. Maar alles is aan die kant en skoon, en die warm water se stroom lekker sterk.

Op die punt van die gang – verby die badkamers – is 'n traliehek wat jy met 'n kode oopmaak. Anderkant die hek voel dit of jy op 'n uitkykpunt uitstap: Jy staan bo die Krokodilrivier, en ongeveer 'n verdieping ondertoe lê die die kampplek. Jy kan kies tussen trappies of die skuins betonpaadjie tot in die kampplek, maar vir albei gaan jy reeds vroeg- >


















LEWENSAAR. Die waterpyp wat oor die skoonveld loop, is onooglik maar darem groen geverf. Jy moet dit verskoon, want dit loop na die suikermeule, en as kampeerder is jy bowendien indirek 'n "gas". Nie dat die pyp hoegenaamd in die pad van kampperders is nie.













oggend mooi wakker wees teen die tyd dat jy voor die tralie-hek staan.

**Jy moet skerp links draai** om by die kampplek in te ry, en dis vir langer sleepkombinasies makliker om verby die ingang te ry. Daar is 'n oop ruimte regs waar jy maklik kan omdraai.

Die kampplek is omtrent so groot soos 'n hokkieveld (40 x 80 m) met 'n effense helling van links na regs soos jy inry. Die staanplekke is meestal op die grens, waar heelwat koeltebome is. Ook in die middel is daar 'n koelteboom of twee. Hier en daar staan heuphoogte gemesselde muurtjies op die stuk grond wat 80% toegegroei is met gras. Bo-op die muurtjie is 'n lig en aan die kante kragpunte (die gewone huissok). Hier is geen afgebakende lyne waarbinne jy moet inpas nie.

Die prima staanplekke is heel regs op die punt, op 'n terras wat uitkyk oor die Krokodilrivier en in die verte die Kruger. Dit lyk of so drie gesinne hier kan inpas. Jy gaan die beste sonsondergang in die kamp ervaar. Jy sal dit vir so lank as moontlik moet waardeer, want die plekke kom teen 'n prys:







DIE NODIGSTE. Dis dalk vreemd om as kampeerder die kleedkamer van 'n gholfklub as jou badkamer te gebruik, maar jy kan oor niks kla nie. Dis ruimer as wat 'n mens gewoond is en so skoon as wat dit kan wees.










## Van Malelane tot Malalane

Malalane, voorheen bekend as Malelane, het wat sekerlik een van die grootste voorstellings van 'n wawiel in die land moet wees, 'n wiel met 'n omtrek van 1,1 km. Die oorspronklike straatuitleg van die dorp – wat net meer as 70 jaar gelede gestig is – is in die vorm van 'n wawiel. Net die as het 'n deursnee van 100 m, met agt strate wat dan soos speke uitloop. Die naam Malelane is volgens oorlewering afgelei van die Swaziwoord "emlalani", en afhangend van jou bron beteken dit "plek van die palms" of "plek van die lalapalms". Hoe ook al, die naam is in 2007 al amptelik verander en heet nou Malalane.

Name soos Malelanehek (na die Krugerwildtuin) of die gelyknamige kampplek of gholfklub word glo nie geraak nie.



Hier is omtrent geen koeltebome nie, maar hulle lyk die gelykste.

Die paar geplante braairoosters lyk soos dié wat jy in die Kruger sien. Hulle staan lukraak rond, net soos die paar vullisdromme-op-wieletjies. Personeel met 'n gholfkarretjie kom kry vroegoggend die vullis en sit nuwe sakke in.

Die opwasplek is op die verste punt soos jy ingery kom. Dit is 'n afdak met 'n diep betonbak en twee vlekvryestaalwasbakke – met 'n lang blad waarop jy jou goed kan neersit. Langsaan is 'n paar gemesselde braaiplekke.

Al kamp jy heel veilig langs 'n gholfbaan, is jy net 150 m van die Krokodilrivier se oewer af.

Snags hoor jy 'n paar omgekrapte seekoeie en dalk 'n benoude hiëna. >

> Die prima staanplekke is heel regs op die punt, op 'n terras wat uitkyk oor die Krokodilrivier en in die verte die Kruger.



## Kortliks | Malelane-gholfklub

**Kampplek** 18 staanplekke op 'n skuinste met heelwat koelte.
**Ablusiegeriewe** Deel van die gholfklub se geriewe. Oud, skoon en netjies, maar 'n paar trappies se klim van die kampplek af.
**Prys** R230 p.n. per staanplek (afslag vir pensioentrekkers en kampeerders wat 'n week of 'n maand staan). Tot 6 mense per staanplek.
**Aankoms- en vertrektyd** Tussen 07:00 en 17:00.
**Kontak** 013 790 0283 of 072 592 3613
admin@malgc.co.za
Malelane Golf Club
**Naaste dorp** 7 km buite Malalane en die afdraai 1,6 km voor die Malelanehek van die Krugerwildtuin.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot hier.
**GPS** S25.46415 E31.538823

***Ry & Sleep* sê** Die goeie nuus is dat die kampplek met nog 10 staanplekke gaan uitbrei. As alles volgens plan verloop, sluit dit 'n nuwe badkamergebou in.










MALELANE-SATELLIETKAMP

## Stil-stil

Die Malelanehek is 2,1 km van die gholfkampterrein af, net anderkant die Krokodilrivier. As jy 'n voorsmaak wil kry van wat voorlê, kyk links af soos jy bo-oor die rivier ry, en 'n mens verstaan vinnig waar die rivier se naam vandaan kom.

Daar is nie 'n kantoor by die Malelanekamp nie en jy meld by die Malelanehek aan. Die afdraai na die kamp is 2,2 km verderaan met die teerpad wat jou ook na die Berg-en-Dal-kamp toe neem. Net meer as 'n kilometer verder hou jy weer links by 'n klipbaken met 'n kennisgewing wat lui "Malelane- private kamp". Die netjiese stukkie grondpad van 1,2 km neem jou tot by die hek van die kamp teenaan die Krokodilrivier.

Buiten vir een staanplek regs van die hek strek die res van die kampgedeelte links in die vorm van 'n L, met die lang been (110 m lank) wat by jou begin en die kort been (70 m) wat in die rigting van die rivier swaai.

Die staanplek regs is meer privaat en afgesonder onder 'n lieflike koelteboom, maar jy moet vir lief neem met die verkeer deur die hek.

















SONDER OM 'N VINGER TE ROER. Jy het 'n lieflike uitsig oor die Krodkodilrivier. Voordat jy gaan rondry om te sien watse wilde diere jy elders kan sien, maak eers 'n draai by die uitkykpunt oorkant die verste staanplek.





Die meeste van die ander 14 staanplekke is al teen die kampheining af, en as jy al voorheen in die Kruger gekamp het, weet jy dis die voorkeurstaanplekke. Die geëlektrifiseerde heining lyk wel effens lig in die broek as jy in ag neem hierdie is renoster- en olifantwêreld.

Staanplekke word nie vooraf toegeken nie, en die laatslapers sal tevrede moet wees met 'n staanplek verder weg van die heining af. Die terrein het 'n effense helling rivier se kant toe, maar die staanplekke self is heel gelyk.

Die koeltebome is skaarser teen die lang been, maar die oop ruimte op jou staanplek vergoed daarvoor. Die Fredlin-kragpunte is net op sommige staanplekke – bring dus 'n koord van 30 m. Hier is 'n hele paar geplante braaiplekke, maar ons het ook 'n paar losstaandes gesien. Vullis word verdeel in herwinbare en nie-herwinbare afval.

Behalwe as jy die stil staanplek verkies, is die voorste staanplek op die punt van die kort been. Dit is onder 'n groot ou maroelaboom. Dit is die naaste staanplek aan die kant van die rivier, wat so 80 m weg is. Malalane, die dorp, is nou skuins regs van jou anderkant die rivier, en voor jou sien jy suikerrietplase.

Skuins regs van die laaste staanplekke is 'n lieflike tuin – met selfs 'n kremetart of twee – met 'n ewe mooi uitsig oor die rivier. Op die oorkantse rivieroewer wei >








'n goeie 20 stuks olifante terwyl hulle stadig in die rigting van die Malelane-gholfklub beweeg.

**Die badkamers is regoor** die eerste staanplekke, en dit is net so beskeie soos die kampplek self. Sedert ons besoek agt jaar gelede is die binnekant wel opgeknap. Die uitleg is dieselfde, maar die olyfgroen teëls teen die mure is met wit teëls vervang en die twee versonke wasbakke in die geteëlde blad is nuut. Hulle is nou ovaalvormig, en pleks van 'n warm en koue kraan het elkeen nou een mengkraan. Daar is steeds spieëls bo elk van die wasbakke, maar nou dubbel so groot.

Ook die storthokkies is nuut. Die wit teëls sorg vir 'n ruimer gevoel en die nuwe mosaïekteëls in die trog is soortgelyk aan dié by die wasbakke. Die opslaanbankie is nog daar en jy moet steeds vrede maak met die stortgordyn. >



HOU BY BLOU. Die Kruger het een besliste konstante: Die blou Fredlinsok. Die kragpunte staan dalk nie ewe naby aan jou staanplek nie, wat beteken 'n verlengkoord is 'n gegewe.

## Kortliks | Malelane-satellietkamp

**Kampplek** 15 gelyk staanplekke – die meeste teenaan die heining en met 'n paar koeltebome.
**Ablusiegeriewe** Klein, maar jy kan dit deur 'n ring trek.
**Prys** Afhangend van die seisoen R330-R450 p.n. per staanplek vir die eerste 2 mense; daarna R104 p.p. (R52 vir kinders). As jy nie 'n Wild Card het nie, moet jy ook 'n bewaringstarief van R115 p.d. betaal (R57 vir kinders). Tot 6 mense per staanplek.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 013 735 6152 (Malelane)
reservations@sanparks.org
sanparks.org
**Naaste dorp** Malalane 11 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 1,2 km is 'n netjiese grondpad.
**GPS** S25.476524 E31.511334

***Ry & Sleep* sê** 'n Stil kampplek sonder geriewe soos 'n winkel of swembad.


LEDLENSER
POWERUP
BE CREATIVE
HAVE FUN
PLAY AROUND
www.ledlenser.co.za
Beskikbaar by alle vooraanstaande buitelug- en gekeurde onafhanklike winkels. **Awesome Tools** is die eksklusiewe verspreiders van Ledlenzer-produkte in Suid-Afrika.
Tel +27 21 981 6672 www.awesometools.co.za







OPGEDOLLIE. Die binnekante van die badkamers en kombuis is vernuwe en het nuwe teëls gekry. Die uitleg bly soos voorheen.

Die kombuis is langs die badkamers en is ruim genoeg dat ’n paar vreemdelinge kan werskaf sonder om in mekaar se pad te kom.

Hier staan ’n vierplaatgasstoof, ’n kisvrieskas waarin ’n bees omtrent kan pas, en dan meer as genoeg werkoppervlakke én natuurlik die wasbakke.

Hierdie geriewe is ook opgeknap: Daar’s nuwe vloerteëls in die vertrek en die afwerking van die werkblad is opgeknap. Die melamien is met ’n geteëlde blad – ook mosaïek – vervang.

Hiernaas is ’n volgende kombuis onder ’n oop grasdak met ’n klompie los tafels en stoele. Dis ook opgeknap: Die elektriese tweeplaatstoof maak plek vir een vierplaatgasstoof en die werkblad langs die wasbak is nuut.

Daar’s ’n staanyskas en die getrouste kneg wat jy regdeur die Kruger sien: die kitswarmwatertoestel.

## Hiermee het ons gesleep

Dankie aan Nissan en Leefek vir die gebruik van die Navara PRO-2X en die Tourer SX Enduro-woonwa.

Ons het in Februarie 2022 al die geleentheid gehad om agter die stuur van die nuwe Navara in te klim. In dié toets het die PRO-2X ’n verbruik van 14,9 ℓ/100 km gegee oor ’n afstand van 146 km. Dit was merendeels by die kus met ’n Bush Lapa Baobab (BVM 1 800 kg) op die haak.

Vir hierdie reis het ons in die dunner lug van Johannesburg weggespring en 1 043 km afgelê met die draaipunt duskant Komatipoort. Van hierdie afstand was 850 km met die woonwa en hoofsaaklik op ’n snelweg. Die res van die kilometers was sonder die woonwa, meestal in bewoonde gebiede – wat ons dan ’n gekombineerde verbruik gee.

Die Tourer se BVM (1 450 kg) is 350 kg ligter as dié van die Baobab, maar die tarragewig vir albei woonwaens is net meer as ’n ton. Die Baobab het wel ’n effens kleiner windweerstand omdat hy kleiner is as die Tourer. Die Tourer is ’n goeie 22 cm breër en 1,5 m langer.

Ons het ’n skaflike 13,8 ℓ/100 km gekry – dus 8% beter as in die sleeptoets. Dit verleng die reikafstand met 42 km.

Vir meer besonderhede oor die PRO-2X, sien gerus die Februarie-Maart 2022-uitgawe van *Ry & Sleep.*




**SPESIFIKASIES**

| | |
|---|---|
| **Model** | 2.5DDTi PRO-2X (outomaties) |
| **Enjin** | 4 silinder-turbodiesel |
| **Krag** | 140 kW @ 3 600 r.p.m. |
| **Wringkrag** | 450 Nm @ 2 000 r.p.m. |
| **Ratkas** | 7 spoed-outomaties |
| **Aandrywing** | Agterwiele met elektroniese ewenaarslot agter |
| **Tenk** | 80 ℓ |
| **Gekombineerde brandstofverbruik** (met en sonder wa) | 13,8 ℓ/100 km |
| **Gekombineerde reikafstand** | 578 km |
| **Tarragewig** | 1 943 kg |
| **BVM** | 3 115 kg |
| **BKM** | 6 130 kg |
| **Sleepvermoë** | 3 500 kg |
| **PRYS** | R756 500 |

# SUID-AFRIKAANSE WOONWA-ASSOSIASIE

## KOM KAMP SAAM. DIE SUID-AFRIKAANSE WOONWA ASSOSIASIE (SAWA) NOOI JOU OM DEEL TE WORD VAN ONS KAMP-VRIENDEKRING.

Met die aanskaf van jou woonwa, boswa, ryhuis, kampsleepwa of tent het jy dalk gou die toerusting uitgetoets. Julle is nou al goed ingerig, maar iets kort.

Die SAWA kamp-ervaring is vir jonk en oud. Kom deel in die voordele wat SAWA jou bied. SAWA sal jou kamp-ervaring verbeter, maar jy kan ook deel in die voordele wat lidmaatskap jou bied. SAWA lede verkry kortings by sommige oorde, kortings op sekere aankope, asook kortings op sekere voertuie. Ons ervaar ook beter veiligheid in groepverband. Die kampstories wat ons deel is lekker onthou-kos.

Vir ons is dit nie net lekker om te kamp nie, maar ook om die ervaring met mense te deel met soortgelyke waardes en norme. Jy het nie noodwendig 'n woonwa nodig nie, jou tent is voldoende om deel te raak van die lekker SAWA kamp-ervaring.

Jou woonwa of buitelug handelaar kan aan jou die toerusting verkoop, maar die ervaring en goeie gebruik van jou toerusting gaan jy kry deur gereeld saam met jou familie en vriende te kamp. SAWA is verdeel in gebiede en streke deur Suid-Afrika wat saamtrekke vir hul lede reël in 'n veilige omgewing en gemoedelike atmosfeer. Ons nooi alle belangstellendes wat 'n SAWA kamp-ervaring wil deel, om met ons te skakel by sawa_admin@sawa.org.za sodat ons jou na die naaste streek kan verwys.

As jy meer wil lees oor ons saamtrekke, ons kampprogram of net stories wil lees oor ons kampaktiwiteite, gaan besoek ons webwerf by www.sawa.org.za









**Kyk die kampprogram op www.sawa.org.za**

GEBORG DEUR HI-TEC

# DIE DAKTENT VOORDEEL

**Daktente is 'n groot oplossing wanneer jy toer of lank kamp.
Daktente het 'n rits voordele, soos om weg te wees van diere, weg van lopende oppervlakwater wanneer dit swaar reën en weg van ongelyke grond en rotse in jou heup of rug. Dit bied ook maklike opstel en wegpak sodat jy meer tyd het vir die dinge waarvan jy hou.**



- Aluminium- en staalkonstruksie met dakisolasie
- Gekombineerde matras, 8cm dik van 220 x 130cm
- 280gsm Ripstop-polikatoen met muggiedigte gaas
- 82kg, 20 x 140 x 19cm afmeting tydens vervoer
- Perfek vir groot SNV's en staal/allooikappies



- 71 vierkante voet (6.6m2) dekking
- 25/22mm- buisvormige aluminiumraam en -steunpale
- 280gsm Ripstop-polikatoenafdak met watergraad van PU2000

*Byvoeg-opsie*



**LED-ligstel**

Ontwerp om te integreer by die C-kanaal-dak, 830 lumen en drie kleurstellings: koel, helder wit en geel


IRONMAN
4 X 4
NUUT
SWIFT 1400 DAKTENT
VANAF
R39995.00
BTW ingesl.
DELTAWING 270° XTR-71
VANAF
R10000.00
BTW ingesl.
Teken in op ons YouTube Kanaal
IRONMAN 4X4 AFRICA
Ironman 4x4 Sentrum | 1 Voortrekker Road, Alberton | Tel: +27 11 0583026 | www.ironman4x4.co.za



# Die rivier wat vrylik gee

Antieke wêreldkaarte, soos die Cantino-kaart wat uit 1502 dateer, het nie net fabelagtige kreature soos meerminne uitgebeeld nie, maar ook allerlei fiktiewe plekke. Europeërs het byvoorbeeld geglo daar's 'n groot rivier aan die westekant van Suider-Afrika wat van noord na suid loop. Dié denkbeeldige rivier het bekend gestaan as die Vigiti Magna – Latyns vir "groot mag" – en hy't sy naam gekry lánk voordat 'n wit mens ooit die rivier onder oë gehad het. Op die oewer van die Vigiti Magna het 'n mitiese goudstad met dieselfde naam blykbaar gestaan. Die veronderstelling was deels gegrond op stories wat Arabiese handelaars – wat sedert die agste eeu reeds met Afrika handel gedryf het – aan Europeërs vertel het.

Laai jou visstok en ry styf teenaan Suider-Afrika se langste rivier, van sy oorsprong tot by sy monding. Hier gaan ons!

**Ons reis begin** by die bopunt van die Sanipas, die naashoogste bergpas in Suid-Afrika. Jy kon gisteraand nesskop by een van drie blyplekke: die Sani Mountain-lodge (bekend vir die hoogste kroeg in Afrika), die Sani Top-backpackers met 'n klein kampterrein (hier is slegs twee braaiplekke) en Masoba-Soba-lodge, ook met 'n aangename kampplek.

Vanoggend waai daar 'n skril windjie oor die hange van die Drakensberg.




Volg die Oranjerivier van sy oorsprong tot waar hy in die Atlantiese Oseaan uitmond. Op pad sal jy sien presies hoe kosbaar Suider-Afrika se langste rivier is.

Teks en foto's **Cyril Klopper**

Jy moet liefs nie later as 07:00 vertrek nie, want 'n lang dag lê vir ons voor. Ry met die oggendson in jou truspieëltjie en volg die A14-teerpad oor die Koti Se Phola-pas (364 m hoër as die Sanipas) tot op die dorp Mokhotlong – 'n afstand van 53 km wat 'n uur en 'n half neem om af te lê.

Mokhotlong – dié Sothonaam beteken "plek van die kalkoenibis" – het geen straataanwysers nie; jy volg die hoofstraat tot 150 m vóór die Puma-vulstasie waar jy links draai op 'n voosgeryde teerpad wat jou mettertyd verby die dorp se vliegveld neem. Die teerpad raak grondpad op die dorp se buiterand en kronkel vir die volgende 40 km langs die Senqurivier die berge in. Senqu is die Sotho's se naam vir die Oranjerivier en dit beteken "Swartrivier".

Die grondpad is plek-plek erg verspoel en jy gaan beslis viertrek moet inhaak. Die Jeep Gladiator waarmee ons toer, het Fox-vering en 35 duim-modderbande wat fynhout maak van die verspoelings (lees gerus ons ry-indruk op bl. 88), maar 'n gewone bakkie gaan waarskynlik effens meer sukkel.

Die padoppervlak raak wel beter hoe verder jy van Mokhotlong af wegkom. By die nedersetting Thanyaku ry jy deur 'n rivier met dieselfde naam, en kort anderkant Thanyaku se landingstrook draai jy links, dieper die berge in. >



Ons volg nou ’n tweespoorpaadjie vir 3 km tot waar jy deur die smal boloop van die Oranjerivier ry. Die tweespoor loop nóg verder die berge in, deur swart modder met die tekstuur van wondergom, maar hy neem jou verder van die rivier af weg, en daarom is dit híér waar jou vertroudheid met die Oranjerivier begin. Dit is die naaste aan die bron van die Oranjerivier waar jy met al vier wiele in sy water kan staan.

Dit het ongeveer twee uur geneem om die 40 km van Mokhotlong tot hier te ry, en nou keer ons terug soontoe om brandstof in te gooi. Suid-Afrikaanse banknote word aanvaar en die wisselkoers is 1 tot 1.

Volg nou die A14-teerpad suid tot by St. James Crossing waar jy regs draai op die A3-grondpad. Hierdie grondpad is plek-plek erg sinkplaat gery en neem jou oor die Sehonghongrivier, Menoanengpas en Linakengrivier tot by Taung in Lesotho. Hier draai jy links op die Qachasnekpad en ry oor die Linotsing-rivier, Sehonghongpas en Matabengrivier.

> “Vanoggend waai daar ’n skril windjie oor die hange van die Drakensberg.”




















BERGKONINKRYK. Namibië is bekend vir sy grondpadsnelweë en Lesotho vir sy grondpadbergpasse. Jou lekkerste oornagplek gaan die Bob Phillips-kamp (regs) op die Matabengpaspad wees.



By die afdraai vir die Matabengpas wat na die Sehlabathebe- nasionale park toe loop, draai jy links. Die koördinaat is S29.80784 E28.81980. Volg die grondpad vir skaars 500 m tot jy by 'n klompie bome kom. Dit is die Bob Phillips-kampplek waar jy vanaand oornag. As alles goed verloop het, behoort jy tussen 16:00 en 17:00 hier op te daag.

Die kampplek is in die jare sestig deur die padmaker Bob Phillips gestig toe hy die eerste Dak van Afrika-tydren beplan het. Deesdae betaal jy 'n tarief van rondom R40 wat aan die plaaslike hoofman gaan. Jy moet die kampbestuurder, Johannes Motlatsi, voor die tyd per WhatsApp laat weet jy is op pad, want daar is nie selfoonontvangs by die kampplek self nie. Johannes praat vlot Engels en sy nommer is 00 266 56 556 174.

Dis 'n lekker kampplek langs die kabbelende Matabengrivier. Hier moet jy 'n puttoilet gebruik – en hoewel dit erg stink, is die toilet silwerskoon. Veewagters keer saans met hulle kudde hierlangs terug en hulle sal jou dalk vra vir 'n koeldrank of iets te ete.

As jy nie wil nie, hou hulle bloot verby sonder om jou verder te pla.

**Op die tweede dag** van jou reis ry jy terug na die hoofgrondpad waar jy links draai in die rigting van Qachasnek. Die grondpad is 70 km lank en loop betreklik naby aan die Oranjerivier.

Naby die einde van die grondpad sal jy die verstommende Tsoelike-bergpas met sy 10 haarnaalddraaie aantref – sommige van hulle het 'n betonblad en ander is grondpad. Ons sluit kort hierna aan by die A4-teerpad wat Qachasnek en Telebrug verbind.

Van hier af loop die teerpad styf teenaan die rivier en jy sien elke hoek en draai tot die water later in 'n doolhof van klowe en ravyne wegraak.

Ry oor die Lebelonyanapas en Devil's Staircase tot op die dorp Quthing waar die Oranjeriver weer sy verskyning maak. Teen dié tyd is hy lekker vet gevoer deur verskeie bergstrome en lankal nie meer die skugter stroompie wat jy gister noord van Mokhotlong ontmoet het nie.

Jy steek die Lesotho-grens by Telebrug oor en ry Suid-Afrika binne. Die berge is vir eers iets van die verlede en die wêreld voor jou is redelik plat – en dit sal so bly totdat jy oor 'n paar dae in die Richtersveld aankom.

Die naaste veilige en skoon oornagplek is die dorpie Lady Grey, sowat 70 km hiervandaan. Lady Grey se woonwapark was egter in 'n gehawende toestand met ons besoek en die ablusieblok se toilette is almal verstop. Ons raai jou aan om eerder by Miller's Wood Cabins oor te bly. Hier staan vier netjiese houthuise (die vierde is 'n skakelhuis met twee eenhede) en elkeen het twee slaapkamers, 'n badkamer, TV-kamer en kombuis.

Onder die stoep se dak is daar ook 'n jacuzzi en braaiplek.

As jy graag wil kamp, sal Jan Miller, die eienaar van Miller's Wood Cabins, een van die huisies oopsluit sodat jy toegang het tot 'n badkamer terwyl jy jou boswa of tent op die grasperk staanmaak.

**Die derde dag** van jou reis teenaan die Oranjerivier is sowat 400 km lank en gaan minstens agt uur duur. Volg die R58-streekspad tot op Aliwal-Noord waar jy die Oranjerivier die eerste keer in Suid-Afrika oorsteek, met die Generaal Hertzog-brug.

Jy verruil die Oos-Kaap vir die Vrystaat, en 1 km anderkant die brug draai jy >

links op 'n grondpad – hier is geen padteken nie, maar die koördinaat is S30.67494 E26.70377. Volg die grondpad vir 45 km tot by die hek van die Tussen-die-riviere-natuurreservaat. Toegang kos R100 vir dagbesoekers en die hekwag sal verduidelik hoe die elektroniese betaling werk. Geen kontant word aanvaar nie.

Van hier af kan jy óf die Caledon-rivier- óf die Oranjerivierroete deur die reservaat neem – ons kies uiteraard laasgenoemde. Die pad draai by die samevloeiing van die Caledon- en Oranjerivier – op 'n heel ondramatiese wyse. Dis bloot 'n rietbedekte moeras, maar die Oranjerivier is ná die ontmoeting wel beduidend breër.

Die volgende dorp op jou weswaartse reis is Bethulie in die Vrystaat. Bethulie het as sendingstasie op die plaas Groot-Moordenaarspoort begin en is tot Boesmanskool herdoop omdat dit 'n bymekaarkomplek vir die Khoisan was. Die naam is later verander na Caledon, maar omdat daar reeds 'n Caledon in die Kaapkolonie was, is dit wéér herdoop: eers tot Verruelpolis en daarna Bethulie, 'n Bybelse naam wat "jonkvrou van die Heer" beteken. Die naam is 'n sesde keer verander tot Heidelberg, maar omdat ook daardie naam reeds gevat was – in die Kaap én in die Transvaalse Republiek – het dit uiteindelik weer terugverander na Bethulie.

Dit is 'n effens vreemde dorp wat lyk of dit eens op 'n tyd 'n lekker plek was. Die Mynhardt-wildtuin – dalk genoem na die ontslape akteur Patrick Mynhardt, wat hier gebore is – is oorgroei deur onkruid en uitheemse bome. Die vakansieoord langs die Bethuliedam is 'n bouval en die eens fraai Bethulie-kragstasie se deure is gegrendel en die elektriese wisselstroom gons lank nie meer nie. Die enigste monument wat goed opgepas is, is die Kampkerkhof; 'n monument opgedra aan die 1 737 vroue en kinders wat gedurende die tweede Anglo-Boereoorlog hier in 'n Britse konsentrasiekamp gesterf het in haglike toestande.

Volg nou die R701-streekspad na die Gariepdam. Die 88 m hoë damwal is in Augustus 1969 voltooi (destyds die Hendrik Verwoerddam) en het 'n volume van 5 346 hm³ – dit is 5,3 miljoen megaliter – wanneer hy propvol is. Die dam verskaf water aan honderde plase in die omgewing deur middel van 'n kanaalnetwerk en pypleidings, maar ook elektrisiteit deur 'n hidroëlektriese kragstasie onder die damwal wat tot 360 MW genereer.

Ry oor die damwal – dit is die derde keer dat jy die Oranjerivier oorsteek – en dan oor die enkelbaanbrug onder die damwal vir 'n vierde keer oor die rivier, en keer terug na die R701-streekspad.







'n Mens sou dink die kanaalnetwerke en pompstasies het die rivier teen dié tyd gehalveer, maar die Oranjerivier onder die dam lyk nog breed.

Nou ry ons met 'n teerpad oor die N1-snelweg tot by 'n T-aansluiting waar jy links draai op 'n grondpad en die Oranjerivier vir 30 km weswaarts volg. Die grondpad loop dood in die R717-streekspad waar jy links draai in die rigting van Colesberg, waarna 'n betonbrug ons 'n vyfde keer oor die rivier neem – jy verlaat ook nou die Vrystaat en ry die Noord-Kaap binne.

Ons gaan egter nie vandag op Colesberg kuier nie en draai eerder op die buiterand van die dorp af op die R369-streekspad na Petrusville, deel van die Renosterberg-munisipaliteit. Petrusville het as veepos begin en is genoem na Petrus "Oupa Pietjie" van der Walt, 'n veeboer van die plaas Rhenosterfontein. In 1876 is grond opsy gesit vir 'n NG kerk, en ses jaar later, nadat Oupa Pietjie oorlede is, is die hele plaas deur die kerk gekoop. Die dorp wat hieruit onstaan het, het die geliefde boer se naam gekry.

Hier's nie veel te sien en doen op Petrusville nie en ons stryk eerder aan in die rigting van Vanderkloof. Dis laatmiddag, en 3 km vóór Vanderkloof draai ons links af na die vakansieplaas Sandgat, jou slaapplek vir vanaand.

Sandgat se kampterrein lê teen die Oranjerivier en is immergewild onder hengelaars en vakansiegangers. Elke staanplek is onder 'n treurwilgerboom en het kraanwater, krag en ablusiegeriewe binne stapafstand. Hier is ook 'n winkel en saal waar daar saans groot makietie gehou word.

Die lekkerste is egter om op die grasbedekte oewer te ontspan en tot laataand toe vis te vang.

**Die vierde dag** van ons Oranjerivierroete is uitdagend, want jy moet 500 km aflê, wat nagenoeg nege uur gaan duur. Ons lê eers besoek af aan die 108 m hoë wal van die Vanderkloofdam (die hoogste van sy soort in Suid-Afrika) en ry daarna oor die brug aan die voet van die damwal – dis nou jou sewende keer oor die Oranjerivier en jy's vlugtig terug in die Vrystaat. Ook hier word miljoene liter water per dag uit die Oranjerivier gelei na plase en dorpe in die omgewing, maar steeds kry dit nie die rivier onder nie en sy stroom bly betreklik breed, hoewel hy nie meer heeltemal so diep is nie.

Ry met die Luckhoffpad tot by die R48-streekspad en draai links terug rivier se kant toe. Ná slegs 4 km op die R48 sal jy 'n padpredikant vir Bleskop en Kalkplaat teëkom. Die name op die padteken is deur die son verdof en jy gaan slegs die "op" en "plaa" van Bleskop en Kalkplaat >



... hier word miljoene liter water per dag uit die Oranjerivier gelei na plase en dorpe in die omgewing...



RAAK RUSTIG. Die Gariep- (bo en oorkant links) en Vanderkloofdam is die vernaamste damme in die Oranjerivier se loop. Die vakansieplaas Sandgat (links en regs) op die oewer van die Oranjerivier is 'n gawe plek om te ontspan.



uitmaak. Draai hier regs op 'n teerpad wat mettertyd grondpad raak en jou uiteindelik 'n agste keer oor die Oranjerivier tot op die dorp Orania in die Noord-Kaap neem.

Orania het in 1963 ontstaan as 'n werkerskamp vir die departement van waterwese wat die Vanderkloofdam se netwerk besproeiingskanale moes bou. Die kamp het oorspronklik Vluytjieskraal geheet, maar dis later in 'n naamgeekompetisie tot Orania herdoop. Orania toon merkwaardige welvaart met netjiese huise en 'n moderne industriële buurt, en die dorp kry glo eersdaags sy eie universiteit.

Volg nou die R369-streekspad na Hopetown, ook in die Tembelihle-munisipaliteit. Dié dorp is bekend as die plek waar die eerste diamant in Suid-Afrika in 1866 ontdek is. Dis genoem na maj. William Hope, in daardie stadium die ouditeurgeneraal van die Kaapkolonie.

Ry met die N12-snelweg oor die Oranjerivier – jou negende keer – en draai kort hierna links af op die R385-Douglaspad. Ná slegs 3 km draai jy weer links, terug na die rivier toe, en ry oor die geskiedkundige eerste brug oor die Oranjerivier.

Die rivier is nou heelwat smaller, maar steeds is hier 'n groot pompstasie wat gretig weglê aan die water om die nabygeleë mielielande water te gee.

Volg die grondpad na Douglas en ry 'n elfde keer oor die Oranjerivier met die R357-teerpad. Ná 10 km sal jy 'n padteken teëkom met die woorde "Vaal-Oranjerivier-samevloeiing". Draai hier links en ry na 'n uitkykpunt wat plaaslik bekend staan as "die neus".

By die neus loop 'n vet Vaalrivier uit die noorde en 'n skraal dog trotse Oranjerivier uit die suide mekaar trompop. Dié twee groot waters het dieselfde kleur en nie een is meer vaal of oranje as die ander nie, maar waar hulle bots, is dit inderdaad onstuimig en die gesamentlike watermassa swenk met 'n 90°-hoek weswaarts. Dit kos R50 per voertuig om die neus te besoek, en dis elke sent werd om te sien hoe die Oranjerivier genees word deur die Vaalrivier se bydrae.

Douglas is die geboortedorp van die digter Ingrid Jonker. Die oorspronklike naam was Gouchanub, wat in die Griekwataal "kameeldoringboom" beteken. Dit is later deur die Londense Sendinggenootskap herdoop ter ere van die Kwakersendeling James Blackhouse, maar in 1867 is goew. Percy Douglas vernoem.



LEWENSAAR. Vanderkloof het die hoogste damwal (links en regs) in Suid-Afrika, in Orania staan 'n Koeksistermonument (inlas) en by die samevloeiing van die Vaal- en Oranjerivier (heel onder) bruis die water behoorlik.











> ... steeds kry dit nie die rivier onder nie en sy stroom bly betreklik breed...



**Vinnige feite**

| | |
|---|---|
| **2 432 km** | Lengte van die Oranjerivier, die langste in Suider-Afrika |
| **2 850 km** | Lengte van die Donaurivier, die langste in Wes-Europa |
| **365 m³** | Hoeveelheid water wat per sekonde in die see by Oranjemund uitstort |
| **56** | Padbrûe oor die rivier – driwwe, voet- en treinbrûe uitgesluit |
| **15** | Aantal dorpe langs die Oranje met ’n bevolking van groter as 1 500 |



Ry deur Douglas en draai kort nadat jy die Vaalrivier oorgesteek het, links op die Griekwastad-Niekerkshooppad. Hierdie grondpad het 11 plaashekke wat jy agter jou moet toetrek en volg die Oranjerivier nouliks tot op Prieska waar jy die magtige Oranje ’n twaalfde keer oorsteek.

Prieska is ’n vervorming van die Korananaam “Priskab” wat “plek van die verlore bokooi” beteken. ’n Interessante storie lui dat ’n wit seun met blonde hare en blou oë deur die Korana in die Priskab-omgewing grootgemaak is. Toe ’n veldkornet uitvra oor die seun, ontdek hy die seun is as baba uit die Boland ontvoer. ’n Landdros en twee bloedfamilielede het die seun en sy aangenome familie besoek en hom probeer terugneem na die Boland, maar uiteindelik is besluit om hom eerder by sy Koranagesin te los.

Volg nou die N10-snelweg tot by Marydale en draai kort daarna regs af op die Boegoebergdampad. Jou volgende slaapplek is die Boegoebergdam-vakansieoord langs die Oranjerivier. Hier is ’n kafee met basiese proviand en braaihout, ’n swembad en klimraam vir die kinders, 22 staanplekke langs die rivier met elektrisiteit, water en skaduwee, en 100 staanplekke daarsonder.

Die hengelgeleentheid hier is uitstekend; as jy die regte pap aanmaak, trek jy dalk ’n lywige vis uit vir vanaand se braai.

**Dit is die vyfde dag** van jou reis en jy ry verby dors pompstasies en kanale wat aan die Oranjerivier teug. Die eerste dorp op vandag se roete is Groblershoop, deel van die !Kheis-munisipaliteit. Terloops, op sommige antieke kaarte waarop die Vigiti Magna uitgebeeld is, verskyn die mitiese goudstad halfpad tussen waar Prieska en Upington vandag lê, dus Groblershoop...

Die dorp het egter nie veel besienswaardighede nie – hier is beslis geen goudstad nie – en jy ry ’n dertiende keer oor die Oranje, dié slag met die N8-snelweg. Skaars 4 km anderkant die rivier draai jy links af op die Garieppad wat jou op die gehuggie Gariep besorg. Hier ry jy die veertiende keer oor die Oranjerivier en sluit aan by die N10-deurpad.

Volg die N10 tot op Upington, die grootste dorp langs die Oranje met ’n bevolking van nagenoeg 75 000. Upington was eens die Wilde Weste van Suider-Afrika – die streek was berug as die bymekaarkomplek van smokkelaars, rowers, veediewe >

en vrybuiters. Dit was ook die vesting van die Namahoofman Jonker Afrikaner, wat beeste van reg oor die Kaapkolonie tot in die hedendaagse Namibië gesteel het.

Teen 1870 het dit só erg gegaan hier dat ene kapt. Klaas Lukas sy destydse leermeester, eerw. Christiaan Schroeder, gevra het om die skobbejakke tot bekering te bring. Schroeder het in 1883 'n pastorie opgerig naby Olyvenhoutdrift… en stabiliteit het stadig deur die streek versprei. Die destydse premier van die Kaapkolonie, sir Thomas Upington, het die getemde nedersetting 15 jaar later besoek en die inwoners was só ingenome met die "Afrikaander from Cork", soos hy skertsend deur die Engelse genoem is, dat hulle die dorp herdoop het tot Upington.

Volg die N14-deurpad vir 25 km verby 'n 205 m hoë toring wat Khi Solar One genoem word. Dié sonkragtoring word omring deur duisende spieëls wat sonlig na 'n reuseketel boaan die toring weerkaats. Die gevolglike stoom kan tot 50 MW opwek, genoeg vir ongeveer 45 000 huise.

Draai hier links by die padpredikant vir Kanoneiland. Die Oranjerivier loop weerskante van die eiland verby en jy steek die water oor met twee brûe. Ons tel hom wel as net een kruising: die sestiende.

Sluit nou by die R359-streekspad aan en volg die rivier tot by die R27 waar jy 'n sewentiende keer oor die Oranjerivier ry tot op Keimoes. Dié dorp se naam beteken "groot oog" en dit was destyds die vesting van die Koranakaptein Klaas Lukas.

Kapt. Klaas het 'n betreklik goeie verhouding met die Engelse owerhede gehad: Hulle het hom 'n jaarlikse soldy betaal en ammunisie verskaf om die Korana, wat die Britte vyandiggesind was, veral die berugte kapt. Piet Rooi, uit die kolonie te hou. Net soos met Upington het eerw. Christiaan Schroeder se teenwoordigheid vooruitgang in die streek bewerkstellig, en die eerste poskantoor is in 1895 hier geopen.

Wees op die uitkyk vir 'n Persiese waterwiel in 'n kanaal langs die hoofstraat. Die bakkieswiel skep water uit die kanaal en het dit vroeër jare na 'n landery herlei.

**Ons volg nou** die N14 noord van die Oranjerivier, deur lowergroen wingerde wat deur die rivier gevoed word, tot op Lutzburg. Hier steek jy die Oranje die agtiende keer oor tot op Kakamas. Dié naam is 'n vervorming van die Koranaanaam Gagamas, wat "rooibruin" beteken







RIVIERLANGS. Prieska se fort (links bo) hou wag bo die dorp. By die Boegoebergdam (bo en links) raak 'n mens rustig. Tientalle kanale teug gretig aan die Oranjerivier, maar hy sal inderdaad sy tog see toe oorleef.











KOM KYK! Die bakkieswiel op Keimoes (links bo) skep deesdae water in 'n fontein; die Augrabieswaterval (bo) loop op sy sterkste tussen Februarie en April; die sonkragtoring op Upington (inlas) gee krag aan 45 000 huisgesinne; en by Ramansdrif (onder) kamp en hengel ons 'n hond uit 'n bos.





– 'n verwysing na die kleur van die grond. Die eerste Europeërs wat hulle in dié geweste tuisgemaak het, was die soort wat nie tuis gevoel het in die Kaapkolonie nie, soos die Sweedsgebore Hendrik Jacob Wikar, wat weens dobbelskuld in 1778 hierheen gevlug het. Wikar sou later terugkeer na die Kaap en vertel van 'n brullende waterval in 'n "groot rivier".

Inderdaad is Augrabies jou volgende bestemming. Die waterval se naam kom uit die Khoikhoi-naam "Aukurabis" wat "die water wat donder" beteken. In 1824 besoek die sendeling George Thompson, die waterval en probeer die naam verander na King George Falls – dié naam verskyn inderdaad op 'n paar ou koloniale kaarte.

In 1886 het die Kanadese sweefstokarties en avonturier William Leonard Hunt, beter bekend as Die Groot Farini (ook die aangenome vader van Krao Farini, die "vermiste skakel" of "aapkind") die gebied besoek. Die fleurige Hunt, oor wie al baie geskryf is, het beweer hy's die eerste Europeër wat die Kalahari te voet oorgesteek het. Hunt en sy aangenome seun, Lulu Farini (die lewende kanonkoeël), was inderdaad op soek na die goudstad van Vigiti Magna. Terwyl hulle gesoek het, het Hunt sommer die Augrabies tot die Herculeswaterval probeer herdoop, maar ook dié naam het nie posgevat nie.

Nadat ons die waterval gekiek het, ry ons terug soos ons Augrabies binnegekom het, maar pleks daarvan dat ons terugkeer Kakamas toe, neem ons die Blouputspad na regs. Dié grondpad volg die suidelike grensdraad van die Augrabieswaterval- nasionale park deur vyf plaashekke wat jy agter jou moet toetrek tot by die N14 wat jou mettertyd op Pofadder besorg.

Pofadder is genoem na die Korana-hoofman Klaas Pofadder, maar toe die eerste erwe in 1917 uitgemeet is, het die naam verander na Theronsville. Die nuwe naam het egter groot ongelukkigheid veroorsaak en die oorspronklike naam is in 1936 teruggebring. Maak jou voertuig se tenk hier vol en koop braaihout, want vanaand kamp ons onder die sterre, nes in Lesotho by die Bob Phillips-kampplek.

Ongeveer 24 km buite Pofadder kry jy 'n rigtingaanwyser vir Pella: Draai hier regs. Jy't skaars afgedraai of daar's nóg 'n afdraai, dié slag na Witbank – volg hom. Dis 'n baie slegte sinkplaatpad en jy gaan dalk swaar voertuie vol mynimplemente moet verbysteek.

Teen die tyd dat jy by Witbank aankom, is die son haas op pad na die horison. >



Volg nou die Namakwa-4x4-ekoroete al langs die Oranje verby tientalle wildkampplekke langs die rivier – die amptelike kamplekke het almal naambordjies – ons gaan by Ramansdrif uitspan (S28.88525 E18.33335). Dit is belangrik om die kampplek vooraf te bespreek sodat jy dit vir jouself kan hê. Die kontakbesonderhede is hiernaas.

Hier is 'n lekker grasperk op die oewer van die Oranjerivier waar jy kan hengel, maar daar's geen toilet of vullisdrom nie – alles wat jy inbring, moet jy weer saam met jou uitneem.

Die rivier hier is net heupdiep weens die onversadigbare dors van tientalle damme, pompstasies en kanale. Maar die Oranje stoom voort.

**Op die laaste dag** van die reis ry ons deur Goodhouse. Dié gehuggie se Khoekhoense naam was eers Gudaos – dit beteken "skaapdrif" – wat mettertyd verengels is. Nama-veeboere kon die Oranjerivier hier oorsteek na die hedendaagse Namibië, selfs in die dae vóór opgaardamme. Vandag staan hier slegs die bouval van 'n koloniale buitepos.

Volg die grondpad rivier langs tot by die N7-snelweg. Nou steek ons die grens by Vioolsdrif oor. Dis 'n tydsame affêre, en veral Namibië se burokrasie is 'n foltering. Hulle vra R337 vir 'n RFA-padfonds en jy moet by vyf kantore inloer om net soveel vorms in te vul! Dit het ons 40 minute geneem om die grens oor te steek, al was ons die enigste mense in die ry.

Volg nou die C13 rivier langs, verby Aussenkehr se tamatieboorde en wingerde, verby die Visrivier-uitmonding wat sy bydrae aan die Oranjerivier lewer, tot waar die pad vurk na Sendelingsdrif (en Suid-Afrika) en Rosh Pinah (in Namibië) – draai hier regs in die rigting van >

## Hier het ons gebly

**Sani Mountain-lodge, Lesotho**
**Kontak** 078 634 7496
res@sanimountain.co.za
sanimountain.co.za
**Prys** Vanaf R1 612 p.n. per rondawel

**Bob Phillips-kampplek, Lesotho**
**Kontak** 00 266 56 556 174 (WhatsApp)
Johannes Motlatsi
**Prys** R40 p.p.p.n.

**Miller's Wood Cabins, Lady Grey**
**Kontak** 076 897 9116
millerswoodcabins@gmail.com
**Prys** R700 p.n. per houthuis

**Sandgat, Vanderkloof**
**Kontak** 084 200 1164
liza@sandgat.co.za
**Prys** R350 p.n. per staanplek

**Boegoebergdam-vakansieoord**
**Kontak** 073 462 7992 (WhatsApp)
magda.massyn@gmail.com
**Prys** R150 p.p.p.n.

**Ramansdrif, Namakwa-4x4-ekoroete**
**Kontak** 081 873 9043
info@namakwa4by4.co.za
namakwa4x4.com
**Prys** R650 per voertuig (kamp ingesluit)



GEEL, BLOU, GROEN. Jy's terug in die berge waneer jy die Richtersveld bereik (heel bo), maar die rivier raak besonder dramaties wanneer ons die Namibwoestyn betree (bo en onder).






Moenie toelaat dat jou tamatierooi vel jou vakansie bederf nie! Rumamend se natuurlike, strelende bestanddele kan help om die pyn en inflammasie van sonbrand, gewrigspyne en spierpyne vinnig te verlig.

**Beskikbaar by Clicks, Dis-Chem en apteke in 50 g en 125 g houers**

Rumamend S0 Aanvullende medisyne: Gesondheidsaanvulling
Bestanddele: Magnesiumchloried BP - 1.2%
Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur SAHPRA geëvalueer vir die kwaliteit, veiligheid of beoogde gebruik daarvan nie.

☑ Sonbrand ☑ Gewrigspyn ☑ Spierpyn

**Verbruikerslyn (011) 480 - 4916 of www.rumamend.co.za**

C_WEG_12/2022

# 'n Rivier met vele name



Reeds vóór die eerste Europese seevaart rondom Afrika in 1488 was daar stories oor die Vigiti Magna. Jan van Riebeeck het met twee opdragte in die Kaap de Goede Hoop aangeland: die eerste was om 'n verversingspos te stig en die ander om die goudstad te vind.

Die Fort de Goede Hoop was skaars voltooi of die Here XVII gee opdrag dat die eerste ekspedisie uitgestuur word. Van Riebeeck se vernaamste bronne oor die ligging van die goudstad was 'n joernaal in 1583 wat deur die VOC se ontdekkingsreisiger Jan Huygen van Linschoten geskryf is, asook 'n verslag van 'n Spaanse priester – ene vader Martini – wat Van Riebeeck se verversingspos in 1653 besoek het. Albei bronne het die Vigiti Magna as 'n werklikheid bestempel en Van Riebeeck én die Here XVII het dit klakkeloos aanvaar.

Van Riebeeck was oortuig die goudstad is ongeveer 20 dae te perd van die Kaap af, en tussen 1660 en 1664 is minstens vyf ekspedisies gestuur waarvan slegs een, gelei deur Jonas de la Guerre en Pieter van Meerhof, betreklik naby die hedendaagse Oranjerivier gekom het.

Toe Nama-afgevaardigdes die Kaap de Goede Hoop in 1684 besoek, het goew. Simon van der Stel ywerig uitgevra oor die mitiese rivier wat die koloniste teen dié tyd die Camissa genoem het. Uiteraard ook oor die stad van goud.

Die Namas het ontken dat so 'n goudstad bestaan, maar hulle het wel beaam dat daar inderdaad 'n groot rivier deur die binneland vloei. Hulle het name gehad vir al sy sytakke, maar nié vir die enorme rivier self nie. Hulle het wel na die rivier as die Kai !Garib verwys, wat nie werklik 'n naam is nie, maar eerder 'n Khoekhoen-woord vir "groot rivier".

Van der Stel lei in 1685 'n ekspedisie Namakwaland toe, en die "groot rivier" word op die gevolglike kaart gemerk as die "Ein"– dit is die eerste kaart waarop 'n deel van die Oranjerivier akkuraat verskyn. In 1760 het die olifantjagter Jacobus Coetsé die eerste wit man geword wat die Grootrivier – soos wat hý die rivier genoem het – vind, naby sy uitmonding, die hedendaagste Alexanderbaai.

In 1797 skryf die Engelsman J. Barrow in sy boek *An Account of the Travels into the Interior of Southern Africa*: "The peasantry had no name for it but that of the "groot" or great river.

Europeërs kon nog nie die kloutjie by die oor kry dat hulle uiteindelik die mitiese Vigiti Magna-rivier gevind het nie. Dit was eers in 1777 dat die Skots-Hollandse ontdekkingsreisiger Robert Jacob Gordon op 'n groot rivier afgekom het, in die omgewing van die hedendaagse Bethulie.

Gordon was eers onseker of dit dieselfde rivier is wat Van der Stel in Namakwaland aangeteken het, maar hy kon dit twee jaar later op 'n opvolg-ekspedisie bevestig. Gordon was glo bewoë, en William Paterson, 'n Engelse avonturier wat Gordon vergesel het, het die toneel soos volg beskryf: "In the evening we launched Colonel Gordon's boat, and hoisted Dutch colours. Colonel Gordon proposed first to drink to the State's health and then that of the Prince of Orange, and the company; after which he gave the river the name Orange River, in honour of that Prince."

**Bronne** *Noord-Kaapse dorpe* deur dr. Jan van der Merwe (Danhof, 2012); *Op pad in Suid-Afrika* deur B.P.J. Erasmus (Jonathan Ball, 1995)

Rosh Pinah. Die pad vurk later weer; nou draai jy links na Oranjemund, Namibië.

Die Oranjemundpad is netjies geteer en neem jou oor die Niklaas-, Daberas- en Auchaspas tot op 'n hemelsbreë vlakte langs die Oranjerivier. Hier lewer die rivier sy laaste skatte: spoeldiamante. Tussen 1935 en 2021 het die rivier nagenoeg 400 kg diamante per jaar gelewer, en Namdeb ('n samewerking tussen De Beers en die Namibiese regering) sê daar's genoeg klippies oor om tot die jaar 2042 te hou. Dit sal 600 mense aan die werk hou en oor die komende 20 jaar N$40 miljard vir Namibië se koffers beteken.

'n Mens sou dink die Oranjerivier is teen dié tyd moeg en afgeleef, maar hy's nog blakend gesond. Die oewer is 'n lushof van bome en struike – 'n groen lint wat deur die woestyn kronkel.

Dan, skielik, is die monding in die Atlantiese Oseaan binne sig.

Vanaand kuier ons een laaste keer langs die water, dalk op die strand naby die monding (mits die wind en weer dit toelaat), of dalk by Op-My-Stoep se kampterrein naby die grenspos waar die Ernest Oppenheimerbrug jou een laaste keer, die twintigste keer, oor die Oranjerivier gaan neem na Alexanderbaai in Suid-Afrika.

Die Oranje voel teen dié tyd soos 'n ou vriend. Net jy verstaan hoe ver hy gekom het om homself in die see op te los. Net jy het gesien hoeveel hy aan so baie gee.

Lig jou glas op 'n magtige rivier wat so vrylik gee.

"Die Oranje voel teen dié tyd soos 'n ou vriend. Net jy verstaan hoe ver hy gekom het om homself in die see op te los."



# Beskerm jou wiele!

## Met 'n unieke antidiefstal-sluitmoer wat net jy kan losmaak

Elke sluitmoer is uniek gemaak vir jou kar se wiele



**Meer** as 999 unieke kodes!

**BESTEL NOU AANLYN**

LOCK NUT GUARD
www.nexgenfleet.co.za

Kontak ons:
sales@nexgenfleet.co.za
of skakel 083 326 7683

Landwye Aflewering

4 / 5 wielmoere, afhangende van die voertuig | 1 gekodeerde sleutelsok | 1 sokkodekaartjie

**Plaaslik vervaardig, plaaslike ondersteuning!**

Ons verskaf ook sluitmoere vir ander vervaardigers

# Kom kamp in 'n krater

## Die Vredefortkoepel is wêreldbekend en 'n gewilde bestemming vir toeriste. Pak jou kampgoed en stapskoene en kom kyk wat die plek so besonders maak.

Teks en foto's **Helenus Kruger**

Rondom twee miljoen jaar gelede tref 'n meotoriet die lappie aarde tussen Koppies en Vredefort in die Vrystaat en veroorsaak 'n krater van 301 km². Volgens Unesco is die Vredefortkoepel die oudste, grootste én diepste komplekse meteoriet-impakstruktuur ter wêreld.

Dit is mooi wêreld om te verken as jy in die omgewing kuier. Van Parys af kronkel grondpaaie weerskante van die Vaalrivier suid deur die krater se westelike heuwels.

Ons het tent opgeslaan by Tava Lingwelodge, 27 km buite Vredefort op die R95. Ons roete het ons deur die dorpie Venterskroon tot by Parys geneem, en dan weer teerpad langs terug tot by Tava Lingwe.

**Jou eerste afdraai** is tussen Tava Lingwe en Vredefort op die S713 (S27.069091 E27.235926). Die wêreld is hier nog plat en jy ry tussen landerye en beeskrale deur. Kort voor lank verskyn die koepel se heuwels op die horison. Jou volgende afdraai is links op 'n ongemerkte grondpad (S26.970972 E27.214976), en 200 m verder is jy by die Vaalrivier.

Die enkelbaan-Schoemansdriftbrug neem jou oor die rivier tot in Noordwes, maar moenie net aanry nie. Hou eers stil, stap terug oor die brug en kyk hoe bruinkopvisvangers en hengelaars saam op soek is na hulle volgende maaltyd.

Van die brug af kronkel die pad deur die heuwels weg van die rivier af. Jy is nou op pad Venterskroon toe om lafenis te gaan soek vir die siel en keel. Jou volgende afdraai is 10 km van die brug waar jy regs draai by die Leeufontein-padpredikant (S26.889497 E27.206146), en dan weer 4 km verder by die Venterskroon-padpredikant (S26.879716 E27.222134). Van hier af neem die pad jou deur 'n klofie, en 7,5 km later ry jy Venterskroon (S26.887859 E27.268006) binne. Dit is nou tyd om bene te rek en iets te kry om die hongerpyne te stil. Hou dus stil by die karaktervolle Venterskroon Inn in die hoofstraat. Neem tyd om deur die dorpie te stap en die rustigheid in te neem. Klop aan by die koepel se Inligtingsentrum, 100 m straataf van die Inn af. (Die sentrum was met ons besoek gesluit as gevolg van opknappingswerk). Op pad uit die dorp kan jy by Thabela Thabang (S26.860894 E27.287642) stilhou. Hier is 'n klein koepel-inligtingsentrum en jy kan ook 'n permit en kaart kry wat jy nodig het voor jy op een van die vier staproetes gaan. Die Milk and Honey-teetuin bedien ligte etes.

Van Thabela Thabang af neem die pad jou al langs die rivier, maar die bos is ruig en jy kan nie die water sien nie.

Jou volgende regsdraai is 6 km verder (S26.845249 E27.343574) waarna die pad jou neem tot by 'n skerp linksdraai (S26.853792 E27.337669) waar jy 'n uitsig op die rivier kry.

Parys lê nou net nog twee afdraaie ver. Dan, 10 km ná die vorige afdraai, gaan jy op 'n teerpad regs draai (S26.887204 E27.400795), en 8 km verder weer regs. 'n Paar honderd meter verder is jy weer by die rivier en ry jy Parys binne.















**Om in Parys te vertoef** is 'n moet. Die bedrywige hoofstraat het 'n hele klomp antiek- en snuisterywinkels plus 'n klompie restaurante. Van Parys af is dit heelpad teerpad oor Vredefort terug Tava Lingwe toe.

Dié roete van 100 km neem jou 3-4 uur, afhangende van hoeveel keer en hoe lank jy stilhou. Vat dit rustig, pak 'n piekniekmandjie, ontspan, hou gereeld stil, bewonder die natuurskoon en kry iets te drinke of te ete langs die pad.

Indien jy die geologie, geskiedenis en natuur van die koepel eerstehands wil ervaar, is Gustav Engelbrecht van Dome Impact-toere die man om te skakel. Gustav neem groepe vir koepeltoere deur private grond waar Jan Alleman nie toegang het nie. Jy ry met jou eie voertuig en hou gereeld stil waar hy die wonders van die koepel vir jou uitwys.

Jy het 'n keuse van twee toere: 4 uur of 7 uur, en dit kos R200-R400 p.p. Bel vir Gustav by 072 130 1995 of gaan na domeimpacttours.co.za. >



DRAAI 'N BIETJIE LANGER. Om die koepel behoorlik te verken en nog genoeg tyd het om rustig in die kamp te kuier maak dit sin om vir 'n langnaweek te kom kuier.





**Tava Lingwe lê** aan die voet van 'n koppie wat heel gepas Grootkop gedoop is; dit is die hoogste koppie in die andersins platterige omgewing.

Die reusekampterrein het 82 staanplekke wat in 3 blokke verdeel is, met ablusiegeriewe by elke blok. Die staanplekke het almal kragpunte (die gewone huissok), 'n losstaande braaier met 'n rooster en 'n vullisdrom – krane word tussen die staanplekke gedeel. Daar's gras regdeur die terrein, maar bome is skaars – sorg dus dat jy vroeg inboek om een van die min plekke te kry waar daar wel 'n bietjie skaduwee is.

Die ablusieblokke het alles wat 'n mens verwag: storte, wasbakke, spieëls, handewasseep, papierhanddoek en toilette. In die vroue se geriewe maak een van die storte plek vir 'n bad.

Die speelplek het iets vir almal: Daar's 'n swembad met twee klein glybane en gras rondom, 'n klompie bome en 'n paar lêstoele en tafels met bankies. Die aktiwiteite sluit in tafeltennis, *pool*, minigholf, buitelugskaak, vlugbal en 'n parkie.

By die ontvangsgebou is 'n restaurant en kiosk met die basiese dinge soos hout, ys en lekkergoed.

Die fikses kan die twee staproetes, die Duiker en die Klipspringer, pak. Die Duikerroete is 2,5 km lank en neem jou tot bo-op Grootkop se kruin, van waar jy 'n uitsig oor die Vrystaatse vlaktes het met die koepel se heuwels in die verte.

Die Klipspringerroete is 1,5 km lank, maar die klim is steiler met 'n klompie rotse waaroor jy handeviervoet moet klouter. Bo-op, voor jy weer begin afsak terug na die kampterrein toe, is 'n bankie waar jy met 'n beker koffie in hand die son kan sien opkom. Dis nou mits jy lekker vróég uit die vere is.

Die wildritte (dit kos R200 p.p.) is twee keer per dag, om 09:00 en 15:00, en duur sowat twee uur. Jy kan verwag om diere soos kameelperde, blouwildebeeste, sebras en swartwitpense te sien.



## Hulle sê

**Jaco en Sandy Potgieter is van Vaalpark en kamp met 'n daktent van Tentco op hulle Toyota Hilux 2.5 SRX.**

"Ons kom kamp gereeld by Tava Lingwe. Dié slag het ons van ons nuwe kamptoerusting kom toets. Die oordeienaars is baie vriendelik en behulpsaam – hulle het ons in die verlede al gehelp met matrasse toe ons s'n gaatjies gekry het. Die wildritte is besonders; 'n mens kry heelwat inligting oor die diere se gewoontes én van die plantegroei. Boonop is die kamp baie naby aan ons huis."







## Kortliks | Tava Lingwe

**Kampplek** 82 staanplekke met gras, maar min skaduwee.
**Ablusiegeriewe** 3 netjiese en skoon ablusiegeboue.
**Prys** R280-R430 per staanplek vir 4 mense, afhangende van die seisoen.
**Kontak** 056 931 0986 of 071 179 5833
info@tavalingwe.co.za
tavalingwe.co.za
**Aankoms- en vertrektyd** 10:00.
**Naaste dorp** Vredefort 27 km.
**Hoe lyk die pad?** Heelpad teerpad.
**GPS** S25.374157 E27.587606

***Ry & Sleep* sê** Op Unesco se webwerf is nog baie inligting – lees dit gerus voor jou besoek. unesco.org




HIER'S 'N KERS GESKENK WAT LANK SAL HO HO HOU!
STANLEY
SINCE 1913
STANLEY
SINCE 1913
Ons Blaze Orange-versameling wil hê jy moet uitstaan.
Of dit nou vir veiligheid in die veld is of om goeie styl in die dorp te wys, hierdie werklik gebou vir 'n leeftyd-versameling hou jou lewensreddende koffie vir ure warm.
BUILT FOR LIFE
Beskikbaar by alle vooraanstaande buitelug- en gekeurde onafhanklike winkels. Awesome Tools is die eksklusiewe verspreiders van Stanley-produkte in Suid-Afrika.
Tel +27 21 981 6672 www.awesometools.co.za

# Drie passe en 'n poort

Die Oos-Kaap, en veral die noordelike hoogland, is bekend vir sy lieflike bergpasse. Hier is drie van hulle... plus 'n oulike poort.

Teks en foto's **Cyril Klopper**



Jou roete begin in die fraai Oos-Kaapse dorpie Rhodes, wat in 1894 gestig is. Die dorp is genoem na die eertydse mynmagnaat en eerste minister Cecil John Rhodes, natuurlik in die hoop dat hy die nedersetting goedgesind sou wees en finansiële bystand lewer met die ontwikkeling daarvan. Maar daarvan sou dadels kom.

Ons stel voor jy maak Rhodes jou basis indien jy die omgewing se baie bergpasse en 4x4-roetes wil verken, of ontspan 'n slag en gaan maak jou kunsvliegies nat in die Bellrivier wat deur die dorp kronkel. Buiten die kampterrein is hier 'n hele paar gastehuise én 'n geskiedkundige hotel waar jy kan oorbly.

Rhodes het ook talle feeste, waaronder die Oktoberfest (1 Oktober 2023), die Rhodes Run (8 Julie 2023) en die Dirt Road Wild-forelfees (16-20 Maart 2023).

Verlaat Rhodes aan die oostekant met die R396-grondpad in die rigting van die Naudésnekpas. Aan die voet van die 33 km lange pas is 'n begraafplaas vir die Naudé-familie en 'n monument ter ere van die Naudé-broers wat die pad in 1896 gebou het.

Teen 2 587 m bo seespieël is dit op drie na die hoogste pas in die land – dis nou naas die Ben MacDhui-pas (3 001 m), die Sanipas (2 876 m) en die Tiffindell-Tenahead-deurloop (2 600 m).

Die pas het lieflike uitsigte op die Bellrivier en drie spitse: Scobellskop, Newmanspiek en Newtonspiek. Die grondpadbergpas is gewoonlik in 'n gawe toestand sonder erge verspoelings of sinkplaat, maar as dit hard reën of sneeu, gaan jy letterlik kleitrap op dié pad.

Ry nou teen die ander kant van die berg af vir 6 km tot die R396-grondpad weer boontoe mik, op pad na die 11 km lange Elandshoogtepas (1 922 m). Die pas is nie besonder steil nie, en vir elke 8 m wat jy vorentoe ry, klim jy 1 m. Daar's egter 61 draaie wat jou gaan besig hou – 16 daarvan is haarnaalddraaie.

Van die Elandshoogtepas se kruin af is dit 8 km tot waar jy links afdraai op die D8018- ondergeskikte pad in die rigting van Mount Fletcher.

Hier is denneplantasies aan die voet van die pas en jy moet op jou hoede wees vir bosbouvoertuie – skakel liefs jou hoofligte aan, selfs al skyn die son, sodat jy >





## Wat jy moet weet

**Maksimum aantal voertuie?** Dit is 'n openbare pad met geen beperkings op die getal voertuie nie.
**Kry ek 'n kaart?** Nee.
**Sal my voertuig krap?** Nee, dis hoogs onwaarskynlik.
**Moet ek 'n kompressor neem?** Nee.
**Kan ek halfpad braai?** Liewer nie.
**Kan ek halfpad omdraai?** Ja, daar is baie aftrek- en omdraaiplek.
**Is daar selfoonsein?** Soms, maar ontvangs is sporadies.
**Beste tyd om te gaan?** Heeljaar, maar die passe word gesluit as dit swaar gesneeu het.
**Kan ek my gesin saamneem?** Ja, beslis.
**Net vir die dag of die naweek?** Minstens 'n naweek.
**Hoe lank neem dit?** Ongeveer 3 uur.
**Is daar ablusiegeriewe?** Nee, slegs op die dorpe.
**Aanwysings** Rhodes lê suid van Lesotho en is sowat 5 uur se ry van Bloemfontein af en 4 uur noord van Oos-Londen.
**Nuttige nommers** ✆ 065 651 3837 (Rhodes-hotel) ✆ 039 257 0194 (Mount Fletcher-polisiekantoor)



HEIDI SE BERGE. Naudésnek (vorige blad) is 'n treffende bergpas met verruklike uitsige op die Oos-Kaap. Die Bellrivier (bo) is 'n hengelaar se droom en avontuurmotorfietsryers sal die grondpadbergpasse van die omgewing geniet. Pasop net, want die oppervlakke daarvan is dikwels los en dan ry jy gly-gly om die draaie. Ons sou ook nie 'n padwoonwa oor hierdie paaie sleep nie, want hy gaan uitmekaar skud.








> In somerreënbuie verander die omgewing se paaie in 'n modderpad.



duidelik sigbaar is. In somerreënbuie verander die omgewing se paaie in 'n modderpad, nes Naudésnek – 'n viertrekvoertuig word dus sterk aanbeveel. Dieselfde geld vir die wintermaande wanneer sneeu hier uitsak.

Ry 8 km, verby die Vrederus-forelplaas, tot waar die pad 'n derde keer klim tot by die 8 km lange Pitsengpas (1 900 m). Met jou aanloop na die pas toe sal jy die Stamp-stamprivier aan jou regterkant sien. Ons het die Pitsengpas al 'n paar keer gery en hy't altyd 'n uitdaging of twee. Ondanks die dreinering wat oor die jare heen aangebring is, is die padoppervlak dikwels verspoel en sinkplaat gery – en dit was nogmaals die geval met ons jongste besoek in Oktober 2022.

Die pas loop nou geleidelik afdraande tot by die Luzirivier. Dan draai jy weg van die rivier af, en mettertyd weer terug waar jy die Luzipoort binnery. Ons huiwer om die Luzipoort 'n pas te noem omdat hy nie juis in hoogte klim of daal nie. Hy loop bloot styf teenaan die Luzirivier deur 'n smal kloof en loop dood in die geteerde R56-streekspad wat Maclear en Mount Fletcher met mekaar verbind.

Jy kan hier omdraai en die passe andersom ry, óf mik na Ugie om die meer uitdagende Bastervoetpad terug Rhodes toe te takel.

Sjoe, Suid-Afrika het darem lieflike paaie! As jy die brandstof kan bekostig, is dit beslis die moeite werd om hulle te verken.

## INTERNASIONALE

# 4X4-VEERSTELSEL HANDELSMERK

## BEÏNDRUK DIE PLAASLIKE MARK



**Die onlangse Suid-Afrikaanse bekendstelling van Raw 4x4, die vervaardigers van internasionaal bekroonde veerstelsels, het plaaslike 4x4-entoesiaste gaande. Die Raw 4x4-reeks, wat bestaan uit swaardiens-skokbrekers, kronkel- en bladvere, poliuretaan naafbusse en wringstawe, is in Australië – wat bekend is vir sy uiteenlopende en veeleisende terrein – ontwikkel en getoets.**

Die veerstelsels is ook plaaslik op die proef gestel. Toyota FJ Cruiser-bestuurder, Kevin Louw, het besluit om 'n Raw 4x4 veerstelsel op sy ryding aan te bring nadat hy dit teen mededingers opgeweeg het. "Ek het baie veerstelsel-handelsmerke en hul werkverrigting nagevors, maar nadat ek 'n Australiese TV-program, 4wheel Drive Action gekyk het, was ek die meeste beïndruk met Raw 4x4," het hy gesê.
"Die eerste ding wat ek opgemerk het nadat ek die stelsel laat aanbring, was die uitstekende padhouvermoë, veral deur draaie en die minimale bakrol. Ek het op die harder krulveer-basis besluit en was aanvanklik bekommerd dat dit 'n harder rit tot gevolg sou hê, maar was aangenaam verras deur hoe gemaklik dit is."

Matthew Dookoo het Raw 4x4 vir sy Toyota Hilux Vigo gekies vanweë die "beter bougehalte in vergelyking met ander handelsmerke in die mark". "Ek het 'n jaar aan navorsing bestee voordat ek my besluit geneem het. Met Raw se goeie reputasie en agtergrond in die vervaardiging van vragmotorvering, het ek geweet dat die gehalte en werkverrigting uit die boonste rakke sou wees."

Volgens Dookoo het sy bestuurservaring aansienlik verbeter. "Wanneer ek nou swaar sleepwaens en karavane sleep, voel dit nie asof die bakkie se neus in die lug is nie en ek het ook volkome beheer oor die voertuig. Stabiliteit teen hoër snelhede is aansienlik beter en die bakkie voel net meer standvastig as wat ek verwag het, op teer sowel as van die pad af."

Raw 4x4 bied 'n veerstelsel oplossing vir die meeste 4WD-modelle en handelsmerke in Suid-Afrika. Louis Fourie, Hoofbestuurder van Suspension Solutions by G.U.D. Holdings, moedig entoesiaste aan om hul 4WD-voertuie met die regte veringkomponente toe te rus vir optimale werkverrigting. "As jy dit oorweeg om lasdraende naverkope-toebehore aan te bring, lang afstande op grondpaaie af te lê, of net die werkverrigting van jou 4WD-voertuig wil verbeter, beveel ek aan dat jy jou veerstelsel opgradeer om by jou behoeftes te pas. Die Raw 4x4-reeks het beslis 'n oplossing vir jou," het hy gesê.

Om jou te help om die perfekte veringstelsel vir jou vierwiel ry-ervaring te bou, het Raw 4x4 'n aanlyn funksie www.raw4x4.co.za/online-kit-builder/. Dit is spesifiek ontwerp om jou toe te laat om jou veerstelsels te pasmaak, gebaseer op die bykomstighede soos bosbrekers, kappies en laaistelsels wat op jou voertuig aangebring is. Sodra jy al jou voertuigspesifikasies ingevoer het, klik eenvoudig op die "Get a Quote"-knoppie onderaan die bladsy en ons verkoopspan sal jou kontak om die regte oplossing vir jou ryding te bespreek.

Raw 4x4 vorm deel van die G.U.D. Holdings-groep, wat bekend is vir topgehalte handelsmerke GUD Filters, Safeline Brake Pads, Indy Oil, Fram Filters en Holts.




RAW4X4-SUSPENSIE-TOERUSTING
VAL DIE
TERREIN
AAN
RAW 4X4
AUSTRALIAN DESIGNED & TESTED
@RAW4x4Africa
@raw4x4africa
+27 (0)71 892 2367
www.raw4x4.co.za

# Meer mense, meer karre, meer stof!

Die *Ry & Sleep* Bull Run is in Oktober 2022 die 11de keer gehou, en dit was ook die grootste een tot nog toe.

Teks **Schalk Jonker** Foto's **Piet van Wyk**

Vanwyksvlei in die Noord-Kaap is nie een van daardie plekke waar jy toevallig beland nie. Dié besonderse dorpie is nie op 'n hoofroete êrens heen nie en jy ry nie regtig daardeur op pad na elders nie. Nee, as jy op Vanwyksvlei is, is dit jou bedoeling om daar te wees.

Elke jaar in Oktober, in die laaste naweek van die kort skoolvakansie, word Vanwyksvlei ingetik op honderde GPS'e van petrolkoppe reg oor die land. Want dan is dit tyd vir die jaarlikse *Ry & Sleep* Bull Run, 'n eiesoortige motorfees, wat in 2022 die meeste deelnemers nóg gelok het.

'n Allemintige 160 spanne het ingeskryf om vanjaar te kom deelneem, en uiteindelik het 145 van hulle dit tot hier gemaak vir 'n naweek van brullende enjins, ordentlike kuier saam met ou bekendes en heelwat nuwe gesigte.

Vanjaar was daar ook 'n meneer van 'n musiekfees met bekendes soos Gian Groen en die Hugo Veldsman-trio – en selfs twee van die baanbeamptes het deelnemers en toeskouers tot ounag toe vermaak.

Ouder gewoonte is die byeenkoms, waar deelnemers meeding in motors wat nie ná 1985 vervaardig is nie en waarvan die waarde minder as R40 000 is, in twee afdelings verdeel: die Vrydag 'n tydren op die plaaspaaie in die omgewing waar deelnemers by stilhoupunte aan verskeie aktiwiteite soos bokdrolspoeg en kettieskiet hulle staal moet wys, en dan die pret op die pan die Saterdag. Hier kraai spoed koning, en as jy nie teen iemand anders op die versnelbaan jaag nie, neem jy teen die horlosie deel in die ander aktiwiteite.

Teen Saterdagaand, toe al die punte opgetel is, het die Oos-Kapenaars Pierre en Simóne du Plessis, Geo Malan en Jakoos Scheepers in Datskar, 'n 1980-model Datsun 140Y, met 2022 se louere weggestap. Dit was die eerste keer dat dié veteraanspan, met nege Bull Run-byeenkomste op hulle kerfstok, koning kraai.

Daar was ook 'n voorbode vir dié vier se sege, want op die Donderdagaand het lede van Datskar die wisseltrofee – toe nog in die besit van verlede jaar se wenspan, die Geel Apteek – vir

Ry&Sleep SA Bull Run 2022 is trots aangebied deur
LEATHERMAN
ALBERTINIA MEUBELVERVOER
UNDER CANVAS EVENTS
Imperial
kampi
STANLEY SINCE 1913




























'n paar uur gegaps. Die manne van die Geel Apteek was erg bekommerd oor die trofee wat verdwyn het, maar toe hulle dit uiteindelik terugkry, het hulle nie eens gesien dat die Oos-Kapenaars 'n Datskar-plakker onder op die trofee geplak het nie. Heel duidelik het Pierre, Simóne, Geo en Jakoos iets geweet wat die res van ons nié geweet het nie. Nietemin 'n welverdiende en baie gewilde oorwinning.

Natuurlik sou dit nie moontlik gewees het om só 'n suksesvolle byeenkoms aan te bied sonder hulp en borge nie. Dankie aan Gerrie van Eeden, Thys de Jager en die baanbeamptes. Ook aan Rudi Oberholzer en die reëlingskomitee op Vanwyksvlei wat ons elke jaar so gasvry huisves. 'n Hartlike dank ook aan ons borge: Stanley, Noord-Kaap-toerisme, Albertinia-meubelvervoer, Imperial, Kampi en Under Canvas.

Ons is reeds aan die beplan vir 2023 se geleentheid en bedink heelwat planne om dit nóg groter en beter te maak. Ons kan nie wag nie! >












LAAT DIE ENJINS BRUL! Die Bull Run is 'n byeenkoms sonder gelyke in Suid-Afrika, en dit is altyd 'n plesier om honderde geesdriftige petrolkoppe op Vanwyksvlei te verwelkom. Die Gladiator wat Jeep vir die *Ry & Sleep*-span geleen het vir die naweek, het beslis ook die koppe laat draai.
































> ’n Allemintige 160 spanne het ingeskryf om vanjaar te kom deelneem, en uiteindelik het 145 dit tot hier gemaak.











ASMA
AS MA PRAAT
LUISTER EK NIE






LIEDJIES EN LAWWE RYGOED. Dit was nie net die groot geeste soos Gian Groen wat vir die vermaak op die verhoog gesorg het nie; Christo Strauss en Liza Struwig (foto heelbo links), twee baanbeamptes, het ook gewys wat in hulle steek.

















2022 SE KAMPIOENE! Jakoos Scheepers, Pierre en Simóne du Plessis en Geo Malan het vanjaar in Datskar (foto bo) koning gekraai. Dit was dié 1980-model Datsun 140Y se negende Bull Run en eerste sege. Agter hulle staan Sias Scott, 'n lid van laasjaar se wenspan, die Geel Apteek.




# Kyk hoe lyk hy nou!

Toe sy swaer hom vra om sy 1969-model Chevrolet C20 van ’n rammelkas in ’n blinkbakkie te omtower, was hy slaggereed vir die uitdaging, sê **Willem Rabie** van Pretoria.

Hy put groot genot daaruit om ou tjorre te restoureer of om die ondenkbare te vermag met rygoed, vertel Willem, die eienaar van ’n druk- en koerierbesigheid in die Jakarandastad.

Sy voorliefde hiervoor het begin toe hy maar 13 jaar oud was. Sy ouer suster het ’n Renault 5 besit en probeer om hom van die hand te sit, maar omdat daar soveel probleme met die kar was, het sy moed opgegee en die karretjie vir Willem gegee.

Hy vertel hy het so met die tyd saam “begin krap” om die Renault self reg te maak, veral die onderstel waar daar erge roesprobleme was. Uiteindelik was die motor in ’n skaflike toestand… en teen daardie tyd het die gogga reeds gebyt.

So met die jare het hy verskeie ander projekte aangedurf en homself geleer om rygoed te restoureer. Hy het ook begin waag waar ander nie durf waag nie, en ’n ruk terug het hy twee VR6-turboenjins in ’n Citi Golf gesit. Dié ombouing het die oog van ’n bekende tydskrif getref en die Golfie was kort daarna op die voorblad.

Intussen het Willem en sy swaer Nico Craill gesels oor hoe lekker dit sal wees om ’n groot ou bakkie te restoureer en weer nuwe lewe sien. Willem spot en sê toe Nico die Citi Golf op die voorblad van die tydskrif sien, was hy uiteindelik oortuig dat Willem bevoeg is vir die taak.

Nico het ’n 1969-model Chevrolet C20 raakgesien by ’n onderneming wat 4x4-onderdele verkoop, en gevra of die voertuig te koop is. ’n Handskud en R35 000 later was die Chev-bakkie syne en het hy hom kort voor 2020 se Covid-19-inperking in Willem se dubbelmotorhuis staangemaak – en die storie in sy bekwame hande gelaat. Willem vertel…

“Die bakkie moes basies van voor tot agter heeltemal oorgedoen word. Ek het onder die enjinkap begin en vir hom ’n 2005 Mercedes E55 AMG se 5,4ℓ-superaangejaagde V8 ingebou. Dit was













NUWE SIKSPENS! Die transformasie van die 1969-model Chevrolet C20-bakkie nadat Willem Rabie hom in sy motorhuis in Pretoria onder hande geneem het, is verstommend, om die minste te sê. Die projek het sowat twee jaar geduur.





nogal ’n storie, want ek moes heelwat sny en verstellings aanbring om die spulletjie te laat pas. Ek het ook vir die enjin ’n kleiner katrolwiel opgesit.

Die gevolg is dat die outjie nou in die omgewing van 400 kW krag en 900 Nm wringkrag uitskop. Die enjin loop egter verskriklik warm, en daarom moet ons die besigheid met water-metanol afkoel.

Ek het vir hom ’n 4L8DE-ratkas ingebou nadat die 700R4 wat ons eers gehad het, gebreek het. Met die oordraratkas agter het ek ook vir hom ’n wringkragomsetter laat bou, wat beteken hy kan aan die Mercedes-enjin se buigwiel vasgebout word.

In die voorste en agterste ewenaar het ek Detroit-ewenaarslotte ingesit, en ek het wielvellings uit Amerika laat invoer. Dis 18 duim-Fuel-vellings met agt gate, maar hulle kom net in so ’n koperkleur uit; dus het ek dit met chroom laat afwerk. Dit pas goed by die 305/65/18 BF-Goodrich-bande. Gelukkig laat die Mercedes-enjin se remknypers sulke groot wielvellings toe. Voor het ek 8-suier-E55-remknypers opgesit en agter elektriese handremknypers van Volvo. >













LAAT DIT OOR AAN DIE KENNERS. Daar was natuurlik sekere aspekte van die projek wat Willem nie self in sy motorhuis kon doen nie – soos die behandeling en spuitverf van die panele en onderstel. Dit het hy aan 'n diensverskaffer in Gezina oorgelaat. Hy het nietemin al die panele self verwyder en toe weer opgesit. Hy vertel dat daar verbasend min roesskade aan die bakwerk en onderstel was.



Ek het al die panele verwyder en dit na 'n oom in Gezina gevat om dit te behandel en spuitverf. Gelukkig was daar nie baie probleme met roes nie, maar die oom het die panele tot op die staal afgeskuur voor hy dit eers met 'n onderlaag behandel het. Eers toe het dit kleur gekry. Ek dink die Tornado Red van Volkswagen lyk alte bakgat op die Chev!

Die buffers, sierrooster, syspieëls en ligte se lense het ek van Amerika af laat invoer. Trouens, die meeste goed wat ek aangebring het, is uit die buiteland. Daar is 'n onderdele-onderneming met die naam Jegs, en 'n mens kan bykans alles daar in die hande kry vir dié soort restourasie. Die probleem is net 'n mens betaal in Amerikaanse dollar, iets wat die koste van jou projek nogal die hoogte kan laat inskiet. Maar kom ons praat eerder later daaroor...

Binnelangs het ek alles laat oortrek met Nappa-leer, wat, soos die nuwe rubbers en seëls, ook ingevoer is. Ek het vir hom 'n Rockford Fosgate-klankstelsel ingebou en agter die sitplek 'n 12"-basluidspreker weggesteek. Verder het ek die hele binneruim uitgevoer met Dynomat, 'n ingevoerde rubberagtige materiaal om die kajuit meer klankdig te maak.

Wat bykomende katoeters betref, het ek vir hom twee batterye ingesit en op die bak, in een van die kompartemente, 'n Engel-ys-vrieskas. Ek het ook daar 'n hoëligdomkrag ingesit.

Die hele projek het ek in my dubbelgarage voltooi en ek het net standaardgereedskap gebruik wat jy in die meeste motorhuise kry. Geen spesialistoerusting is hier gebruik nie.

Dit het my by die twee jaar geneem >







## Deel jou avonture om te **WEN**!

Wys ons hoe jy en jou honde die buitewêreld verken, en jy kan groot pryse wen met **Optimizor Elite.**

**Skandeer die kode om in te skryf**















MAN, DIS LEKKER! Willem se swaer, Nico Craill, sukkel om sy glimlag weg te steek wanneer hy agter die stuur van sy omgeboude C20 sit. Hoekom sou hy? Hierdie treffende rooi Chev-bakkie laat beslis die koppe draai oral waar hy ry.

om die bakkie te voltooi, maar die inperking het gehelp, want toe kon ons in elk geval nie werk toe gaan nie.

Nico is dik in sy noppies met sy bakkie. Hy ry gereeld met hom en sleep ook wanneer hulle gaan kamp. Soos te wagte, is hy geensins wat 'n mens ekonomies op brandstof sal noem nie, en hy lewer op 'n goeie dag 'n bietjie minder as 20ℓ/100km. Teen 140km/h lê die toermeter net bo 2500r.p.m.

En dan, natuurlik, die groot vraag... Wat het dit uiteindelik gekos? Soos ek vroeër gesê het, dit raak vinnig duur wanneer 'n ou in Amerikaanse dollar vir iets moet betaal. Die wisselkoers is ons as Suid-Afrikaners nou maar een maal nie goedgesind nie.

Ek dink Nico het in 'n stadium besluit dis beter om op te hou tel, maar as ek moet raai, sou ek reken hy het uiteindelik in die omgewing van R700000 op die bakkie bestee.

Maar kyk net hoe lyk hy! Elke sent werd, as jy my vra.






"Dubbel Turbo met 9-spoed outomaties & slim viertrek aandrywing - perfek!"

Pryse en spesifikasie onderhewig aan verandering.
Foto's slegs ter illustrasie met opsionele ekstras. B&VG. 221107

## Die 2023 Mercedes CHEETAH toerwa

Kompak, ekonomies en maklik om te bestuur met B/Kode8 lisensie. Die Prima binneruim kom met fasiliteite en dekor-opsies om te pas by jou leefstyl, en met die nuwe outomatiese viertrekstelsel en onafhanklike krag- en waterstelsels, kan jy ry en bly waar jy wil.

maxmo
bly waar jy ry







Kies jou eie spesifikasie aanlyn: www.maxmo.life leon@maxmo.life leon 082 899 9999

HENGELOORD

# Vrugbare waters









Vis en suurlemoen is mos pasmaats... sorg dus dat jy kom kamp opslaan tussen die viswaters en 'n sitrusboord.

VISGEREG



Resep **Johané Neilson** Foto **Ed O'Riley**

**SEEKOSPIZZA OOR-DIE-KOLE**

## Viva Italia!

**Bemeester hierdie tegniek en jy gaan heerlike pizza braai!**

### Jy benodig

*(genoeg vir 4)*

- 500 g klaargemaakte brooddeeg, in vier gedeel
- 'n bietjie olyfolie om te smeer

VIR DIE BOLAAG

- 4 eetlepels klaargemaakte tamatie-en-basilie-pastasous
- 2 hande vol gerasperde mozzarellakaas
- 12 pikantrissies (*peppadews*), in dun skyfies gesny
- 12 kersietamaties, middeldeur gesny
- 1 koppie gestoomde mossels en steurgarnaalsterte
- 'n paar vars basilieblare (opsioneel)

### Só maak jy

**1 Rol** die eerste bol deeg lekker dun uit om min of meer 'n ronde pizza te vorm. Smeer die oppervlak liggies met olie om te keer dat die deeg te veel vassit. Jy kan meel ook gebruik as jy verkies, maar olie help vir 'n brosgebraaide pizza wat nie aan die rooster vassit nie.
**2 Toets** die kole. Wanneer jy jou hand vir 5 sekondes bo die rooster kan hou, is dit gereed.
**3 Braai** die eerste pizza vir 'n paar minute sonder 'n bolaag. Dit gee die deeg kans om effens te rys en sy vorm te behou.
**4 Draai** die gebraaide basis versigtig om en smeer die gebraaide kant vinnig met een eetlepel vol pastasous. Strooi 'n dun lagie mozzarella oor en rangskik 'n paar rissiekyfies, tamaties, mossels en garnale bo-op. Plaas die deksel van jou braaibak oor die pizza.
**5 Pak** 'n paar kole op die deksel sodat die kaas kan borrel en gaar "bak" terwyl die onderkant weer braai. Dit neem skaars 5 minute, maar loer gereeld. (Die tyd verskil na gelang van hoe dik die pizza is.)
**6 Maak** die ander drie pizzas.
**7 Garneer** die pizzas met 'n paar basilieblaartjies, en, as jy wil, 'n strooisel varsgemaalde swartpeper.

***Ry & Sleep* sê** Pleks van tamatiesous, kan jy ook 'n smeersel van jou gunsteling pesto gebruik, en selfs ekstra avoskyfies of knoffel kan werk.





## SITRUSOEWER-RIVIERKAMP

### TUSSEN DIE BOOM EN DIE PLAS

Omtrent 90 km stroomop van waar die Sondagsrivier verby die Addo-olifant-nasionale park in die Indiese Oseaan uitmond, kan jy by die Sitrusoewer-rivierkamp afpak. Die kampplek is 8 km buite Kirkwood op die familieplaas van Johan en Anneke Swart.

Vrugte soos lemoene, nartjies, suurlemoene en pomelo's word op die 70 ha verbou vir die uitvoermark. Toe, 17 jaar gelede, rig Johan-hulle vir hulle 'n kuierplek in langs die rivier.

Dis natuurlik nie waar dit gebly het nie... vandag is hier 31 staanplekke waarvan 14 teenaan die oewer lê. Dit was ook nie die laaste van bome plant nie: Johan het 'n goeie 50 bome aangeplant – inheemse soorte soos kiepersol, witstinkhout, koraal, witysterhout en olienhout.

Die kampplek is langwerpig, met die oewer regs van jou soos jy by die hek inry. Die lapa, waar 'n 100 stuks mense kan inpas, is ook diékant en vir almal se gebruik. In slegte weer kan jy onderdak kom braai – daar is ook geriewe soos ys- en vrieskaste.

Die eerste van vier badkamergeboue is langs die lapa. Hier is gemeenskaplike storte, toilette, opwasplek en 'n kombuisie met 'n mikrogolfoond, ketel en tweeplaatstoof. Die tweede badkamer is 'n entjie verderaan by die boonste staanplekke, met 'n mans- en vrouekant en soortgelyke geriewe.

Dieselfde geld vir die derde badkamergebou – ook gemeenskaplik – op die ander punt van die boonste staanplekke. Die vierde badkamer het enkelgeriewe en is aan die verder kant naby die speelpark.

### Kortliks | Sitrusoewer

**Vis** Karp, kurper, baber en paling.
**Kampplek** 31 staanplekke op gras met en sonder koelte – 14 daarvan grens aan die Sondagsrivier.
**Ablusiegeriewe** 4 badkamergeboue tussen die staanplekke wat kombuisgeriewe insluit.
**Prys** R120 p.p.p.n. (R75 vir leerlinge). Die minimumtarief vir enkellopers is R200.
**Aankoms- en vertrektyd** 12:00 en 11:00 (Sondae buite skoolvakansies tot 17:00).
**Kontak** 042 232 0503 sitrusoewer@srvalley.co.za Sitrusoewer River Camp
**Naaste dorp** Kirkwood 8 km.
**Hoe lyk die pad?** Daar is 'n grondpad van 1,5 km tussen Sitrusoewer en die grootpad, maar dis in goeie toestand.
**GPS** S33.417835 E25.360774

***Ry & Sleep* sê** Bestel jou lemoenbraaihout vooraf en dit staan gereed op jou staanplek wanneer jy opdaag.






Die oewerstaanplekke het gemesselde braaiplekke (met roosters). Die res kry losstaande braaiers, ook met roosters.

Johan sê lemoenhout is gesogte braaihout en jy kan teen R35 'n sakkie self op die proef stel.

Jou kragpunt (die gewone huissok) is op jou staanplek, en as beurtkrag toeslaan, spring 'n kragopwekker aan die werk.

As jy dalk saam met kampvriende wil kuier en verkies om in 'n huisie te slaap, is hier vier waaruit jy kan kies.

Die klouterraam vir kinders is digby die laaste staanplekke.

Buiten dat die rivier 'n gawe hengelplek is, is dit ook 'n veilige swemplek.

Die binnebande, kano's en roeibootjies is vir almal se gebruik en boonop gratis.

Jy kan van die oewerstaanplekke af hengel – jy haak dalk 'n karp, kurper, baber of dalk 'n paling. Onthou net, die vrylaatreël geld hier.

Die oesseisoen is tussen Maart en September. Van die vars vrugte word selfs by die kampplek afgelewer – heerlik sonvars!

## Die Skim se katrol

HENGELGEREI

'n Mens sien nie aldag gekamoefleerde katrolle nie, maar Adrenalin het nou spesifiek vir karp-hengelaars 'n Camo-model op die mark. Dit is 'n sogenaamde *baitrunner*-katrol, wat beteken hy het twee afsonderlike koppelaarfunksies.

Die hoofkoppelaar werk op die spoel waar jy die skietgee-aksie beheer terwyl jy die vis aan wal probeer kry. Die tweede koppelaar – en dit is waar die naam vandaan kom – is die weerstand wat jy op die spoel kan stel nadat jy ingegooi het. Dis 'n knoppie aan die stertkant van die katrol om die aksie te aktiveer.

Wanneer 'n karp die hoek in die bek kry, sal hy 'n ent probeer wegswem. Die tweede koppelaar-aksie bied minder weerstand, wat beteken dit laat die vis toe om die lyn effens te trek. (Sonder hierdie aksie sal die vis bloot die visstok van sy mik aftrek.)

Wanneer jy vasmaak en die slinger van die katrol draai, word dié koppelaar gedeaktiveer omdat jy verder op die ander aksie steun tot die vis uit die water is.

**Prys** R525 vir die 5 000-model. Die 4 000 is van Februarie 2023 af beskikbaar.
**Kontak** Beskikbaar in hengelwinkels landwyd – ook in Namibië.
catches@4adrenalin.co.za adrenalinfishing.co.za






# Die yster van Toledo

Ons het 'n 4 700 km lange draai met 'n Jeep Gladiator Rubicon gery – en 'n groot hap daarvan was uitdagend. Hier is ons indrukke.



Teks en foto's **Cyril Klopper**





Die Jeep Gladiator het in Augustus 2022 uit Toledo, Amerika, in Suid-Afrika aangekom, en tot dusver verkoop hy goed.

Elkeen wat van die boot af ry, kry 'n baas en motorjoernaliste staan tou om die Gladiator onder hande te neem. Dit was dus 'n pluimpie toe ons vir langer as 'n week een kon kry om te toetsbestuur.

Ons moet uit die staanspoor sê dis 'n lekker bakkie wat beslis die aandag trek. As ons 'n sent kon kry vir elke kop wat draai terwyl ons verbyry, dan het ons amper genoeg geld gehad om die brandstofrekening te betaal...

Ons kon met 'n geruste hart enige pad takel, want ons het geweet ons sal hom baasraak – en ons het inderdaad nooit gesukkel in hindernisse nie.

**Hoe ry hy?**

Die Gladiator het besonder sagte vering. Jy druk met die een hand op 'n modderskerm en die hele bakkie wieg op en af. Die BF Goodrich Mud-Terrain-bande, daarteenoor, is styf en saam sorg die kombinasie vir 'n skaflike rit.

Die sitplekke is goed gestoffeer en in die 4 700 km het ons sitvlak nooit lam geraak nie. Ons toetsmodel het 'n harde dak wat maklik verwyder kan word, en ons het gedink dit gaan raas binne die kajuit, maar dit was hoegenaamd nie die geval nie. Trouens, dis eintlik net die modderbande wat op teerpaaie gesuis het.

Agterlangs is daar hope kop- en beenruimte – passasiers het geen rede om te kla nie. Die son bak die dak ongelukkig net warm en jy voel die hitte op jou kroon. Dit is ook eienaardig dat die vloer warm raak op lang ritte.

Wat brandstofverbruik betref, is die Jeep Gladiator jou beslis nie goedgesind nie. Die beste syfer wat ons kon haal, was 11,8 ℓ/100 km (8,5 km/ℓ) buite Upington waar jy vir 'n lang ent nie vinniger as 100 km/h mag ry nie.

Die swakste was 17,9 ℓ/100 km (5,6 km/ℓ) deur Lesotho se modder, riviere en klippe. Meermale was die verbruik rondom 16 ℓ/100 km (6 km/ℓ).

**Hoe vergelyk hy?**

Die Jeep Gladiator het nie werklik 'n gelyke nie. Sy naaste mededinger is die nuwe Ford Ranger Raptor wat ook 'n V6-petrolenjin en vering deur Fox Racing het.

Die Toyota Land Cruiser 79 en Nissan Patrol-bakkie is moontlike mededingers, maar hulle is al stokoud en hulle tegnologie dekades agter die Jeep s'n.

Die Jeep Gladiator is teen 5 591 mm die langste bakkie in Suid-Afrika – selfs langer as die GWM P-reeks wat al klaar nie in 'n gewone motorhuis pas nie. Die Ranger Raptor is 21 cm korter as die Gladiator (5 381 mm) en jy kan 753 kg in hom laai teenoor die Gladiator se 693 kg. Die Mitsubishi Triton en Nissan Navara kan 'n volle ton dra.



| SPESIFIKASIES | |
|---|---|
| **Model getoets** | Jeep Gladiator Rubicon |
| **Enjin** | 3 604 cc, V6-petrol |
| **Krag** | 209 kW @ 6 400 r.p.m. |
| **Wringkrag** | 347 Nm @ 4 100 r.p.m. |
| **Ratkas** | 8 spoed-outomaties |
| **Brandstofverbruik** | 16 ℓ/100 km |
| **Tenk** | 83 ℓ |
| **Vragvermoë** | 693 kg |
| **Sleepvermoë** | 2 712 kg |
| **Waaddiepte** | 800 mm |
| **Grondvryhoogte** | 249 mm |
| **Nader- en vertrekhoek** | 43,9° en 26° |
| **Wielgrootte** | 255/75/R17 |
| **Afmetings** | 5 591 (l) x 1 894 (b) x 1 909 mm (h) |
| **Veiligheidsgradering** | ★★★ (ANCAP 2021) |
| **Diensplan** | 3 jaar/100 000 km |
| **Waarborg** | 5 jaar/100 000 km |
| **Prys** | R1 259 900 |











Ons hou van die Jeep Gladiator se groot ruite en hoë dak sodat jy jou Stetson-hoed nes 'n wafferse cowboy kan dra en die wêreld óm jou goed kan bespied. Die Ranger Raptor staan wel hoër van die grond af met 'n dakhoogte van 1 922 mm en 'n grondvryhoogte van 272 mm – teenoor die Gladiator se 1 909 mm en 249 mm.

Wat sleepvermoë betref, kan jy 'n maksimum van 2 712 kg aan die Jeep haak vergeleke met die 2 500 kg van die Ranger Raptor. Die Nissan Navara en Mitsubishi Triton se ratkas kan meer as 3 t sleep.

### Slotsom

Die Jeep Gladiator Rubicon is 'n gespesialiseerde ryding en na ons mening die beste 4x4-bakkie in Suid-Afrika – mits jy hom vir daardie doel gaan gebruik.

Daar is dinge wat pla, soos sy smallerige kajuit (jy sit betreklik na aan jou reismaat) en die ruite se knoppies wat om 'n duistere rede agter die rathefboom sit pleks van in die deure waar hulle hoort. Dit is glo gedoen omdat jy die deure kan verwyder, maar ons vraag is wat wil jy met die knoppies beheer as die deure – en daarmee saam die ruite – dan afgehaal is? Ons wens ook jy kon die V6 se brul beter deur die uitlaatstelsel hoor. Dis 'n mooi klank wat verdien om gehoor te word.

Maar dit is alles klein dingetjies. Oor die algemeen sal ons die Jeep Gladiator Rubicon sterk aanbeveel, veral as jy beplan om hom te gebruik waarvoor hy gebou is.

## Van die mededingers

**Wildewragtagbakkies**



**R758 900** | **Mitsubishi Triton 4x4 Xtreme** | **470 Nm**

Sy voorkoms is effens laf, maar in die bos is hy bekwaam.



**R812 900** | **Nissan Navara 4x4 Pro-4X** | **470 Nm**

Hy's fors en kordaat met aggressiewe stilering.




**Prys onbekend** | **Ford Ranger Raptor** | **470 Nm**

Die eindstryd is tussen die nuwe Raptor en die Gladiator.

# Langeraat vir die langpad




ISUZU D-MAX

Die sogenaamde "Extended cab" is besonder geskik vir reismaats wat baie plek nodig het binne die kajuit, maar 'n bakkie verkies bo 'n sportnuts. Isuzu maak 'n lekker een.

Teks en foto's **Cyril Klopper**

Ons het 'n 2 000 km lange draai deur Namakwaland gaan ry waarvan 'n groot deel grondpad was. Die lekker ding van 'n verlengde bakkiekajuit is dat jy jou matrasse, slaapsakke en klere in die kajuit kan laai waar dit skoon en droog bly, terwyl jy 'n tent en kampmeubels agter op die bak vervoer. Daar is ook bêreplek onder die vloer agter die sitplekke.

Hoewel ons toetsvoertuig slegs in die agterwiele aangedryf word, kon ons matige 4x4-roetes met hom aanpak – dit is danksy sy ewenaarslot en goeie grondvryhoogte.

## Hoe ry hy?

'n Isuzu is darem maar 'n lekker ryding op die langpad, hoewel ander bakkies soos die nuwe Toyota Hilux ook deesdae seepglad ry. Die enigste ding waaroor mense soms kla, is dat 'n Isuzu nie bekend is vir spoed nie. Hierdie siening moet egter verander, want die 1,9 ℓ-turbodiesel trek verbasend sterk. Die outomatiese ratkas skakel akkuraat oor en die binneruim is stil, selfs teen snelwegspoed.

## Hoe vergelyk hy?

Twee ander bakkies met 'n verlengde kajuit is die Ford Ranger Super Cab en Toyota Hilux Xtra Cab. Die Ranger is die langste teen 5 354 mm (9 cm langer as die Isuzu), en die Ranger en D-Max kan albei 'n maksimumgewig van 3 500 kg sleep vergeleke met die Hilux se 2 750 kg. Jy kan ook 'n volle ton in 'n D-Max en Ranger laai, maar die Hilux kan slegs 820 kg dra.







KAMPGEREED. Ons toetsmodel kry 'n seiltjie en sportstaaf op die koop toe. Die agterruit kan op 'n skrefie oopmaak vir jou hond – dit is egter nie 'n geskikte sitplek vir kinders nie omdat daar nie sitplekgordels is nie.

Die D-Max se kleinerige 1,9 ℓ-enjin lewer 110 kW en 350 Nm wringkrag en staan dus sy man teen die Ranger 2.2 se 118 kW en 358 Nm en die Hilux 2.4 se 110 kW en 400 Nm.

Wat nasorg betref, het die Ford Ranger 'n 4 jaar/120 000 km-waarborg en 6 jaar/90 000 km-diensplan. Die Hilux het 'n 3 jaar/100 000 km waarborg en kry 9 dienste oor 90 000 km. Die Isuzu is in albei opsigte beter daaraan toe met 5 jaar se gemoedsrus.

## Slotsom

Ons kon nie glo die 1,9 ℓ-enjin trek so lekker nie. Natuurlik was daar niks op die sleepstang nie en ons kampgoed weeg min, maar die D-Max het nietemin laat waai.

Die afwerking binnelangs is deftig en ons kan hom ten sterkste aanbeveel vir 'n paartjie wat 'n bakkie met 'n groot binneruim soek, maar nie vir 'n ekstra ry sitplekke wil betaal nie.

## SPESIFIKASIES

| | |
|---|---|
| **Model getoets** | D-Max 1.9 Ddi HR LS |
| **Enjin** | 1 898 cc, viersilinder-turbodiesel |
| **Krag** | 110 kW @ 3 600 r.p.m. |
| **Wringkrag** | 350 Nm @ 1 800 r.p.m. |
| **Ratkas** | 6 spoed-outomaties |
| **Brandstofverbruik** | 7,1 ℓ/100 km |
| **Tenk** | 76 ℓ |
| **Vragvermoë** | 1 120 kg |
| **Sleepvermoë** | 3 500 kg |
| **Waaddiepte** | 800 mm |
| **Grondvryhoogte** | 235 mm |
| **Wielgrootte** | 255/65/R17 |
| **Afmetings** | 5 265 (l) x 1 870 (b) x 1 785 mm (h) |
| **Diensplan** | 5 jaar/120 000 km |
| **Waarborg** | 5 jaar/90 000 km |
| **Prys** | R508 700 |

SLEEPGEREED. Hierdie model kry 'n sleepstang standaard. Daar is pakplek onder die vloer waar jy byvoorbeeld die domkrag kan bêre.









**MEDEDINGERS**
**Tweewielaangedrewe bakkies met 'n outomatiese ratkas en verlengde kajuit**





**R506 300** **Toyota Hilux 2.4 Xtra Cab GD6 RB RAI**

Die Hilux se reputasie vir 'n stamperige rit is lankal nie meer waar nie.



**R515 700** **Ford Ranger 2.2 TDCi Super Cab XLS**

'n Gunsteling onder ambagsmanne wat naweke met hulle bakkie gaan kamp.




SMART CHOICE™ CANSA

# DRA DIE SKADU SAAM MET JOU.

Strand of bosveld, ons beskerm jou. Ons reisvriendelike hoedens is ontwerp om jou en jou gesin gerieflik en stylvol te beskerm teen die son. Emthunzi-hoedens is gerig op buitelugavonture en gemaak van innoverende materiaal wat nie stukkend gedruk kan word nie. Die grootte kan verstel word vir die perfekte passing en die hoedens maak maklik skoon. UPF50+ gegradeer vir maksimum UVA- & UVB beskerming. Maak nie saak op watter avontuur jy in die buitelug is nie, jy kan jou beskerming saam met jou neem waar jy ook al gaan.



emthunzini hats
a place in the shade

Oral in Suid-Afrika te kry, in winkels en aanlyn. Gaan na www.sunhats.co.za om ons hele reeks te sien | @sunhatsza #emthunzinihats

# Kind van die bos

## Bushwakka se Sundowner Evolution 3 is nommerpas vir 'n klein gesin wat met die wêreld se gerief die onbekende wil invaar.

Teks en foto's **Leon Botha**

As 'n mens net na die boumateriale van die Evolution 3 kyk, weet jy jy belê in 'n boswoonwa wat jou jare se diens gaan gee. En met al die standaardtoerusting kan jy omtrent net haak en gaan kamp.

Die onderstel bestaan uit 3CR12- vlekvrye staal en dele van die romp ook – saam met aluminium. Dit beteken verweer is omtrent heeltemal uitgeskakel.

Jy kort net 'n ys-vrieskas en jy kan in die pad val, want die kombuis is reeds toegerus – jy kry 'n gasstoof (gassilinder ingesluit), watertenk, geiser, 12 V/220 V-kragstelsel, ligte en 'n afdak. Daarby is 'n netjiese slaapplek vir 'n kind skuins langs die hoofbed.

Die Evolution 3 pas dus 'n jong gesin soos 'n handskoen.

### Begin voor

Die Evolution 3 se ronde neus is kenmerkend, en dis 'n ruimte wat slim ingerig is. Die boonste deel buite het 'n deksel wat soos 'n enjinkap lig. Die pakruimte se boom







is heuphoogte, wat beteken dis maklik om toerusting in of uit te tel. Vir die grootte wa is dié ruimte enorm – die gassilinder staan in die regterhoek.

Die deksel se onderkant het 'n vals boom, en op die punt is 'n knip wat jy uithaak sodat die boom afswaai na die binnekant van die neuskas toe. Dit is die bêreplek vir gereedskap soos jou graaf, byl, hamer en wielmoersleutel, elkeen op sy eie plek.

Haal nou die wielsleutel uit om die hoekstutte uit te draai – daar is een op elke agterste hoek en een net links van jou oorkant die neuswiel by die A-raam.

Onder die neuskas, agter die handrem, is nog 'n kas. Ekstra gereedskap kan hierin pas, of selfs 'n grondseil of 'n hele paar braaihoutstompe as jy dit droog wil hou.




**BUSHWAKKA SUNDOWNER EVOLUTION 3**






**Kooi toe**

Die Sundowner se regterpaneel is een groot deur wat platslaan en die bedbasis word. Dit word met 'n skeepsvraghouerslot toegehou – die beste manier om stof en water uit boswaens te hou.

Met die basis platgeslaan, trek die tent se onderrand – wat oor die bed span – oor die bedbasis. Kry nou die twee binnepale heel links en regs op hulle plek sodat dit die hoeke van die seil laat span. Laastens pas drie veerlatte op die kante en die middel om die boseil te span. Dit is ook gerieflik om hier te staan en die bed op te maak. Jy leun bloot deur die venster – wat natuurlik kan ooprits – en jy kom maklik by. (Die gaas en seilpanele van die twee syvensters kan ook ooprits.)

Die deur is agter – jy moet die storttentraam en trappie voor die deur wegswaai om dit oop te maak. Die storttentraam swaai haaks na regs waar jy die storttent kan uitslaan. Die trappie het vier trappe, is stewig en swaai weg van die deur af na jou toe.

Om die opwipdak te lig moet jy 'n knip op elke hoek losmaak. Die knip voor links is effens verhul agter die kombuiskant se stoeptent. Kry jou staan skuins agter die A-raam – as jy 6 voet lank is, kom jy dit net-net by.

Die dak het 'n Z-raam, wat beteken die deel bo die deur lig eerste, waarna die voorkant opslaan. Dit beteken ook die dak lig besonder hoog – daar's 'n goeie 2,1 m tussen die vloer en dak en jy kan regop staan as jy inklim. Jy kan selfs regop "instap" – 'n luukse wat jy nie op enige wa sien nie. Buiten dat die deur toemaak in die onderste deel van die deuropening, het die hele deur a ook 'n vollengte gaas en seil wat jy kan toerits.

Behalwe die seilafdakkie bo die deur, is daar nog 'n afdak wat verder bo die deur uitslaan en 'n 180°-afdak oor die linkerkant van die Sundowner vorm. Dit gee jou dus onderdakruimte langs én agter die Sundowner. >










## In die huis

Soos jy inklim, is die bed uiteraard regs – die hele muur links bestaan uit verskeie oop rakke en sakkies vir klere.

Links voor is 'n smal blad – 'n gawe plek vir 'n selfoon wat laai. Langs dié blad slaan die tweede een op wat dan 'n gerieflike tafel vir twee maak terwyl jy op die bed sit.

Bo die smal blad is 'n versteekte vierkantige spieël. Jy sien die rugkant, maar swaai die vierkantige seil boontoe en die spieël is voor jou – slim.

'n Ekstra ruim oop rak is dwars in die neusgedeelte en strek oor die volle breedte van die Sundowner. Dit het 'n matras onder en daar is 550 mm tussen die matras en die dak. Die matras self is 700 mm breed, wat dit lekker slaapplek vir 'n kind maak. Dié deel kan ook privaat gemaak word, want hier is 'n seilflap wat kan toerits.

Die matras van die hoofbed bestaan uit twee dele. Die stuk binne die wa is 1 980 mm lank en in die uitslaankant 1 860 mm, en die hele bed is 1 650 mm breed. Dis dus mooi tussen 'n koningin- en koningsgrootte bed. (Die seildak bo jou in die uitslaankant wissel in hoogte: 720-770 mm.)

Die Sundowner het verskeie ligte, onder meer bo teen die dak en twee ligte bo elk van die beddens.

Onder die bed is nog oop pakplek vir iets soos 'n winterduvet, kussings, of sommer 'n voorraad blikkieskos. Die battery staan in die rak by die deur regs soos jy inklim met die kragpaneel bo dit. Dit sluit in die verdeelbord met sy stroombrekers vir die ys-vrieskas, ligte en die pomp, omskakelaar en batterylaaier.

Hier is ook twee USB-sokke en 'n sigaretaanstekersok. Langs die tafel is daar twee USB-sokke en drie 220 V-sokke.



## Van die mededingers - Waens van meer as R500 000

*Ry & Sleep* het die Sundowner by die vervaardiger geleen.



**R559 000** | **Afrispoor Wild Cat 2 Sleeper** | **BVM 1 900 kg**

Het 'n gegalvaniseerde onderstel, en ook 'n vlekvryestaal-en-aluminiumromp.



**R529 253** | **Conqueror UEV-17** | **BVM 1 800 kg**

Het 'n gegalvaniseerde onderstel en romp van aluminium en sintetiese materiaal.



**R558 900** | **Bush Lapa Ratel 4** | **BVM 1 800 kg**

Het 'n vlekvryestaalonderstel en romp van vlekvrye staal en aluminium.

**Spys en drank**

Die Sundowner Evolution is 'n voorbeeld van 'n goed toegeruste buitekombuis. Jy het 'n ys-vrieskas, gasstoof, geiser en opwasgedeelte. Jy sien wel nie 'n mikrogolfoond nie, wat ook nie broodnodig is wanneer jy in die boendoes is nie.

Die ys-vrieskas trek heel links uit die romp, en by die kopgedeelte slaan 'n rakkie op vir neersitplek. Die werkblad slaan plat bo die linkerwiel met hope pakplek in die kas agter dit. Dit sluit in 'n hele paar oop rakke waarin enigiets van potte en panne tot kosblikke en allerlei kruideniersware kan pas. Die middelste deel is uitgevoer met sponsvorms waarin bekers, borde, glase en wynbottels pas. Onder dit is 'n laai vir die messegoed.

Die tweeplaatgasstoof staan heel links dwars op die blad, en die blad self het 'n rand om te keer dat iets per ongeluk kan afrol.

***Ry & Sleep* sê**

Die Sundowner Evolution 3 het bladvere met 'n 2 t-gradering en 2,5 t- geremde as, 2,7 t-koppelstuk en swaardiensgasskokbrekers.



## SPESIFIKASIES

| | |
|---|---|
| **Vervaardiger** | Bushwakka Africa |
| **Model** | Sundowner Evolution 3 |
| **Slaapplek** | 3 |
| **Grootte** | 4,8 x 1,9 x 2,1 m |
| **Tarra** | 1 210 kg |
| **Dravermoë** | 490 kg |
| **BVM** | 1 700 kg |
| **As** | 2,5 t |
| **Wielgrootte** | 15" |
| **Onderstel** | Vlekvrye staal |
| **Romp** | Vlekvrye staal en aluminium |
| **Prys** | R536 354 |

**HANDELAARSNETWERK**

Hoofkantoor op Worcester. Beskikbaar by Bushwakka self, Pretoria Caravans & Outdoor en Bushwakka Namibia.

**Kontak** 023 342 3438 admin@bushwakka.co.za bushwakka.co.za

B EB TEER GROND 4x4 1 700 kg











Die 220 V-kragsokke is in die kas regs – 3 drie- en 3 tweepuntsokke. Die inlyngasgeiser is in sy eie kas heel regs. Die aluminiumwasbakraam slaan op onder die kraan. Die droograk pas heel regs in die raam met pakplek in die middel tussen die twee kante.

Regs van die geiser, buite teen die romp, is die meter wat die batterylading wys, plus twee Hella-sokke, 'n skakelaar vir die pomp en die lesing van die watervlak in die tenk.

'n Diep laai trek voor langs die ys-vrieskas uit waarin 5 ℓ-waterbottels maklik pas. Daar is 'n soortgelyke kas aan die ander kant van die neus, maar dit is 'n oop rak. Hiernaas, regoor die ys-vrieskas, is twee laaie met 'n oop stuk onder dit. Albei dié kaste is gawe ekstra pakplek vir goed soos klere of kruideniersware.

**Wat is standaard?**

Standaarditems sluit in 'n 4,5 kg-gassilinder; noodwiel; vlekvryestaalwasbakraam met skottels en 'n droograk; 'n volledig toegeruste kombuis met eetgerei vir 4; 'n gasstoof; glyraam vir ys-vrieskas; LED-ligte binne en buite; 12 V/220 V-batterystelsel wat'n 15 A-Victron-laaier en 100 Ah-litiumbattery insluit; 140 ℓ-aluminiumwatertenk met 'n pomp en inhoudsmeter; afdakke wat tot 270° uitslaan; geiser; en storttent met wasbak, spieël, handstuk en stortkop.

Onder die opsionele items tel 'n 280 W-sonpaneel met 20 A-Victron-reguleerder (R11 443); 200 Ah-litiumbattery (R9 258); Victron Phoenix 12 V/1 200-230 V-omskakelaar (R9 950) en laaistelsel uit die sleepvoertuig (R2 500).

# Geskenketyd!

Dis weer daardie tyd van die jaar wanneer Mariah Carey se "All I Want for Christmas" en Wham! se "Last Christmas" onophoudelik in die winkels speel. Hier is 'n paar geskenkidees voor jy vlug na die rustigheid van 'n kampterrein.

Teks **Cyril Klopper** Foto's **Cyril Klopper en verskaf**

**KRY DIE PRODUKTE HIER**

outdoorwarehouse.co.za capeunionmart.co.za toysrus.co.za agrimark.co.za




TOP TRUMPS-KAARTSPELETJIE

## Myne is die sterkste

Top Trumps dateer uit die jare sewentig, en dit bly nou maar een van die beste maniere om die tyd te verwyl op pad wildtuin toe. Daar is honderde weergawes, maar dié een, wat handel oor Afrika se diere (foto bo), is uiteraard gepas vir ons vasteland.
**Prys** R125 by Toys R Us.




HUAWEI-BONDEL

## Luister terwyl jy oefen

Hierdie is 'n duur geskenk, maar jy kan dit gee as 'n Kers-en-verjaardaggeskenk. Ousus gaan jou ewig dankbaar wees (goed, dalk nie vir ewig nie) vir hierdie horlosie, fiksheidsmonitor en musiekspeler. Jy kry op die koop toe bluetooth-oorfone.
**Prys** R3 300 by Cape Union Mart.




OPINEL NO 8

## Franse lem

Meskenners gaan aanvoer die beste mes is iets soos 'n Wüsthof of Kiritsuke, maar niemand gaan jou kritiseer as jy 'n Opinel uithaal nie. Die 8,5 cm lange Turkse Yatagan-lem is gemaak van Sandvik 12C27-staal en die greep is van Franse beukehout.
**Prys** R230 by Outdoor Warehouse.




STANLEY-STEINBEKER

## Nou maar tjorts!

Stanley se steinbeker kan Pa se bier glo 7 uur lank koud hou terwyl hy hengel – nie dat Pa so lank aan sy bier drink nie... Die beker word gemaak van 18/8- vlekvrye staal en BPA-vrye plastiek. Hy gaan jou pa vir ewig hou en het boonop 'n lewenslange waarborg.
**Prys** R700 by Outdoor Warehouse.



GSI SANTOKU 3-MESSESTEL

## Komplimente aan die sjef!

Hierdie stel bestaan uit 'n 10 cm-groentemes, 15 cm- getande mes en 'n 15 cm-santokumes. Jy kry ook 'n nylonkerfplank, botteltjie seep en 'n waslap. Dit is 'n gawe geskenk vir die kok in julle gesin wat ernstig is oor kosmaak. Die tassie met sy inhoud weeg altesame 726 g.
**Prys** R770 by Agrimark.



NATURAL INSTINCTS-HANGMAT

## Lekker bederf

Hierdie geskenk gaan slegs werk as jy die volgende doen: Span hom tussen jou boswa en 'n boom, nooi vir Mamma om te ontspan en skink vir haar 'n gin. Maak nou die bykosse, braai die vleis en was die skottelgoed. Koop sommer ook vir haar 'n lekker roman om te lees.
**Prys** R500 by Outdoor Warehouse.




CATAN-BORDSPELETJIE

## Ruil, bou, vestig

Hierdie speletjie is in 1995 geskep deur die Duitser Klaus Teuber. Dit het sedertdien internasionaal bekend geraak en is naas skaak en Monopoly een van die gewildste bordspeletjies. Tot 4 spelers kan deelneem, en 'n tipiese spel duur 1-2 uur – net reg vir die kampplek.
**Prys** R1 000 by Toys R Us.



NATIONAL LUNA-YSMAKER

## Met eish, ja

Dit is 'n duur geskenk hierdie, en die hele gesin sal moet saamspan om hom te koop, maar wat is dan lekkerder as vars ys in die Bosveld? Hy't 'n 2,2 ℓ-watertenk en kan 12 kg ys per dag maak. Omdat dit so 'n duur geskenk is, stel ons voor jy skaf ook 'n Camp Cover-sak aan vir R900.
**Prys** R3 000 by Outdoor Warehouse



VELDSKOEN J-BAY

## Dagsê, Veldsman

Vellies is deesdae hoogmode, en hierdie paar deur die Durbanse maatskappy Veldskoen meng tradisie met byderwetsheid. Die skoen wat ons hier wys, is die J-Bay en jy ken hom uit aan sy blou sool. Ander kleure wat beskikbaar is, sluit in rooi, pienk, groen en oranje.
**Prys** R1 000 by Agrimark.



# Maklike feeskos

Maak dié feestelike kos oor die kole en vier die groot vakansiedae lekker langs die braaivleisvuur.

Resepte en stilering **Johané Neilson** Foto's **Ed O'Riley**

**BIEFCARPACCIO**

## Gemaak om te deel

**Hier is nou 'n heerlike deel-voorgereg wat enige kuier op 'n hoë noot laat afskop: Dun skyfies perfekgebraaide beesfilet – met 'n goudbruin buitebaadjie en pienk binnekant – voorgesit met 'n pikante sousie of tuisgemaakte mosterd.**

### Jy benodig

*(genoeg vir 6-8 as voorgereg)*

- 800 g beesfilet (of gebruik 'n wildsfilet)
- 'n ruim vryfie seesoutvlokkies – ons het maldon gebruik
- 1 teelepel grofgestampte reënboog-peperkorrels
- 2 eetlepels goeie olyfolie, plus ekstra om voor te sit
- 1 rooiui, in dun skyfies gesny
- 1 klein suurlemoen
- 2 eetlepels klaargemaakte peperwortelsous (*horseradish*)
- 80 g bronkors (*watercress*) of roketblare (opsioneel)

### Só maak jy

**1 Vryf** die beesfilet in met sout, peper en die helfte van die olyfolie.
**2 Braai** die vleis oor warm kole met 'n bietjie vlamme tot die vleis oraloor mooi goudbruin is. Die gedagte is dat die prima vleis aan die binnekant nog baie pienk is, maar jy kan dit natuurlik gaarder maak as jy dit verkies. Laat die vleis vir 10 minute rus.
**3 Meng** die rooiui met die ander lepel olyfolie en 'n drukkie vars suurlemoensap.
**4 Sny** die vleis met 'n skerp mes in baie dun skyfies en rangskik dit op 'n plankie of opdienbord. Drup ekstra olyfolie oor, geur dit met 'n ekstra knippie sout en drup hier en daar 'n bietjie peperwortelsous oor (of sit die sous apart voor in 'n bakkie sodat mense hulleself kan help). Garneer die vleis met die ui en, indien jy daarvan het, die bronkorsblaartjies vir 'n vars smakie.
Sit dit dadelik voor.

***Ry & Sleep* sê As jy dié voorgereg wil rek, sit skyfies knoffelbrood daarmee saam voor.**

**VARKBOUD IN APPELSAP**

## Wys 'n bietjie been

**Vleis na aan die been is altyd die sagste, al is dit effens moeiliker om dit mooi te sny! Dié roosterstuk word eers in 'n sousie in die pot geprut en daarna vining gebraai vir glans.**

### Jy benodig

*(genoeg vir 6)*

- 1 varkboudroosterstuk (*pork leg roast*) van 2,5 kg, met die vel aan
- 2 groot uie, in 1 cm-wiele gesny
- 1 ℓ appelsap
- 2 eetlepels sojasous

VIR DIE VRYFMIDDEL

- 2 eetlepels mosterdpoeier
- 1 eetlepel paprika
- 1 teelepel seesout (ons het maldon gebruik)
- 4 heel naeltjies
- 2 teelepels bruinsuiker
- 1 eetlepel olyfolie
- 'n groot knippie rissiepoeier
- swartpeper na smaak

### Só maak jy

**1 Meng** al die bestanddele vir die vryfmiddel saam. Maak met jou skerpste mes insnydings deur die vel van die roosterstuk en vryf die speserymengsel oraloor in.
**2 Pak** die uie onderin 'n platboomswartpot waarin die vleis redelik knus pas, sit die vleis bo-op die uiebed en giet die appelsap en sojasous by – die vleis moet halflyf in die vloeistof staan. Maak die pot toe en potbraai die vleis vir 3-4 uur met 'n paar kole onder die potjie en nog 'n paar op die deksel, of tot die vleis heerlik sag is. Dit moet smeltsag wees, maar liefs nie uitmekaarval nie.
**3 Lig** die vleis versigtig uit die sousie. Skep 'n koppie vol van die pansappe uit in 'n kleiner potjie en kook dit met die helfte af.
**4 Braai** nou die vleis oor matige kole terwyl jy die afgekookte sous aanverf vir glans.

***Ry & Sleep* sê As jy nie tyd het om die pansous af te kook vir die glaseersel nie, kan jy kortpad kies met gekoopte BBQ-braaisous. Verf dit net so aan of meng 2 eetlepels by 'n koppie van die pansous vir 'n effens dikker aanverfdoepa.** >








Colman's
Hot English Mustard Powder



## ROMERIGE HOENDERPOT
# Kekkel-en-kraai!

**Dié romerige potjie het al die geure van 'n lekker hoenderpastei sonder die deegdop. Sit dit voor saam met rys óf 'n lekker vars brood.**

### Jy benodig
*(genoeg vir 6)*

- 2 eetlepels olyfolie
- 12 hoenderdyfilette, middeldeur gesny
- 2 eetlepels koekmeel
- 200 g gerookte varkrepe (*pork rashers*), in blokkies gesny
- 1 groot ui, fyngekap
- 3 selderystingels, fyngekap
- 2 wortels, in 1 cm-wiele gesny
- 1 teelepel fyngedrukte knoffel
- 500 g baba-aartappels, middeldeur gesny
- 2 koppies hoenderaftreksel
- 1 koppie bevrore ertjies
- 'n groot klont botter
- 1 bakkie (250 g) sampioene, grofgekap
- 2 eetlepels suurroom
- 1 teelepel fyngekapte pietersielie (of gebruik ½ teelepel droë pietersielie)

### Só maak jy
**1 Verhit** die olie in 'n swartpot. Rol die hoender in die meel, geur dit behoorlik met sout en peper en braai dit dan in die warm olie tot goudbruin. Skep die hoender uit, maar behou die olie. Braai nou die spek, ui, seldery en wortel saam.
**2 Skep** die hoender terug in die pot saam met die knoffel, aartappeltjies en aftreksel. Sit die deksel op en prut die pot rustig vir 45 minute.
**3 Roer** die ertjies by en kook die potjie oop tot die sous dik genoeg is na jou smaak en die aartappeltjies sag.
**4 Verhit** die botter in 'n pannetjie en braai die sampioene stadig tot goudbruin.
**5 Skep** die sampioene by die pot en voeg die suurroom en pietersielie by. Proe vir oulaas vir sout en sit dit voor met rys of potbrood – vir al daardie lekkerrr sous!

***Ry & Sleep* sê** **Jy kan die potjie ook met hoenderstukke maak; vermeerder net die gaarmaaktyd na gelang van die grootte.**

## TUISGEMAAKTE MOSTERD
# Dis mos lekker!

**'n Potjie tuisgemaakte mosterd is heerlik saam met die meeste gebraaide of kouevleise... en vir enige kampspens 'n aanwins .**

### Jy benodig
*(maak 2 konfytflessies)*

- ⅓ koppie mosterdpoeier
- ⅔ koppie suiker
- 1 eetlepel koekmeel
- 'n stewige knippie sout
- 3 eiers
- 1 koppie wit- of bruinasyn

### Só maak jy
**1 Meng** die mosterd, suiker, meel en sout saam in 'n mikrogolfbestande mengbak. Klits die eiers by, gevolg deur die asyn wat jy in 'n dun straaltjie byvoeg terwyl jy klits – dit is om te keer dat die mengsel klonte vorm. Ek gebruik 'n elektriese klitser, maar 'n ballonklitser werk ook goed.
**2 Mikrogolf** die mengsel vir 6 minute op Hoog, en klits dit ná elke 2 minute goed. Kyk en proe of die mosterd dik genoeg is en mikrogolf dit, indien nodig, vir nog 2 minute.
**3 Skep** die mosterd in gesteriliseerde glasflessies, verseël dit en laat dit afkoel.

***Ry & Sleep* sê** **Vir 'n geler mosterd kan jy witasyn gebruik. As jy wil eksperimenteer, dollie jou mosterd op – probeer gerus gekapte pikantrissies, jalapeño's of 'n knippie droë kruie.**

## SOETPAMPOEN
# Doepa vir die suikertand

**My gesin is gaande oor 'n soet bykos. Dié stroperige blokkies kan in die pot op 'n gasplaat of oor die kole gaargemaak word. Jy het nie 'n oond nodig nie.**

### Jy benodig
*(genoeg vir 6)*

- 2 eetlepels botter
- 1 kg pampoen, in 2 cm-blokkies gesny
- 2 eetlepels suiker
- 2 teelepels suurlemoensap
- 2 takkies vars tiemie (of gebruik 'n knippie droë tiemie)

### Só maak jy
**1 Smelt** die botter in 'n dikboompan of -potjie met 'n deksel. Voeg die pampoenblokkies by plus 'n koppie kookwater. Sit die deksel op en kook die pampoen rustig vir 10 minute of tot dit netnet sag is.
**2 Voeg** die suiker, suurlemoensap en tiemie by en roer alles saam tot die suiker gesmelt het. Probeer versigtig werk sodat die pampoen nie opkook en vorm verloor nie. Kook die pampoen verder in die sous tot dit heeltemal sag en die sousie stroperig is. Onthou om 'n knippie sout by te voeg vir daardie ekstra geurontploffing.

***Ry & Sleep* sê** **Die kruie is opsioneel, maar kikker die gereg tog lekker op. En natuurlik kan jy nog 'n klontjie botter byvoeg, as jy dink dis nodig...**

## KROEK-KOEKSTRUIF
# Poeding vir Afrika!

**Maak hierdie lekkerbek-nagereg in 'n enkellaag vir opskep-en-geniet sonder sukkel.**

### Jy benodig
*(genoeg vir 6)*

- 1 pakkie (80 g) framboos- of bessiejellie
- 250 g aarbeie
- 1 pondkoek of piesangbrood (250 g)
- 'n sopie sjerrie (opsioneel)
- 500 g tuisgemaakte of boksvla
- 1 groot piesang, in wieletjies gesny
- 2 Flake-sjokoladestafies
- 1 bottel spuitroom
- vars mentblaartjies (opsioneel)

### Só maak jy
**1 Begin** met 'n glas- of plastiekbak met 'n inhoudsmaat van 2 ℓ. Maak seker die bak het 'n deksel en pas in jou yskas.
**2 Los** die jellie op in 225 ml kookwater. Roer 225 ml yswater by en giet die mengsel onderin die glasbak. As jy wil, sny die helfte van die aarbeie op en roer dit by die jellie om 'n mooi voorkoms te kry. Sny die res op en hou dit vir later. Laat die jellie in die yskas stol.
**3 Sny** die koek in hapgrootte blokkies en sprinkel sjerrie daaroor.
**4 Bou** die poeding net voor opdiening: Gooi 'n laag vla oor die gestolde jellie en sprinkel dan die koekblokkies, gesnyde aarbeie en piesang bo-oor. Krummel die sjokolade oor en spuit room oraloor die poeding. Garneer dit met mentblaartjies en sit dit dan met 'n glimlag voor!

***Ry & Sleep* sê** **Die mentblaartjies is eintlik vir die mooi, maar ook lekker. Kyk dus vir 'n bossie iewers naby óf sit 'n paar takkies in 'n bakkie en bring dit in die koelboks saam.**





## In die mark vir 'n karavaanskuiwer?

**Die heeltemal nuwe en beste in die wêreld-woonwaskuiwer**

**powrtouch EVOLUTION auto**



**outomatiese karavaanskuiwer**

Met 1-4 helling werkverrigting. Slegs een stel benodig vir dubbelas-woonwa. Vanaf R27 820,00 installasie en BTW ingesluit. Battery, batterylaaier en batterykas is **NIE INGESLUIT** by die prys.

**GRATIS 5 JAAR** GEEN GEKIBBEL ONDERDELE & WERK WAARBORG

**SOMILL PTY LTD,**
RIETFONTEIN, R51 DISTRIK
BALFOUR

KOÖRDINATE
S 26.977890 O 28.593968

**KANTOOR TEL: 058 821 0006**
infopowrtouch@somillfs.co.za

www.Eco4x4africA.com

**BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD VIR ALLE TOERE**

1. B&V verskyn in reisplan vanaf 1 Jan 2023
2. Alle pryse kan verander met vroeë inkennisstelling, maar is vas nadat deposito betaal is
3. Die wisselvalligheid af van die mark is te veranderlik

**KONTAKBESONDERHEDE**


ALEX


ALTA

**EIENAARS**
1996 tot 2030

**ALTA/KANTOOR:** +27 12 80 493 80
**ALEX/OP TOER:** +27 82 570 6010
**Bel Alta 1ste** +27 82 551 2982
**Alex slegs WA/telegram of deur Alta**
**BESPREKING ALTA:** alta@eco4x4africa.com
**NAVRAE:** alex@eco4x4africa.com
"Eco4x4africa" vir fb

**PROGRAM VIR 2023 MET ECO4X4AFRICA – TOEROPERATEUR ALEX SMIT / *BETEKEN VERANDERBARE DATUMS**

| TOERNR. | TOERLAND | BEGINDATUM | ENDDATUM | PRYS PER VOLWASSENE | TOTALE AANTAL DAE |
|---|---|---|---|---|---|
| TOER 1 | NAMIBIË KAOKOLAND | 4 MRT OUTJO | 18 MRT PALMWAG | R8,900pp | 14 Dae Kampeer |
| TOER 2 | BOTSWANA MOREMI/CHOBE | 1 APR ZEERUST | 15 APR KWANOKENG | R14,500pp | 14 Dae Kampeer |
| TOER 3 | SERENGETI SELFBESTUUR | 21 MEI PRETORIA | *30 JUN KASANE | Vanaf USD $3800pp | *35dae+ Kampeer |
| TOER 4 | SERENGETI INVLIEG-RETOER | *6 JUN OR TAMBO | *20 JUN OR TAMBO | Vanaf USD $4750pp | 14 Dae Lodge / Kampeer |

**ALLE TOERE SLUIT IN (1) ONTBYTGRAAN EN (2) AANDETES**

| TOERNR. | TOERLAND | BEGINDATUM | ENDDATUM | PRYS PER VOLWASSENE | TOTALE AANTAL DAE |
|---|---|---|---|---|---|
| TOER 8 | ANGOLA NA KONGORIVIER | 11 AUG ONDANGWA | 25 AUG CALUEQUE | R17,500pp | 14 Dae Lodge / Kampeer |
| TOER 9 | ANGOLA MIL-CUITO | 4 SEP CALUEQUE | 15 SEP ANG GRENS | R7,500pp | 12 Dae Kampeer |
| TOER 10 | LESOTHO MALUTI-BERGE | 7 OKT FOURIESBURG | 14 OKT MASERU | R8,900pp | 7 Dae Lodge / Kampeer |
| TOER 12 | NAMIBIË | 16 DES WINDHOEK | 31 DES WINDHOEK | R9,500pp | 15 Days Kampeer |

Ons aanlyn-winkel lewer landswyd af
voor jou deur of waar jy kamp
https://www.shop.pretoriacaravans.co.za/

Breek weg ...
Jy verdien dit!

PRETORIA
caravans
& OUTDOOR
- SINCE 1968 -

Jou een-stop handelaar vir nuwe of gebruikte karavane, sleepwaens, kamptoerusting en parte



EDGE, SAFARI, Sprite, STEALTH, Gypsey, Gray, TONGA, VAGABOND, Sprite, CARETTA, JURGENS

Tel: 012 329 2259
Karavaan -en sleepwa verkoopsagente:
Jacqui 072 478 5506 Michael-John 060 504 8884
www.pretoriacaravans.co.za
info@pretoriacaravans.co.za
h/vJohan Heyns Rylaan & Jacobs Str.
Gezina, Pretoria

Caravan Fitment Centre

Invoerders van
ENDURO TECHNOLOGY®
Semi & Vol Outomaties
Duitse Tegnologie
Koordlose Afstandbeheer




NUUT
DAK LUGVERSORGING
VANAF EUROPA
12000 BTU, R32 Gas
Wifi Gereed, Warm & Koud
Gewig 35kg

Kontak ons ook vir
Mobiele dienste
Onderstel dienste
Versekeringseise
Ongelukskade
Veselglaswerk
Yskas inbouings
Buite kombuise
Lugversorging
Ombouings
Herstelwerk
Houtvrot
Haelskade



012 944 2487 / 082 575 1924
www.caravanfitmentcentre.co.za
info@caravanfitmentcentre.co.za
Facebook.com/caravanfitmentcentre

Gereed vir anvontuur?




info @wildacc.co.za
083 284 6929
WILD

R21 500 BTW ingesl. (Dubbelkajuit)
R23 800 BTW ingesl. (Ekstra kajuit)
R27 000 BTW ingesl. (Enkelkajuit)
Groter groottes sluit uit Mahindra, Land Cruiser ens.

# SherpaLeisure
*Carrying Loads Lightly*

## Sherpa Tiny en Rough Roader



**Liggewig veselglas-karavane & -sleepwaens**

- Maklik om te sleep
- Pas in gewone motorhuis
- Geen houtverweer
- Doelgebou

NOU BESKIKBAAR
Sherpa Tiny Lite & Sherpa Fibretrail



Rambler



Wanderer

Tel: 011 452-8188 • 082 554 8335 • e-pos: sherpa@telkomsa.net • www.sherpaleisure.co.za
Kontak ons vir 'n handelaar in u area.

# Safe-T-Locksmiths



- Transpondeersleutels gesny
- Sleutelkodering en -programmering
- Rekenaarboks-herstelwerk

Commissionerstraat 307A, Boksburg
083 226 3003 or 011 917 2016

# BATTERY & OUTDOOR KING
*Beste Kwaliteit Heel Beste Diens*

**Ons stel vir u 'n doelgemaakte sonkragpakket saam vir u spesiale sonkragbehoefte!**

DUBBELE BATTERYSTELSELS
Ook litium




Kry dooie batterye aan die gang




MPPT

DC-DC

**Litium "jump starters" vanaf R1,499**

Winkel: Rubensteinrylaan 870, Moreletapark, Pretoria-Oos | Tel: 066 2288 919 / 082 4444 911 | E-pos: jaco@mrek.co.za | www.batteryking.co.za

FB @batteriesking | FB-groep "Battery & Outdoor King" YouTube

RAM Kappie
*Jou Jag en Kamp maat*

# JOU JAG EN KAMP MAAT

4X4-KAPPIE VAN VLEKVRYE STAAL & BYBEHORE



## YSKAS LAAI

- Yskasglyer is gemonteer binne vragbak aan voorkeur-kant van toegang.
- Pangrootte (860 x 525mm)
- Daar is gleuwe in die pan om die yskas maklik vas te maak.



## DUBBELE LAAISTELSEL

- Elke laai kan 2 ammunisiekiste met laeprofieldeksels neem.
- Daar is spasie agter die afskorting vir ekstra items soos toue en batterykabel.



## BAK LAAI

- Vragkapasiteit van omtrent 300kg
- Geposisioneer op die vragbak van die "bakkie".
- Gly agter by die bakkieklap uit.
- Het slotte wat keer dat dit oopgly wanneer jy ry.



## DAK TAFEL

- Binne die RAM-kappie se dak vir maklike toegang en uit die pad.
- Kom ondertoe teen 'n hoek sodat die tafel (ingesluit) kan uitgly.



## AMMO KRAT LAAI

- Kan tot 3 ammunisiekiste neem.
- Geposisioneer aan voorkant van vragbak. Trek uit aan passasierskant van kappie.
- Vragkapasiteit van omtrent 120kg.



## DUBBELE JERRYKANHOUER

- Gemaak van 2mm-weekstaal.
- Epoksibedekking.
- Kan 2x jerrykanne hou (kanne nie ingesluit).
- Het 2x sluitbare knipslotte om jerrykanne in plek te hou.



## GASBOTTELHOUER

- Gemaak van 1.6mm & 2mm weekstaal.
- Epoksibedekking.
- Kan 'n 5kg CADAC-gasbottel neem (gasbottel nie ingesluit).
- Het sluitbare knipslot om gasbottel in plek te hou.



## KONTAK ONS

**Tel:** +27 82 097 1937 / 010 006 5957
**E-pos:** sales@ramkappie.co.za
**Adres:** Dunswart Park, Hoofrifweg, Boksburg

## BESOEK ONS WEBTUISTE

ramkappie.co.za

## VOLG ONS:

@ramkappie




# EERSDAAGS OP DIE RAK!

In *Weg Ry & Sleep* se 4x4-gids 2022 deel ons reiswenke en selfdoen-projekte. Ons wys ook meer as 70 stukke toerusting om 'n doodgewone bakkie te omskep na 'n wafferse kampwa. Beskikbaar vanaf 28 Oktober in jou naaste supermark en boekwinkel.







# OM HIER TE ADVERTEER, KONTAK:

**DANIE NELL**
082 859 0542
danie.nell@media24.com

**SHARLENE SMITH**
083 583 1604
sharlene.smith@media24.com



**BLOKRAAI-OPLOSSING**



WEN 'N NUWE
SUZUKI JIMNY
1.5 GLX ALLGRIP 4X4
Sluit aan by Outdoor Rewards, spandeer R1000 in die winkel of aanlyn & staan 'n kans om 'n nuwe Suzuki Jimny te wen.
B's & V's geld.
SKANDEER DIE QR-KODE OM TE REGISTREER vir belonings of teken aanlyn aan.
Jy kan ook ons vriendelike winkelpersoneel vra om jou by die kassiere te help.
Vir meer inligting besoek ons webwerf by www.outdoorwarehouse.co.za/rewards
Geldig vanaf 13 Okt 2022 tot 19 Jan 2023 | Die wenner word op 1 Februarie 2023 aangekondig.
OUTDOOR WAREHOUSE
vir elke avontuur
31 winkels landswyd
Vir jou naaste tak, skakel 0800 007 261 tolvry
Besoek outdoorwarehouse.co.za om meer uit te vind en aanlyn te koop
OutdoorW
Outdoorwarehouseza


MACLAREN AIR
Vir inligting en pryse kontak | Tel: 011 315 4348 | Epos: maclaren@ust.co.za
2 JAAR VOLLEDIGE VERSKAFFERS-WAARBORG OP ENIGE EENHEID
Maclaren HB9000-onderbank-lugverkoeling vir karavaan/kampeerwa
Stil werkend
Verkoeling & verhitting (hittepomp)
Eenheid ten volle op eie aangedrewe, reg om in te prop
Maklike installasie (dele & patroonplaat ingesl.)
Ideaal vir wiptent-dakkaravane en ander
Liggewig, ideaal vir karavane
Geen lekkasies wat houtverrotting veroorsaak
Eenheid kan met 'n omskakelaar bedryf word
MacLaren Karavaandak-lugversorger
Ingeboude Wi-Fi
Kragstelsel AC 220-240 V/50 Hz
Ontwerp-verkoelingskapasiteit 3500W
Ontwerp-verhittingskapasiteit 3500W
Kraglewering (verkoeking/verhitting) 1300W/1100W
Koelmiddel R410a
Algehele afmetings (mm) 710 W x 253 H x 1035 L
Verpakkingsafmetings (mm) 760 W x 310 H x 1090 L
INDIEN VOLGENS SPESIFIKASIES GEÏNSTALLEER, BELEMMER JY NIE ENIGE VAN DIE WAARBORGE OP JOU KARAVAAN/KAMPEERWA NIE


Silverlakes Caravans
Gedurende die vakansieseisoen is ons dankbaar vir diegene wat ons sukses moontlik gemaak het. Dit is in hierdie gees dat ons dankie sê en beste wense stuur vir die vakansie en Nuwejaar.
ONS KOOP Karavane
Dirk: 072 989 6017
Verkope & Verhurings
Tel: 012- 9441919
950 Lynnwood Road * Willow Glen * Pretoria
INVADER PRETORIA
LEEFEK
STEALTH


BOOXE
CUSTOMISED VEHICLE ACCESSORIES
OORSPRONKLIKE KATTEBAKHOUER TOYOTA FORTUNER
GAP CAPS
KATTEBAKMAT MET VERHEWE LIPRAND
VLOERMAT MET VERHEWE RAND
BUFFERSKERM
PERFEKTE KERSGESKENKE!
GERIEFLIKE BERGINGSOPLOSSINGS & STERK BESKERMINGSMATTE
• Glywerende kattebak-, bak- en vloerrubbermatte vir meer as 115 voertuie
• OORSPRONKLIKE KATTEBAKHOUER vir alle Toyota Fortuners
• BOOXE Gap Caps – vir Toyota Fortuner 2016 – huidige modelle
• Ongelooflike kattebakhouer vir enige voertuig
• Afhaalbare bufferbeskerming
• Voertuigbybehore wat jou lewe makliker, beter en slimmer maak
Vir ons volledige produkreeks gaan na www.booxe.co.za KOOP AANLYN – ONS LEWER DIREK AF
Kantoortel: +27 (0) 87 379 7539 • Sel: +27 (0) 66 176 1522 • E-pos: info@booxe.co.za


OM TE ADVERTEER SKAKEL:
DANIE NELL
082 859 0542
danie.nell@media24.com
SHARLENE SMITH
083 583 1604
sharlene.smith@media24.com


CARAVAN
SERVICES & REPAIRS
Unit 8 Corner North Rand & Elizabeth Rd, Boksburg
082 652 8139
www.caravanrepairs.co.za / info@caravanrepairs.co.za
ONS DOEN VERSEKERINGS- EN PRIVAATWERK
VOOR
NA


ewiks
caravan mover
www.ewiks.co.za
Beweeg jou groot of klein karavaan self sonder moeite deur net 2 skakelaars te gebruik. Dit word deur die karavaanbattery aangedryf en permanent gekoppel om op padbande te ry.
Vir 'n toerustingsentrum of doen-dit-self inligting, kontak asseblief:
Kyle 084 33 00 606 info@ewiks.co.za
10 Jaar
30kg*
MAKLIKE INSTALLERING
Vervaardig in Suid-Afrika
DIY vir slegs R14 200
VAT en vervoer ingesluit
* Standaard stelle, battery uitgesluit, en laaier weeg minder as 30 kg
Forward
LHS
RHS
Backward


GECKO offroad
GEHALTE
WEELDE
EENVOUD
uiterste avonture in uiterste weelde
GECKO XTRME IS 'N STOFDIGTE VEELTERREINKARAVAAN GESKIK OM IN WEELDE DEUR AFRIKA TE REIS. TOEGERUS MET 'N KONINGINGROOTTE BED, BINNESTORT [MET 220V/GASGEYSER], AFSONDERLIKE CHEMIESE TOILET, WARM- EN KOUEWATER-RETIKULERING ASOOK 12V, 220V EN SONKRAGLAAISTELSEL.
BESIGTIG D.M.V. AFSPRAAK
Tel: 015 004 1356
www.gecko-offroad.co.za
info@gecko-offroad.co.za



ADVENTURE TRAILERS
REG VIR 'N NUWE
AVONTUUR
PRODUKTE
Warrior
Warrior Delux
2-slaper Delux (Spartan)
Dinette (Gladiator)
SKAKEL JOU NAASTE HANDELAAR
CAMP WILD AFRICA
082 603 5105
Arum Lilly-weg 8
DuVille Industrial Park
Eenheid 5, Durbanville
Kaapstad
7551
SONPARK CAMPING & LEISURE
013 492 2996
Mystic River-singel 3
Riverside Park
Nelspruit
1200
MOTOR KING & MARINE
012 335 2800
Steve Biko-weg 954
Wonderboom-Suid
Pretoria-Noord
0084
SILVER LAKES CARAVANS
012 944 1919
Lynnwoodweg 950
Equestria
Pretoria
0184
EAST RAND CARAVAN WORLD
011 025 7639
H/V North Rand- &
Elizabeth-weg 157
Beyerspark, Boksburg
1459
AUTO BOUTIQUE
060 529 7803
Stretch-singel 35
Vryheid
KwaZulu-Natal


Paul Kilian 083 626 49 65
info@trolleycompany.co.za • www.trolleycompany.co.za
The Trolley
Jolly Trolly® XL
Gewig 18kg
Vragkapasiteit 100kg
Oop & toe in 2 sekondes
Tipper trailer 4x4
Vragkapasiteit 500kg
Bakgrootte 120cm x 95cm x 30cm
Mule
Gewig 3kg
Vragkapasiteit 50kg
Sitplekkapasiteit 90kg
Hopper
Vragkapasiteit 300kg
Bakgrootte
106cm x 58,5cm x 30cm
Baby Hopper
Vragkapasiteit
200kg
Bakgrootte
97,5cm x 52,5cm
x 22,5cm
Mesh XL
Vragkapasiteit
350kg
Bakgrootte
122cm x 60cm x 31cm
Mesh
Vragkapasiteit
200kg
Bakgrootte 97cm
x 52cm x 25cm


WOONWA-BONANZA
Hier is elke denkbare keuse op een plek. Dit was nog nooit makliker om die regte besluit te neem nie.
Drive Camp Buyers' Guide
250 CARAVANS / WOONWAENS
Ry Sleep Koopgids
Die gids sluit in
• Boswaens, grondpadwaens en tradisionele woonwaens
• 250 modelle – almal plaaslik gebou
• 148 bladsye met meer as 650 foto's
• Sleepvoertuig-gewigte en rybewysvereistes
• 59 vervaardigers en 100+ handelaars
• Pryse en spesifikasies
Prys R120
Beskikbaar by Spar, Woolworths, OK Foods, Shoprite, Checkers en elders.*
* uitgesoekte winkels


Falkson
Tents & Outdoor
Dis jou wêreld. Voel tuis.
falksontents.co.za
Gratis aflewering landswyd
Boogtente
Boogtentverlengings
Raamtente
Safarilodge-tente
Kampbenodigdhede
tel: +27 87 265 8114
www.falksontents.co.za


Weg!
Ry&Sleep
AKKOMMODASIE


THE ONE ON THE BEACH
Scottburgh
CARAVAN PARK
DIE EEN OP DIE STRAND
Scottburgh
KARAVAAN PARK
TOP OORDE
2009-vandag
Caravan and Outdoor Life
• Een kilometer-strandfront
• Rotspoele
• Beskutte swemplek
• Varswater-swembaddens
• Alle staanplekke is hard of met gras
• Strandkothuis gemeubileer
• TV/Video & elektrisiteit op alle staanplekke
LIKE ONS OP
facebook
AANLYNBESPREKINGS NOU BESKIKBAAR BY
www.alloutbookings.co.za
039 976 0291
caravanpark@scottburgh.co.za
www.ScottburghCaravanPark.co.za
KWAZULU-NATAL
SCOTTBURGH


Kameelboomkoelte
Die ideale oornagplek op Askham
in the Kalahari
Kontak ons
Nina 076 991 2561
info@kameelboomkoelte.co.za
www.kameelboomkoelte.co.za
Nuwe selfsorg-eenheid met fantastiese fasiliteite.
NOORD-KAAP
ASKHAM


DUBE
PRIVATE GAME RESERVE
MIDWEEK, SPESIALE AANBOD: KAMP VANAF SONDAG TOT VRYDAG SLEGS 2 PERSONE R800-00
EENHEDE, SPESIALE AANBOD: BLY VANAF SONDAG TOT VRYDAG SLEGS 2 PERSONE R2 700-00
Natuurreservaat in malaria-vrye gebied. Bosveld-atmosfeer – minder as 'n uur van Pretoria en Johannesburg – naby Brits. Selfsorghuise en woonwapark met netjiese ablusieblokke – rolstoelvriendelike badkamer. Staproetes – fietsryroetes – voëlkyk – wildritte – volop wild
• Speelpark • Tafeltennis • "Pool"-tafels • Springmatte • Mini-gholf
• Binnenshuise verhitte swembaddens • Jacuzzi's • Koue swembaddens
• "Lazyriver" • Waterglybane • Wegneemetes
Tel: +27 66 298 5379 / +27 66 298 1664 / +27 73 171 8331 /
+27 82 375 6179 • E-pos: info@dubegame.co.za • www.dubegame.co.za
Bespreek aanlyn: www.alloutbookings.co.za
NOORDWES
BRITS

**Hanlie le Roux** van Ladybrand wen 'n **koelsak ter waarde van R220** vir haar korrekte blokraai in ons Augustus-September 2022-uitgawe. Jy kan ook só 'n nuttige koelsak wen. Stuur 'n foto van jou voltooide blokraai na **rysleep@weg.co.za** – onthou om jou kontakbesonderhede in te sluit. Die vorige oplossing is op bl. 106.




OPGESTEL DEUR **GERDA ENGELBRECHT**

## Wen 'n koelsak ter waarde van R220!

Of jy nou kamp, piekniek hou of langs die krieketveld sit, dié koelsak het onder meer plek vir 'n kosblik én genoeg ruimte vir 'n 1,5 ℓ-koeldrankbottel. Daar is ook nog pakplek in die boonste helfte vir 'n bottel wat die helfte so groot is.

Verder is die binnekant met 'n PVC-laag uitgevoer wat dit maklik maak om die koelsak skoon te hou. Die sak het ook 'n handvatsel wat bo-oor kom en met klitsrits heg, plus 'n skouerband as jy te min hande het.
**winkel.weg.co.za**



Kleur dié prent in



**KLEUR IN**
Kry die vetkryt en inkleurpotlode gereed en gee lewe aan die voël.

**WOORDSOEK**
Soek die woorde op die lysie en merk hulle af.

**SOEK DIE VERSKILLE**
Daar is minstens tien verskille tussen die twee sketse. Kyk of jy hulle almal kan kry!

**DOOLHOF**
Wys die doolhof wie's baas. Onthou om eers 'n potlood te gebruik – ingeval jy 'n fout begaan.

## Woordsoek

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| M | T | U | A | V | N | I | J | M | Z | O | B | V | G | M | Y | W | G | V | X | H | C |
| B | C | W | O | L | J | U | N | B | P | V | X | P | J | Y | V | Q | E | H | W | N | T |
| X | X | I | I | O | S | Q | J | P | H | C | I | V | I | U | J | K | L | X | K | C | O |
| L | Q | M | M | T | L | P | I | A | G | L | B | Y | A | L | Q | Q | I | O | A | G | W |
| K | D | T | O | S | T | Q | R | C | X | G | R | D | S | L | B | J | G | S | W | O | Q |
| P | I | N | T | E | R | E | S | T | L | O | Z | B | I | E | B | B | O | E | Y | O | H |
| B | V | Y | Z | U | Q | T | R | R | P | O | L | J | J | H | U | G | I | L | R | G | H |
| A | N | A | J | L | T | U | F | Z | R | G | U | D | X | E | E | U | Z | E | X | L | Y |
| F | A | C | E | B | O | O | K | C | Q | L | N | D | F | L | O | Z | G | A | G | E | V |
| U | F | N | H | V | A | A | Y | R | V | E | F | G | M | M | H | N | V | H | F | P | B |
| L | C | M | W | F | H | L | D | S | D | M | S | H | A | R | E | I | T | H | R | L | Q |
| Y | Y | B | M | N | S | I | B | D | B | A | Z | D | H | S | R | P | G | U | I | U | F |
| J | P | R | R | G | G | Y | T | E | L | P | V | K | S | M | S | E | O | R | O | S | Z |
| K | B | O | N | O | T | O | W | J | Q | S | F | E | G | F | L | K | O | P | I | G | H |
| K | D | W | N | O | W | F | O | K | D | W | M | B | K | I | U | M | G | A | H | Y | P |
| P | Z | X | I | G | X | S | O | G | G | P | A | K | B | L | Z | B | L | A | H | G | T |
| O | P | Z | T | L | G | W | E | H | L | Y | X | O | I | T | K | T | E | D | T | E | N |
| G | O | B | D | E | N | W | M | R | E | E | M | N | S | P | A | A | S | R | J | U | N |
| E | V | G | D | P | Y | M | L | Y | K | N | P | N | U | P | C | M | E | S | K | C | L |
| O | U | T | F | L | A | N | X | K | O | H | B | A | E | U | C | P | A | O | I | V | J |
| I | S | K | U | A | G | V | I | Z | F | O | F | C | Y | T | E | K | R | Y | U | F | F |
| U | N | I | G | Y | J | E | A | P | T | S | O | D | K | L | F | Q | C | P | K | O | Y |
| T | L | S | X | G | G | M | P | G | M | G | B | G | R | G | X | L | H | L | S | K | M |
| M | K | M | T | B | A | A | U | B | U | B | Y | G | J | L | D | Z | I | L | N | R | N |
| G | D | N | V | A | S | O | U | R | V | F | O | Q | O | X | P | U | D | X | A | H | V |
| M | M | P | Q | T | G | P | S | V | X | J | U | O | R | F | Q | H | J | V | P | T | W |
| A | A | D | A | O | P | R | I | R | X | F | T | O | M | Q | Q | E | J | N | C | Q | N |
| I | R | H | V | H | Z | E | A | I | V | X | U | H | P | L | L | A | W | D | H | G | N |
| L | W | D | Q | Q | G | X | S | M | I | N | B | O | V | E | Q | J | A | T | A | N | B |
| S | C | M | W | P | D | X | F | V | D | N | E | V | J | R | T | M | X | X | T | R | A |

**GEWILDE APPS**

| | | |
|---|---|---|
| Amazon Mobile | Google Plus | SHAREit |
| Bitmoji | Google Search | Snapchat |
| Facebook | iCloud | Twitter |
| Gmail | Instagram | Uber |
| Google Maps | Netflix app | WhatsApp |
| Google Play | Pinterest | YouTube |

## Soek die verskille



## Doolhof



## Dierefeite



**JAGLUIPERD** *(ACINONYX JUBATUS)*

- Bykans alles wilde jagluiperds (*cheetahs*) – tussen 9 000 en 12 000 – kom in Afrika suid van die Sahara voor, hoewel daar ook 'n klompie in die noordooste van Iran voorkom.
- Hulle word tussen 1,1 m en 1,4 m lank, met 'n stert wat 65-80 cm lank is.
- Hulle weeg tussen 34 kg en 54 kg, maar die mannetjies is effens swaarder.
- Dit is die vinnigste landdier op aarde wat 'n spoed van 112 km/h binne net 3 s haal. Dit verg egter hope energie, en daarom kan hulle net vir 200-300 m so vinnig hardloop.
- Jagluiperds is karnivore.
- Die wyfies skenk gewoonlik die lewe aan tussen twee en agt welpies op 'n slag.

# Kyk die kat uit die boom

Enigiemand wat dit oorweeg om ’n oorlandreis saam met ’n toeroperateur te onderneem moet soveel as moontlik navorsing doen oor die maatskappy of mense wat jy oorweeg, sê **Mic van Zyl.**



Terwyl ek hier skryf, sit ek in die noorde van Botswana en wag dat die die res van ons toergroep opdaag. Ek gaan vir die volgende klompie dae saam met hulle tot in Zambië toer, en dit beloof om ’n epiese oorlandsreis te wees.

Dit is die eerste keer dat ek in ’n georganiseerde toer saam met ’n klomp vreemdelinge reis. Hopelik is hulle goeie vriende wanneer die tyd aanbreek om terug te keer huis toe. Ons toeroperateur is een van ons handelsnaamambassadeurs en een van die bestes in die land wat betref georganiseerde toere. Ek wag al langer as ’n jaar vir hierdie geleentheid en die afwagting is enorm.

Dit gaan lekker wees om vir ’n verandering die een te wees wat gepamperlang word en nie bekommerd hoef te wees oor kampplekbesprekings en ander logistieke reëlings wat met ’n oorlandreis die boendoes in gepaardgaan nie. Ek gaan dus net daarop fokus om die natuur te geniet en my ietwat amateuragtige fotografievernuf te slyp. Ek het natuurlik heelwat tyd daaraan bestee om seker te maak my voertuig en kamptoerusting is in ’n goeie toestand. Ek wil nie enigiets aan die toeval oorlaat nie.

**Ek voel heel ontspanne** oor die besigheid, veral in die wete dat ek in goeie hande is terwyl ons al hoe verder van die beskawing af reis. Dit het my laat dink aan die baie stories wat ek al gehoor het van klante wat op soortgelyke toere was, maar die fout gemaak het om die dienste van ongeakkrediteerde toeroperateurs te gebruik.

Hoewel dit nie ’n waarborg is dat dinge sleg gaan verloop nie, verhoog dit beslis die kans op teleurstelling – en in sommige gevalle duur rampe.

Toeroperateurs vir 4x4-oorlandreise val onder ’n spesifieke klassifikasie vir avontuurgidse en dit dek onder meer kajakvaart, abseil, staptoere, bergfietsry, perdryritte, oorlandreise en safari’s.

Om ’n geakkrediteerde oorlandreis- en safarigids te word moet jy ’n reeks kwalifikasies verwerf. Eerstens moet jy as ’n avontuurbestemmingsgids kwalifiseer; dan moet jy die US 254135-4x4-bestuurderkursus voltooi én ’n kwalifikasie in noodhulp verwerf (verkieslik graad 3). Wanneer jy al die akkreditasies behaal het, moet jy registreer by die toerismeregistrateur in die provinsie waar jy woon.

Jy kan dan wel reg oor Suid-Afrika werk, maar as jy toere na enige buurland wil reël, moet jy om ’n werkpermit aansoek doen in die betrokke land.

**Dis nogal ’n storie** – en met goeie rede. Dit verg enorme verantwoordelikheid en risiko om ’n groep mense op reis te neem. En hoe verder van die beskawing jy reis, hoe groter raak die risiko, veral wat noodhulp betref.

Daar is heelwat ander vermoëns wat ’n toeroperateur in sy arsenaal moet hê. ’n Goeie kennis van voertuigmeganika is altyd ’n goeie ding, want motors raak onklaar – gewoonlik as ’n mens dit die minste verwag. Dit kan jou toer erg bederf. Mediese noodgevalle is nog iets wat in die verkeerde hande ’n saak van lewe en dood kan word.

Ek voel dus sterk dat enigiemand wat dit oorweeg om ’n oorlandreis saam met ’n toeroperateur te onderneem, soveel as moontlik navorsing doen oor die maatskappy of mense wat jy oorweeg om te gebruik. Onthou, dis nie net jou swaarverdiende geld wat jy in hulle hande plaas nie, maar ook jou ryding én jou gesin se welstand.

Oorlandsreise is veronderstel om lekker te wees – en ’n lewenservaring wat by jou nét goeie herinneringe laat.


DStv
Premium
Sink? Of Swem? Ontdek die drama
van 'n splinternuwe telenovelle
DIEPE WATERS
Eksklusief op kykNET
Ma. - Do. 18:30
kykNET
Kanaal 144
@kykNETtv
www.kykNET.tv

# Leer uit die verlede

Die kampbedryf se toekoms lyk rooskleurig, maar 'n mens moet aanhou leer uit die lesse van die verlede, sê **Neels van Heerden.**



Winston Churchill het glo gesê hoe verder jy in die toekoms wil sien, hoe verder moet jy in die verlede terugkyk. Ek glo die toekoms van die kampbedryf lyk beslis rooskleurig, en daarom moet ons erkenning gee aan prominente belanghebbendes uit die verlede wie se nalatenskap steeds 'n bydrae tot die hede en die toekoms van die bedryf maak.

Dirk en Rieks Jurgens, Wildrich Groenewald, Robbie Kerkhof en Michael Delport verdien almal erkenning vir die bydrae wat hulle gemaak het om ons kampbedryf uit te bou, veral aan die vervaardigingskant.

In 1952 het die Jurgense se eerste woonwa, die Bokkie, die lig gesien in hulle fabriek in Germiston. In 1958 het Caravans International (Ci) die Suid-Afrikaanse mark betree – destyds nog mededinging vir Jurgens. Een van die bekendste Sprites van alle tye, die Alpine, is in 1960 bekend gestel. Jurgens se sterk en lojale handelaarsnetwerk, met sy gepaardgaande verbeterde woonwa-ontwerp, het Ci International in 1994 erg begin knou.

Ander luukse woonwaens soos WJ Pzazz, Gazelle en Wilk het wel geringe mededinging aan Jurgens gebied. Michael Delport koop toe vir Ci oor en Jurgens Ci sien die lig. Die vervaardiger het onlangs egter van die een terugslag na die ander gesteier en moes sy aanleg in Ga-Rankuwa sluit.

Ek meen dit is belangrik dat die geskiedenis van huishoudelike handelsmerke soos Jurgens, Sprite, Gypsey en Wilk breedvoeriger geboekstaaf moet word.

**Onlangs het een** van die nuwer geslag vervaardigers die verblydende nuus aangekondig dat hy die regte bekom het om van die bekendste handelsmerke amptelik te bemark en onderdele beskikbaar te stel.

Robbie Kerkhof het die legendariese Gazelle gebou en deesdae is sy familie betrokke by die bou van die baie gewilde Skipper-tentsleepwa.

Gazelle het elke liewe Kerkhof-model met die hand vervaardig. Robbie se belangstelling in woonwaens is al geprikkel toe hy as 14-jarige gereeld by Jurgens Bodies and Caravans in Germiston gaan inloer het.

Hy skep toe 'n sleeptuigie wat hy aan sy fiets gehaak en volgepak het met goeters om piekniek te gaan hou. Robbie het ook vroeër jare die Touring Camper en Touraway gebou.

Wildrich Groenewald het WJ Ryhuise en die Pzazz ontwerp en gebou. Sover my kennis strek, is daar net twee Pzazz-modelle met enkelasse op e-Natis geregistreer. Die dubbelas-Pzazz is baie gesog, maar die driedubbele-as is in 'n klas van sy eie.

Fakkeldraers in mediakringe verdien ook 'n pluimpie. Hier dink ek veral aan Bun Booyens en Naomi Herselman wat 'n groot rol gespeel het in die besluit om *WegSleep* bekend te stel. Zigi Ekron, die eerste redakteur, en al diegene ná hom verdien ook lof.

**Dit was egter nie net** in die Media24-stal nie. 'n Klompie ander strydrosse het ook op hulle eie unieke manier die kampbedryf se belange op die hart gedra, soos Hans Koekemoer en Hennie Maas wat oor die radio lugtyd hieraan afgestaan het.

Willie Bromehead en sy seun, Gonnie, het stergradering onder die publiek se aandag gebring en ook die heel eerste internetforum met 'n kamptema geskep. Dan was daar natuurlik ander publikasies ook wat deel van die kamplandskap geword het.

As jy my vra, is die eerste uitgawe van al hierdie kamptydskrifte versamelaarsitems. Daar was selfs 'n paar waarvan net een uitgawe die drukpers gehaal het voor dit weer in die niet verdwyn het.

Ek hoop tog daar is iemand wat bereid is om 'n webwerf te skep waar ons alle skrywes oor die ontwikkeling van die woonwabedryf – en sommer ook al die tydskrifte wat verdwyn het – in digitale formaat kan bewaar.

First Choice

# Ons is Suid-Afrikaners. En ons is lief vir die buitelug!

## First Choice Power Cup & Vanielje–gegeurde Vla is die ideale peuselhappie & nagereg vir somervakansies:

**Ideaal vir kampe** | Lang raklewe - geen verkoeling nodig
**Bosveld, bakkie of branders** | Geniet dit enige tyd, enige plek

Beskikbaar aanlyn te shopfirstchoice.co.za & Supermarkte landswyd.
First Choice produkte is gemaak met melk wat geproduseer word deur Suid-Afrikaanse Melkboere.

Vind meer uit




# Ons eie Lalele

'n Mens doen soms simpel dinge as jy jonk is – die feit dat hy nog al tien sy vingers en tone het, kan nie aldag toegeskryf word aan sy eie gesonde oordeel nie, sê **Zigi Ekron**.

Vroeg in die laaste dekade van die vorige millennium bevind ek my in Mbombela. Dit het toe nog Nelspruit geheet en was die tuiste van onder meer 'n sokkerspan genaamd Dangerous Darkies, wat toe nog in die nasionale liga gespeel het. Dit was ook die hoofkwartier van die Kommandement Oos-Transvaal waar ek in daardie stadium diensplig gedoen het. Geografies gesproke was daar net enkele weermagbasisse binne die landsgrense wat verder weg was van my grootwordhuis in die Boland – ook as dit by fauna en flora kom.

Waar ek grootgeword het, was die enigste "wild" wat jy in jou daaglikse handel en wandel sou teëkom, moontlik 'n eekhoring in die hoofstraat of 'n dassie op die berg se voetpaadjies. Om op die Krugerwildtuin se drumpel te wees was dus 'n ongekende avontuur vir my.

As ekstra bonus was ons nie beperk tot 'n vaal kamp met wagtorings en slegte kos nie. Ons het dikwels met die omgewing se vrugteboere te doen gekry en hulle het ons oorlaai met vars piesangs, lietsjies, lemoene, neute en dies meer. Hulle het ook sonder skroom aangebied dat ons op hulle plase kan oorbly wanneer ons in die veld moes werk.

**Só gebeur dit** dat ek en drie kollegas per geleentheid in 'n seiltentjie oornag neffens 'n piesangplantasie op 'n plaas langs die Komatirivier. Toe ek teen ligdag die tent ooprits met my handhoek oor my skouer, kom die wyser en gryser een van die drie so half regop op sy elmboog en vra: "En waar gaan jy nou?"

"Rivier toe, om te was," antwoord ek.

"Jy weet daar's



krokodille in die rivier, nè? Kyk net waar jy trap," brom hy voor hy sy slaapsak regtrek en verder snork. Ek was toe maar my gesig met water uit 'n kan en steek die koffievuurtjie aan.

**'n Paar maande daarna** besluit ek en 'n paar vriende om een van die ander boere se uitnodiging te aanvaar en vir die naweek saam met ons meisies te gaan uitspan op die private kamplekkie op sy plaas – reg langs die einste rivier.

Ons het nie juis kamptoerusting nie en oortuig 'n stoorman om vir ons 'n groot ou weermagtent te leen in ruil vir 'n paar pakkies sigarette en 'n belofte om hom aan iemand se suster voor te stel. Dit is een van daai groot groen gedoentes met meer pale en toue as op 'n Voortrekker-saamtrek – en 'n enkele middelpaal wat die nok in die lug moet hou.

By die kampplek verduidelik Nico, die boer, mooi waar ons kan opslaan en noem so half terloops dat ons ons oë moet oophou vir krokodille. Nico, 'n kranige tiervishengelaar, het 'n week of wat tevore die voorblad van die plaaslike koerant gehaal ná 'n onderonsie met een so 'n kalant.

Hy en 'n vriend het op 'n keerwal gestaan en lyn natmaak toe Ta sy vriend aan die onderbeen beetkry en die water in sleep. Elke keer as die krokodil gedraai het om sy prooi te versuip, het Nico sy sagte pensevelle met klippe bestook tot hy laat los. Die vriend het oorleef, maar wel sy been verloor.

Daarna het Nico 'n paar vanghokke aangebring. Hy gaan wys vir ons die naaste een, minder as 100 m stroomaf.

Maar dit is die seekoeie wat ons volle aandag geniet: 'n Groep van vyf, ses van hulle het in die middel van die rivier stelling ingeneem. Vier grotes het die kleintjies omsingel en elkeen met sy neus in 'n ander windrigting gaan lê om ons te bespied. Daar is geen heining of versperring tussen ons en hulle nie, maar dis asof daar 'n instinktiewe ooreenkoms is: As almal mekaar uitlos, sal die naweek vlot verloop.

**Met 'n bietjie moeite** maak ons die tent staan op die oop kol wat Nico tussen die ruigtes op die rivierwal skoongemaak het, en teen skemertyd lag en gesels ons om die vuur wat in die braaidrom knetter.

Dis al stikdonker toe ons gaan inkruip. Maar dit is toe ook die tyd wat die seekoeie besluit ons het nou lank genoeg hulle weiplek beset. Ons is skaars in die tent toe hoor ons die sagte "grrrrts... grrrts" van lippe op die kampplek se sagte groen gras.

Ons slaap aanvanklik maar lig, veral my vriend Hannes se meisie, Thalita. Rondom middernag pla haar senuwees te veel. "Liefie," fluister sy vir Hannes. "Liefie, skuif 'n bietjie op. Ek wil nie so naby aan die deur lê nie. Netnou kom die seekoei hier in en trap op ons."

Hannes se logiese maar ondeurdagte antwoord is dat seekoeie nie bekend is daarvoor dat hulle die konsep van 'n deur begryp nie. As hulle sou besluit om hulleself tot binne in die tent te nooi, gaan hulle nie eers soek vir die laaste tentflap wat ons vasgemaak het nie.

Met sonop is die seekoeie terug in die water en ons kuier lustig voort. Ons speel selfs 'n bietjie "touchies", tot ek die bal per ongeluk in die water skop. Aanvanklik dobber hy net buite ons bereik op die water en ons probeer die ding met 'n lang tak nader hark, maar sonder welslae. Trouens, dit het die teenoorgestelde uitwerking en die bal dryf nog 'n meter of twee weg. Ek skat die water is seker kniediep daar waar die bal dryf; of dalk halflyf op die diepste.

Lank gelede het ek iewers gelees seekoeie kan 'n spoed van ongeveer 8 km/h bereik in die water, maar tot 30 km/h op land. Met ons "kuiergaste" ongeveer 200 m stroomop in die water gee dit my dus rofweg 'n minuut om in die water te spring en Pottie se rugbybal te red. "Hou vas my plakkies; ek gaan gou die bal haal," verklaar ek, asof ek op die punt is om iemand se chihuahua uit die puin van 'n brandende woonstelgebou te red.

"Is jy van jou kop af?" is Hannes se enigste kommentaar. Ek verduidelik my berekeninge oor die seekoeie, maar oortuig niemand nie, nie eens vir Pottie nie. "En wat van die krokodille?" vra hy. "Man, watter krokodille? Sien jy dalk krokodille?! Ek sien nie 'n enkele krokodil nie," hap ek terug. Vir 'n oomblik is almal stil, asof ek 'n groot waarheid gespreek het – tot Pottie die gesprek en my hele plan met 'n onverwagse literêre verwysing tot 'n einde bring. "Ja-nee, Mabalel het ook nie die krokodil gesien nie..."

Daar staan ons toe op die oewer van die Komatirivier en kyk hoe Pottie se Super Springbok-rugbybal al verder wegdryf, Maputo toe.

**Dit was asof** almal se geesdrif vir kamp saam met daardie bal weggedryf het, en die aand is dit nie heeltemal se jolig soos voorheen om die kampvuur nie.

Met die oppakslag die volgende dag gaan dinge maar traag onder die bloedige son, tot 'n skril gilletjie almal se aandag gryp. Thalita kom van 'n entjie stroomaf aangestap met oë so groot soos pierings.

Ons probeer vergeefs uitvis wat gebeur het. "Het jy nou weer 'n koggelmander gesien?" spot Hannes. "Kom kyk, kom kyk," is al wat sy uitkry. Daar waar Nico sy vanghok vir die krokodil gestel het, lê hy toe. Ons eie Lalele – al 390 kg van hom, 3,5 m van sy snoet tot by sy stert (volgens die man van Natuurbewaring wat hom later kom haal het).

Die vanghok is flenters, maar tog kon hy hom nie daaruit loswikkel nie. Thalita, een van die sagmoedigste en ordentlikste mense wat ek al teëgekom het, draai stil om en kyk Hannes stip in die oë terwyl sy na die krokodil beduie. "Liefie," sê sy. "Daai... daai, né... daai is nie 'n verdomde koggelmander nie!"

Ek het niks gesê nie. Ek het net Maandag vir Pottie 'n nuwe rugbybal gaan koop.

"Daar staan ons toe op die oewer van die Komatirivier en kyk hoe Pottie se Super Springbok-rugbybal al verder wegdryf, Maputo toe."






# Afrika se lekkerste Landie?

Sy liefde vir Land Rovers het in 1997 begin op 'n 4x4-kursus in die Oos-Kaap. Sedertdien het **Johan de Villiers** van Kaapstad talle Landies besit, maar die jongste een is sy beste.

Teks **Cyril Klopper** Foto's **Peet Mocke**




Johan het sy Land Rover Defender – die dubbelkajuit-bakkieweergawe – op Gumtree raakgeloop en hom op George gaan haal.

Die Landie het in daardie stadium al 'n paar ligte modifikasies gehad, maar Johan sou sy Landie mettertyd in 'n hoërgraadryding omskep.

Johan het juis die dubbelkajuitbakkie gesoek, want volgens hom wou hy nie lyk soos 'n outoppie in 'n doodgewone Landie-stasiewa nie. Hy wou iets hê wat kon meeding met die voorkoms van 'n omgeboude Jeep Wrangler én 'n bekwame veldryvoertuig is. Sy Defender het meer as 60 000 km afgelê in lande soos Namibië (waaronder Van Zylspas), Botswana, Zimbabwe, Mosambiek, Malawi en Zambië.

Die rede waarom Johan sy Landie oranje laat spuitverf het, is omdat hy 'n danige veldfietsryer is en sy gunstelinghandelsmerk is KTM. Die Landie trek baie aandag en was al op die voorblad van die Britse publikasie, *Land Rover Monthly*. Johan sê dis die eerste Suid-Afrikaanse viertrekvoertuig wat 'n oorsese voorblad gehaal het.

Johan se raad aan iemand wat so 'n projek wil aandurf, is dat jy nie die ombouing stap vir stap moet doen nie. Volgens hom is dit beter om genoeg geld te spaar en alles op een slag aan te pak. Dit help as jy die elektriese bedrading eensklaps regkry en daar nie probleme opduik met toestelle wat met mekaar meeding nie. Hy vergelyk dit met 'n huis wat eerder in een slag opgaan teenoor 'n huis wat kamer vir kamer gebou word oor etlike jare – laasgenoemde metode werk net nooit lekker nie.

Johan se Landie weeg 'n raps onder 3 t met al sy kamptoerusting aan boord. Die Landie dra 50 ℓ water, 160 ℓ diesel en 'n 60 ℓ-Engel-ys-vrieskas. Johan het teen ekstra ewenaarslotte besluit want hy wou nie 'n ekstreme 4x4-monster bou nie, maar eerder 'n betroubare en opwindende toervoertuig. Johan sê hy het al té veel gesukkel met ewenaarslotte wat breek. Dis ook beter om standaardonderdele te gebruik, want hulle is vrylik beskikbaar vergeleke met gespesialiseerde onderdele wat bestel moet word – iets wat 'n tameletjie kan wees terwyl jy in die middel van nêrens sit.

Dit is om hierdie rede dat Johan se Landie op gewone 16"-vellings ry ('n gewilde grootte) met Maxxis Razr MT-bande.







Het jy iewers dalk 'n seldsame sleepsel of ryding raakgeloop? Vertel ons daarvan en stuur vir ons 'n foto na **rysleep@weg.co.za**




**World's Best Metal Detection Technologies**

MINELAB SUID AFRIKA
304 Zambesi rylaan
Sinoville
Pretoria
+27(0)12 543 0198
info@minelab.co.za
www.minelab.co.za

MINELAB
METAL DETECTORS
PERFORMANCE // IS EVERYTHING




QUANTUM LEISURE

Caravan Manufacturers

# PLAASLIKE VERVAARDIGER VAN LUUKSE KARAVANE




**LANDWYD BESKIKBAAR BY EEN VAN ONS HANDELAARS**

Kempton Caravans • 011 974 5595
GC Caravans Witbank • 013 697 5121
Natal Caravan & Marine • 031 702 7291
Middelburg Karavane • 013 243 5060
Quantum Caravan World Cape Town • 071 583 3669

www.quantumleisure.co.za


Sunel
Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😄
#47
KOS OLYWE VIR GESONDE KAMPLYWE BL. 100
Weg! Ry&Sleep
WegRy&SleepFeb/Mar22
PDF
Johan
Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 🤩
Sunel
Wie gee om? Stuur dit net aan.
DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N MISDAAD
MOENIE STEEL NIE
AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM
MEDIA24